Dr H F Verwoerd

die Republikein

Hoofartikels uit Die Transvaler 1937-1948

Saamgestel deur prof. dr. O. Geyser

Tafelberg

Hierdie keur uit dr. H. F. Verwoerd se hoofartikels in *Die Transvaler* van 1937 tot 1948 rondom die volk se republikeinse strewe, is veel meer as joernalistieke betoë. 'n Mens kry hier te doen met 'n akademikus wat nie sy wetenskaplike benadering en indringende analitiese inslag agtergelaat het toe hy koerantredakteur van 'n dagblad geword het nie. Juis hieraan moet die hoogstaande gehalte van die hoofartikels toegeskryf word.

Vanaf die heel eerste uitgawe het dr. Verwoerd *Die Transvaler* in diens van die republikeinse ideaal gestel en sy hoofartikels gerig op die verbreking van die bande wat die Unie van Suid-Afrika nog steeds met Brittanje gebind het. Hy het gewys op die heel beperkte vryheid van optrede wat daar vir die Unie was selfs ná die Statuut van Westminster.

Een van die fasette binne hierdie belangrike onderwerp is dr. Verwoerd se persoonlike konsepsie van hoe 'n republikeinse staatsvorm sou moes uitsien, en te vergelyk hoe dit verskil van wat ná 1961 werklikheid geword het. Dit is noodsaaklik om hierdie verkennende, wegbereidende argumente en pleitstukke te lees en so 'n beter begrip te kry van *Dr. H. F. Verwoerd die Republikein* se gedagtestruktuur.

Die saak van nasionalisme is ewig en sy ideale 'n onuitwisbare vlam . . .
Dr. H. F. Verwoerd

Dr. H. F. Verwoerd die Republikein

Hoofartikels uit Die Transvaler
1937-1948
Saamgestel deur prof. dr. O. Geyser

Vir die Instituut vir Eietydse
Geskiedenis, U.O.V.S.
uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers

Publikasiereeks van INEG:
C-reeks
Dokumente-Publikasies

Tafelberg-Uitgewers Beperk,
Kaapstad en Johannesburg
Kopiereg © 1972 Inleiding: prof. dr. O. Geyser, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S.
Verlof vir die opname van hoofartikels uit *Die Transvaler* is goedgunstiglik verleen deur Voortrekkerpers Beperk.
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of gebruik word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, insluitende fotokopiëring of die maak van mikrofiches, plaat- of bandopname of deur inligtingsbewaring en ontsluitingstelsel sonder skriftelike verlof van die uitgewer nie.

Eerste druk 1972
ISBN 0 624 00331 0

Inhoud

Dr. H. F. Verwoerd as redakteur van *Die Transvaler*, 1937-1948 1

1. „Ons vir jou Suid-Afrika" 7
2. Die weg van nasionalisme 7
3. Twee Ministers 8
4. Vriendskap te midde van verskille 9
5. Selfstandigheidstrewe in Kanada 11
6. Kanada en die Geheime Raad 12
7. Voorvegters van die demokrasie 13
8. Waarom Engeland rykseenheid begeer 14
9. Die verborge toekoms 16
10. Wat beteken dié geheime organisasie? 18
11. Plegtigheid in plaas van vertoon 21
12. Die Unie en die buiteland 22
13. „Buy British" 24
14. Dit noem hulle onafhanklikheid 24
15. 'n Wekroep 25
16. Die Unie en Rhodesië 26
17. Hoe ons handel ly 28
18. „Die hele Britse Ryk" 29
19. Die strewe na eenheid 30
20. Afrikaner en Engelsman 32
21. Ons en Engeland 35
22. Engeland se melkkoei 35
23. Republikeinse strewe 37
24. Die diensmaag van Brittanje 39
25. Is dit vryheid? 40
26. Genl. Hertzog en die republiek 41
27. Geen kompromis nie 44
28. Die anti-republikein 45
29. Die nasionale standpunt 47
30. Die toekomsstaat 50
31. Vervolg oor toekomsstaat 53
32. 'n Les uit die verlede 56
33. Rigting duidelik aangewys 58
34. Die pad na oorwinning 59

35. So kan die republiek wees 62
36. Die kongres en daarna 67
37. Afrikaner-eenheid 69
38. Alles kan bereik word 70
39. Dr. Malan se voorstel 71
40. Sy wêreld stort ineen 74
41. Betekenis van aanvalle op republikanisme 76
42. Kaal daarvan afkom 78
43. Nasionalisme bepaal die koers 80
44. Die republiek as doel 83
45. Geknaag aan republikeinse ideaal 86
46. Ekonomiese hindernisse noodsaak republiek 89
47. Kanada se voorbeeld 91
48. Die republiek en die verkiesing 92
49. Slaafse onderworpenheid 94
50. Swak argumente teen republiek 95
51. Sluwe set teen vryheidstrewe 97
52. Vryheidstrewe reg en nodig 98

Voorwoord

Die hoofartikels in *Die Transvaler* wat in hierdie publikasie opgeneem is, is deur dr. H. F. Verwoerd tussen die jare 1937-1948 geskryf. Dié artikels, deurgaans fyn beredeneerd en goed gefundeer, is geskryf in die proses waartydens die republikeinse ideaal op 'n heel besondere wyse aan die Afrikanervolk voorgehou is. Die leser kry hier te doen met 'n akademikus wat, toe hy tot die joernalistiek toegetree het, nie sy wetenskaplike benadering en indringende analitiese inslag agtergelaat het nie. Juis hieraan moet die hoogstaande gehalte van die hoofartikels toegeskryf word. Kenmerkend is die diepte en insig wat daaruit voortspruit en dit kan in die volste sin van die woord as boustene in die republikeinse muur beskou word.

Aangesien daar oor die bestek van bykans tien jaar 'n groot aantal hoofartikels uit die pen van dr. Verwoerd verskyn het, moes uit die aard van die saak besonder selektief te werk gegaan word ten einde te voorkom dat die publikasie te lywig word. Daar moes selfs ook seleksie ten opsigte van die republikeinse hoofartikels toegepas word.

Ek wil my dank uitspreek aan dr. G. D. Scholtz, 'n voormalige Hoofredakteur van *Die Transvaler*, wat behulpsaam was met die identifisering van sekere van die hoofartikels.

O. Geyser
Bloemfontein
23 Maart 1972

Dr. H.F. Verwoerd as redakteur van Die Transvaler, 1937-1948

Die verskyning van *Die Transvaler* op 1 Oktober 1937 het gestaan in die teken van 'n onmoontlikheid wat 'n werklikheid geword het. „Hierdie is 'n groot dag," het dr. D. F. Malan, hoofleier van die Nasionale Party gesê, „dit is nie net 'n groot dag vir die Nasionale Party van Transvaal en vir die Nasionale Party as geheel nie, maar dit is ook 'n groot dag vir die volk van Suid-Afrika."[1]

Die besluit om 'n koerant met 'n suiwer Afrikaanse karakter in Johannesburg te stig, is voorafgegaan deur lang, indringende besinning en fyn beplanning. Dit was in daardie stadium duidelik dat daar geen deel van die land is waar so 'n konsentrasie van die Afrikanerbevolking is as juis op die Rand nie. Die Afrikaner op die Rand het 'n groot stryd gehad om te stry. Die beskikbare onderwysfasiliteite het ver te kort geskiet. Ten einde hulle die kans te gee om op ekonomiese gebied sukses te behaal, het die Afrikaners hul kinders maar na Engelsmediumskole gestuur, waar baie van hulle uit die aard van die saak heeltemal verengels het. Ds. Wm. Nicol het in 1942 by geleentheid van die mondigwording van die Hoërskool Helpmekaar tereg verklaar dat daar 'n geslag Afrikaners in Johannesburg verlore gegaan het. Sonder twyfel sou die stryd van die Afrikanerdom van Suid-Afrika aan die Witwatersrand gewen of verloor word. Dit was 'n toestand wat van Afrikanerkant ernstige aandag sou moes geniet.

Met die splitsing wat daar in die geledere van die Nasionale Party met samesmelting ontstaan het, het dit duidelik geword dat Transvaal in 'n minder gunstige posisie beland het aangesien, in teenstelling met Kaapland en die Vrystaat, daar geen Afrikaanse dagblad was wat die saak van die Nasionale Party kon verdedig en kon propageer nie. Dit sou 'n onbegonne taak wees om Transvaal met koerante vanuit Bloemfontein of Kaapstad te bedien.

Ten einde oor hierdie situasie in die noorde deeglik te besin, het daar op Maandag, 30 September 1935, verskeie vooraanstaande Afrikaners in die *Uitspan* op Stellenbosch vergader, waar onder dr. D. F. Malan, sen. W. A. Hofmeyr, adv. J. H. H. de Waal, mnr. P. O. Sauer, dr. C. D. van der Merwe en dr. W. A. Joubert. Sen. Hofmeyr is as voorsitter gekies en mnr. H. J. Otto as sekretaris.

1. *Die Transvaler*, 1 Oktober 1937, p. 9.

Etlike kere reeds is daar deur vriende uit Transvaal op die Afrikaners in die suide 'n beroep gedoen om behulpsaam te wees met die stigting van 'n Afrikaanse koerant wat spesifiek die spreekbuis van die Afrikaners in Transvaal en aan die Witwatersrand kon wees. Die gevoel was sterk dat Kaapland geroepe is om ook in hierdie opsig leiding te gee en met die oog daarop is die byeenkoms destyds in die *Uitspan* belê. Moontlik sou daar weer op Stellenbosch, soos dit die geval in 1914 was, 'n grootse beweging gebore word.

Die ideale en die entoesiasme was daar, maar die gebrek aan finansies was 'n groot struikelblok. 'n Afvaardiging is benoem om mnr. Pieter Neethling, 'n gesiene inwoner van Stellenbosch en vurige pleitbesorger vir die Afrikanersaak, oor die hele aangeleentheid te gaan spreek. Mnr. Neethling was dadelik gewillig om 'n bedrag van £5,000 vir die oprigting van 'n Afrikaanse dagblad in Transvaal te gee. Met die oog op die oprigting van 'n dagblad wat die Afrikanerboodskap sou uitdra, is hierna besluit om 'n maatskappy met 'n kapitaal van £150,000 te stig. Ten einde momentum aan die saak te gee, is 'n uitvoerende komitee saamgestel bestaande uit sen. W. A. Hofmeyr, mnre. J. H. Otto, W. B. de Villiers, E. C. Erasmus en P. J. H. Hofmeyr.

Die insamel van fondse was in daardie stadium die belangrikste en daaraan is dan ook daadwerklik aandag gegee. *Die Burger* en *Die Volksblad* het 'n aktiewe veldtog van stapel gestuur. Op 22 Oktober 1935 het mnr. Neethling 'n oproep in *Die Burger* om fondse gedoen en gemeld dat hy self £5,000 beskikbaar gestel het, omdat „ek onder die ernstige oortuiging gekom (het) van die noodroep van Transvaal vir 'n Afrikaanse Nasionale Dagblad, wat daar hoognodig is as 'n ideale Nasionale eiendom, 'n dagblad wat op waardige wyse leiding kan gee aan die Afrikanerdom en dit op die suiwere pad na volkseenheid en vrede kan lei."[2] Die saak vir 'n Afrikaanse koerant wat die Nasionale gedagte sou uitdra, was gewen.

Van die belangrikste en terselfdertyd ook een van die moeilikste take was die keuse van 'n redakteur vir die beoogde Afrikaanse dagblad. Reeds lank voor die stigting van die maatskappy, is dr. H. F. Verwoerd, indertyd professor in Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch, op informele wyse gepols of hy hom die benoeming as redakteur sou laat welgeval. Op 'n vergadering van die direkteure ge-

2. *Die Burger*, 22 Oktober 1935, p. 1.

hou op 4 Augustus 1936 is daartoe oorgegaan om hom die betrekking amptelik aan te bied. Dr. Verwoerd het die aanbod aanvaar en sy betrekking as professor aan die einde van daardie jaar neergelê. In Januarie 1937 het hy tydelik tot die personeel van *Die Burger* toegetree, waar hy hom veral daarop toegelê het om al die aspekte van die koerantwese baas te raak.

Uit die aard van die saak was dit vir dr. Verwoerd beslis geen maklike besluit om die redakteurskap van *Die Transvaler* te aanvaar nie. Dit sou beteken dat hy die „vryheid, sekerheid en rus" van 'n professoraat op Stellenbosch sou moes prysgee vir „onsekerheid en stryd." Dr. Verwoerd het sy nuwe taak as 'n roeping gesien. Persoonlike belange en die gerief van sy huisgesin moes wyk as die volksaak roep. Dat dit vir hom 'n saak van erns was, blyk duidelik uit 'n brief wat hy kort na sy benoeming as redakteur aan mev. T. C. Stoffberg geskryf het: „Tegelykertyd kon ek nie vir 'n oomblik twyfel nie, want ek het nie gevoel dat 'n mens mag weier as 'n roepstem tot groter diens kom nie."[3] Hy was vol vertroue dat alles reg sal verloop en het dit baie duidelik gestel dat hy en sy huisgesin hulself hoegenaamd nie as selfopofferend wil voordoen nie. Dr. Verwoerd was wel deeglik daarvan bewus dat die feit dat iemand vanuit 'n ander provinsie die redakteurskap van *Die Transvaler* aanvaar het, iets is waaraan die mense in Transvaal gewoond sou moes raak. „Trouens", skryf dr. Verwoerd verder, „ek het die aanstelling aanvaar met geen illusies omtrent die moeilikhede wat my wag nie." Wat het daartoe aanleiding gegee dat dr. Verwoerd so sterk gevoel het oor hierdie roepstem wat tot hom gekom het?

Dr. Verwoerd het in die begin van die dertigerjare 'n indringende studie oor die armblankevraagstuk gemaak en dit het vir hom al gou duidelik geword dat ingrypende verandering in hierdie vraagstuk slegs sou kon intree as daar aan twee voorwaardes voldoen word: Eerstens sou daar 'n werklike volksregering met 'n suiwer Suid-Afrikaanse ideaal moes kom. Hierdeur sou die Afrikaner sterk gevestig moet word in die hoëre handels- en nywerheidskringe. Verder sou die Afrikaners in die stede – veral die arbeiders – godsdienstig, maatskaplik en polities vir die Afrikanerdom behou moet word. In hierdie opsig was die Witwatersrand vir dr. Verwoerd van deurslag-

3. *PV 141:* Dr. H. F. Verwoerd aan mev. T. C. Stoffberg. (Instituut vir Eietydse Geskiedenis.)

gewende belang. Ook was hy vas daarvan oortuig dat die Afrikanersaak aan die Rand gewen of verloor sou word. Geen wonder dus dat toe die redakteurskap van *Die Transvaler* hom aangebied word, hy dié betrekking nie bloot as 'n betrekking gesien het nie, maar eerder as 'n roeping. Voortaan sou hy hom beywer vir die behoud van dit wat eie aan die Afrikaner is.

Vanaf die heel eerste uitgawe het dr. Verwoerd *Die Transvaler* in diens van die republikeinse ideaal gestel. Hiermee het hy hom die gramskap van dr. D. F. Malan en ander direkteure op die hals gehaal.[4] Hulle was van mening dat die nuwe redakteur van *Die Transvaler* die Transvaalse geesdrif vir 'n republiek ten aanvang sou help demp. As onvermurfbare republikein het dr. Verwoerd hiervoor nie kans gesien nie. Sy geestesingesteldheid was van so 'n aard dat hy nie anders kon as om steeds 'n sterk republikeinse klank in *Die Transvaler* te laat hoor nie. Hy het aangebied om as redakteur te bedank. Dit was egter senator Willie Hofmeyr, wat toe voorsitter van die direksie was, wat dr. Verwoerd en sy standpunt onder beskerming geneem en hom aangemoedig het om so voort te gaan. In die jare daarna het *Die Transvaler* dan ook by uitnemendheid die pleitbesorger vir die republikeinse ideaal geword.

Dr. Verwoerd het sy hoofartikels in *Die Transvaler* direk gerig op die verbreking van die bande wat die Unie van Suid-Afrika met Brittanje gebind het. In hierdie trant het hy telkens verwys na die vordering in Kanada en Ierland ten opsigte van 'n meer onafhanklike optrede wat eie sake betref. Hy het besin oor die plig teenoor die eie in teenstelling met die plig teenoor die Britse Statebond. Dr. Verwoerd het hom dit sy verantwoordelikheid by uitnemendheid gemaak om die Suid-Afrikaanse volk te wys op die heel beperkte vryheid van optrede wat daar vir die Unie was selfs ná die Statuut van Westminster.

Dit was vir dr. Verwoerd baie duidelik dat 'n vrye republiek tot stand sou moes kom en dat daar in hierdie republiek 'n kragtige regering aan bewind moet wees. Daarby sou groot maatskaplike en ekonomiese hervormings moes plaasvind. Dr. Verwoerd was daarvan oortuig dat die politieke front van die Afrikanerdom, die Herenigde

4. Van Jaarsveld, F. A. en Scholtz, G. D. (reds.): *Die Republiek van Suid-Afrika. Agtergrond, Ontstaan en Toekoms.* Vgl. dr. H. F. Verwoerd se *„Herinneringe op die Republikeinse Pad."*

Nasionale Party, gekompromitteer was, nie slegs wat die strewe na 'n republiek nie, maar ook wat die drastiese hervormings in verband daarmee betref.

Hy het dit duidelik gestel dat waar dit die beleid van die Nasionale Party was om die bande met Engeland geleidelik los te maak, dit nié beteken dat die republiek as 'n veraf, vae ideaal gestel word nie. Voorsiening is ook gemaak vir 'n onmiddellike vrymaking indien onverwagte wêreldgebeurtenisse dit moontlik sou maak. Dit was die doel van die Nasionale Party om hierdie ideaal van 'n republiek so vinnig moontlik te verwesenlik, maar dat daar terselfdertyd streng in ag geneem is dat die vryheid só verkry in alle opsigte gehandhaaf sal kan word. Indien die Nasionale Party aan bewind sou kom, so het dr. Verwoerd verklaar, sou die hele proses redelik vinnig kon verloop, soos wat dit die geval in Ierland was. Die Nasionale Party het die teenstanders van 'n republiek sistematies daartoe opgevoed en die Party het onderneem dat as hy aan bewind kom, hy die bande een vir een sou afsny, met dié doel voor oë om sodoende die dag van die volkstemming oor 'n republiek nader te bring.

Dit was vir dr. Verwoerd duidelik dat die volksaard van die Afrikaner van so 'n aard is dat hy wel 'n sterk regering deur 'n ware volksman, soos in die geval van Paul Kruger, wil hê, maar dat hy tegelykertyd aan die volk die mag wil gee om van 'n regeerder ontslae te raak wat nie die Afrikaner voluit dien nie. Onder die opskrif, „So kan die Republiek wees", het dr. Verwoerd sy gedagtes ten opsigte van die toekomstige republiek uiteengesit.[5]

Met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika in 1961 het dr. Verwoerd nie daartoe oorgegaan om die staatstelsel soos hy dit in 1941 gesien het, in die praktyk in werking te stel nie. In vele opsigte was die tyd daarvoor nog nie ryp nie. Hy het egter die besondere voorreg gesmaak om Suid-Afrika as 'n republiek uit die Britse Statebond te neem en sodoende 'n ideaal verwesenlik wat hy sedert sy dae as redakteur van *Die Transvaler* baie sterk gepropageer het. Dit is interessant en betekenisvol dat dit juis hý was wat die bande met Engeland so finaal sou verbreek.

Soos dit die geval in later jare was, het dr. Verwoerd ook as redakteur van *Die Transvaler* sy pad reguit geloop aan die hand van 'n lewenshouding wat hy reeds in 1938 neergelê het:

5. *Die Transvaler*, 21 Mei 1941, p. 4.

„Die politieke stryd gryp diep in die hart van die Nasionalis. Dit is egter soms sy mede-Afrikaner van wie hy moet verskil. Al sou hy dan nie kan verstaan hoe dit moontlik is vir 'n volksgenoot om so van sy ideale te verskil nie, moet nogtans nooit vergeet word dat hy 'n volksgenoot, miskien 'n bloedverwant is nie. Hoe groot die verskil ook bly, moet selfs in die hitte van die stryd die beste menslike verhoudings bewaar word."

In die algemene verkiesing van 1948 het dr. Verwoerd as die Nasionale Party se kandidaat teen mnr. S. J. M. Steyn van die Verenigde Party in die kiesafdeling Alberton gestaan. Hy het hierdie verkiesingstryd verloor. Enkele maande later is hy as 'n N.P.-senator vir Transvaal aangewys. Op 31 Desember 1948 het hy as redakteur van *Die Transvaler* uitgetree. 'n Aktiewe en vrugbare politieke loopbaan het begin.

1. „Ons vir jou Suid-Afrika"

Nie met 'n strydkreet of 'n wekroep, nie in 'n gees van triomf en aanmatiging, ook nie met 'n standpunt koud en saaklik, mag hierdie dagblad sy eerste verskyning aankondig nie.

Hy is gebore uit 'n diepgevoelde behoefte by 'n groot deel van die Afrikanerdom. Hy is 'n gedenkteken van offervaardigheid en selfopoffering by duisende oor die hele land versprei. Hy is 'n uiting van daadwerklike vaderlandsliefde en vaste vertroue in die toekoms. Hy word gedra deur gebede uit menige hart.

Daarom is hier alleen betaamlik 'n ingetoë betuiging van toewyding en erns. Tot erns moet stem al die geloof, al die hoop, al die samewerking, waarop hierdie onderneming rus. Tot toewyding dwing die grootsheid en die glorie van die taak waartoe hierdie dagblad uitverkore is.

Die Transvaler kom met 'n roeping – hy kom om 'n volk te dien deur die geluid van troue en verhewe nasionalisme te laat weerklink waar sy stem ook reik. Uit hierdie roeping sal sy besieling spruit; dié strewe sal sy karakter bepaal.

Met die skoonste woorde van wyding tot so 'n doel – eenkeer 'n sanger van die Afrikaanse lied ingegee – word *Die Transvaler* sy lesers aangebied:

„Ons sal antwoord op jou roepstem,
ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe –
ons vir jou, Suid-Afrika!"

1 Oktober 1937

2. Die weg van nasionalisme

Die Konsepprogram van Aksie van die Nasionale Party, wat die kongres nog moet bespreek, is weer 'n voorbeeld daarvan dat die Nasionalis duidelik die doeleindes wat hy nastreef vir homself probeer formuleer, en daarby die metodes aangee wat hy wil volg.

In sy artikel oor die republikeinse strewe van die party in die eerste uitgawe van hierdie dagblad, het dr. Malan 'n weg aangedui in dié verband. Die eerste deel van die konsepprogram gee presies dieselfde

standpunt weer. Stappe op die weg na volkome onafhanklikheid word ondubbelsinnig aangedui.

Elders in hierdie uitgawe word 'n kort opsomming gegee van die ander voorstelle wat gedoen word. Dit sal elke belangstellende egter loon om, nadat die kongres daaroor besluit het, moeite te doen om die volle program in hande te kry en dit goed te bestudeer. Dis 'n vernietigende antwoord op iedereen wat die Nasionale Party beskuldig het van afbrekend en sonder 'n opbouende beleid te wees.

Daar is 'n lang rubriek oor die ekonomiese strewe van die Party, en wel in verband met die handel, die landbou en die nywerheid. Ewe uitvoerig word aangedui watter beleid die party verkondig ten opsigte van die werker en hoe hy die welsyn wil nastreef van die minderbevoorregte. Die rigting en die gees van die Kimberley-kongres oor die armblankevraagstuk is hierin helder weer te vind – iets wat groot vertroue wek en nuwe moed verskaf. Die gevaar wat die werker bedreig deur kommunistiese organisasie word regstreeks onder oë gesien. Ook ten opsigte van immigrasie en rasseverhoudings, van volkskultuur en opvoeding word 'n definitiewe gedragslyn aangedui.

Die opstellers verdien alle lof vir die saaklike aard van die voorgestelde program van aksie. Hier is geen sentimentele skermutseling met woorde nie. Elke beleidspunt, en daar is naby honderd van hulle, is 'n reguit verklaring van 'n konkrete gedragslyn wat kan gevolg word. 'n Mens kan daarmee saamstem of daarvan verskil, maar niemand sal, as die kongres die program van aksie in die kern aanneem, ooit met reg kan beweer dat die Nasionale Party iemand in die duister laat omtrent wat hy wil uitrig as hy aan bewind kom nie. Geen ander party het so beslis en so helder sy stem laat hoor soos hierdie konsep die teenswoordige kongres in staat sal stel om te doen nie.

7 Oktober 1937

3. Twee Ministers

Verlede week het min. Hofmeyr op Stellenbosch en min. Havenga op Mosselbaai hul beskouings oor die republikeinse strewe gelug. Eersgenoemde het dit gedoen in antwoord op vrae en laasgenoemde as 'n deel van sy aanval op die eerlikheid van die Nasionale Party.

Min. Hofmeyr het bevestigend geantwoord op die vraag of in die Verenigde Party propaganda gemaak kan word vir 'n republiek. Toe

hom verder gevra word of hy enige Minister of lid van die Verenigde Party kan noem wat vir 'n republiek gepleit het, was sy antwoord:

„Enige lid is volkome vry om dit te doen kragtens die konstitusie. Dit is nie die doel van die Verenigde Party om 'n republiek teweeg te bring nie."

Reguit soos gewoonlik het hy die werklike beleid teenoor die vryheid van praat weer 'n slag beklemtoon. Sy uitspraak is natuurlik in ooreenstemming met die beginsels van sy party.

Min. Havenga het daarenteen beweer dat die republikeinse leer van die Nasionale Party nie 'n duimbreed afwyk van die mening wat die Verenigde Party oor 'n republiek huldig nie. Hy sê selfs:

„As ons hieroor van die Nasionale Party moet verskil sal dit 'n uiters belangrike verskilpunt wees."

Dan gaan hy daartoe oor om die Nasionale Party te beskuldig van oëverblindery en valse voorstellings in verband met hul republikeinse strewe, ja selfs van „opsetlike misleiding."

Die minister het sy eie party nie gevlei deur te beweer dat die beleid van die Verenigde Party en die van die Nasionale Party in hierdie saak nie verskil nie en dat die beleid van laasgenoemde oëverblindery en misleiding is! 'n Mens vermoed dat hierdie beskrywing immers geld vir die *enerse* beleid, soos hy dit sien.

Daar moet aangeneem word dat die beleid van die Verenigde Party is soos koel en duidelik aangedui deur min. Hofmeyr.

Net so moet 'n mens aanneem dat die Nasionale Party-beleid is soos deur dr. Malan aangedui in sy eiehandige verklaring in die eerste uitgawe van hierdie dagblad. Hy het daar beweer dat die doel definitief is die verkryging van 'n republikeinse regeringsvorm, en nie net die praat daaroor nie. Die weg het hy aangedui as die geleidelike afsny van bande, waarvan hy 'n aantal genoem het en waarmee hy sal begin sodra hy die mag daartoe kry.

11 Oktober 1937

4. Vriendskap te midde van verskille

In die hoofartikelkolomme van die jongste uitgawe van Die Republikein is 'n bespreking van die uiteensetting van dr. Malan in die eerste nommer van Die Transvaler, oor die weg wat die Nasionale Party

meen om te volg om 'n republiek tot stand te bring. Die blad meen 'n ontwikkeling in die houding van die Leier van die Nasionale Party te sien wat hy verwelkom en wat hy toeskrywe aan die invloed van die Republikeine hier in die Noorde buite die party. Die blad keur aanvalle op sulke persone af as onverantwoordelik, aangesien hy meen dat dr. Malan 'n soortgelyke rigting as hulle volg of begin volg.

Nou is dit maklik genoeg om die saak anders te beredeneer en aan te toon hoe, na ons mening, dr. Malan, en die Nasionale Party, die republikeinse doel en die metode om dit te bereik steeds verkondig het op 'n soortgelyke wyse as nou weer uiteengesit. Hul beswaar teen die aanhangers van hierdie blad se rigting was nie teen die doelstelling nie, maar teen die metode om 'n republiek onmiddellik te wil uitroep sodra die party aan die bewind kom, en selfs teen 'n belofte wat nou gegee moet word sonder die omstandighede van die oomblik te ken, om die republiek uit te roep binne die eerste paar bewindsjare, bloot as gevolg van 'n verkiesingsoorwinning. Dit het die Nasionale Party beskou as 'n metode wat die bereiking van die doel sal verydel.

As so 'n metode nie die bedoeling van die blad is nie – en daar is sinsnedes in die artikel wat die indruk wek dat die blad nie die beleid wil voorstaan van onmiddellike afskeiding van Engeland, kom wat wil, op 'n tydstip en manier wat nou ten volle bepaal moet word nie – dan staan die Nasionale Party en die groepe baie nader aan mekaar as wat soms gedink is.

In elk geval is dit seker heeltemal reg om, soos die blad sê, nie te stry oor allerhande verskille wat net onaangenaamheid sou kan veroorsaak nie. Die feit is dat hier twee groepe Afrikaners bestaan, die Nasionale Party en die aanhangers van die beweging waarvan Die Republikein die orgaan is, wat in baie opsigte dieselfde oogmerke het, met die verkryging van 'n republiek as die vernaamste.

'n Mens moet waarskynlik aanneem dat weens sekere verskille onder andere wat betref die metodes om hul doel te bereik, die twee groepe as aparte partye of bewegings sal moet bly bestaan. Dit neem egter nie weg nie dat van al die groeperings wat in die politieke lewe van die Unie bestaan, hierdie twee die naaste aan mekaar is.

Die Transvaler wil dus graag, met volle erkenning van die feit dat hier twee aparte organisasies is wat as sodanig sal bly voortbestaan, die hand van vriendskap reik aan diegene wat in soveel opsigte in dieselfde innerlike oortuigings deel. Daar is soveel teenstanders waarvan

albei in fundamentele opsigte verskil, dat onnodige botsing tussen hierdie partye of bewegings met groot ooreenkomste vermy behoort te word.

11 Oktober 1937

5. Selfstandigheidstrewe in Kanada

Die toespraak van die Kanadese goewerneur-generaal waarin hy soveel nadruk lê op die plig van die Kanadees teenoor sy eie land in teenstelling met die Britse Statebond, is buitengewoon interessant. Dis hierdie verteenwoordiger van die Engelse koning wat so praat en nie 'n gekose lid van die regering nie. Hy ondersteun dus die rigting wat al lank in Kanada bestaan, nl. om so selfstandig moontlik op te tree in alle sake en die Britse Statebond en sy belange in 'n groot mate te ignoreer. Kanada moet bv. 'n eie buitelandse beleid hê, wat ook al dié van Engeland mag wees.

Meermale reeds het Kanada so sy stem laat hoor, hoewel hy nie altyd konsekwent gehandel het nie. Net voor die jongste Rykskonferensie het die berigte uit Londen gelui dat die vernaamste taak van die konferensie waarskynlik sou wees om die Ryk se oorlogsmagte te koördineer. 'n Mens kan nie help om op te let hoe vanselfsprekend dit blykbaar was om die Statebond as 'n militêre eenheid te beskou nie. Ten spyte van die spanning wat destyds in Midde-Europa bestaan het, het die Kanadese woordvoerder op die Rykskonferensie nogtans baie beslis verklaar dat sy land nie aan 'n Midde-Europese oorlog sal deelneem nie. Dit was heeltemal in ooreenstemming met die beleid van Kanada om 'n suiwer verdedigende weermag te ontwikkel en 'n neutraliteitsbeleid te handhaaf.

Die bekende Engelse tydskrif The Economist het in Februarie trouens oor die Unie se militêre samewerking met Brittanje geskrywe: „Hierdie kragdadige en doelmatige samewerking is in teenstelling met die bangerige, streng gelokaliseerde verdedigingsbeleid waartoe die politieke nood die Kanadese regering dwing." Nog 'n vrygewes, wat hierin van Kanada verskil het, was Nu-Seeland, want sy eerste minister het 'n bietjie vroeër verklaar dat, as Engeland in die moeilikheid sou kom, dieselfde sal gebeur as ten tyde van die Wêreldoorlog – almal sal kom help.

Natuurlik was Lord Tweedsmuir se toespraak nie net 'n beklemto-

ning van die selfstandige uitkyk van Kanada nie, want hy het blykbaar te kenne gegee dat Kanada hierdeur die Statebond ook die beste dien. Dit klink 'n bietjie soos goedpraat van 'n onverbergbare rigting.

Vir die Nasionaliste in die Unie is Kanada se optrede, wat ooreenstemming toon met hul eie strewe volgens die leuse van „Suid-Afrika Eerste" baie interessant. Self strewe hulle, soos iedereen weet, na veel groter, ja volle, selfstandigheid. Dis egter 'n tragedie dat die Verenigde Party nie eens so hoog mik as die Kanadese nie, maar nader staan aan die Nu-Seelandse standpunt.

15 Oktober 1937

6. Kanada en die Geheime Raad

Afrikaners is dit oor die algemeen eens dat die reg van appèl na die Britse Geheime Raad nie langer behoort te bly bestaan nie. Selfs genl. Smuts was een tyd gereed om teoreties hierdie Nasionale Partybeleid te aanvaar, maar hy het daarvoor teruggeskrik om dit in die praktyk deur te voer. Die Nasionaliste het egter openlik en beslis te kenne gegee dat, sodra hulle aan die bewind kom, die afskaffing van die reg van appèl na die Geheime Raad een van hul eerste dade sal wees. Hulle beskou die saak nie net as van „akademiese" belang nie.

In die lig van dié verskil tussen die twee partye in die Unie is die opvattings van regsgeleerdes in Kanada baie interessant. 'n Paar maande gelede het in die amptelike orgaan van die Kanadese Regsgenootskap 'n reeks artikels van die hand van verskillende regsgeleerdes verskyn oor die waarde van die regterlike komitee van die Geheime Raad, veral in verband met konstitusionele vraagstukke.

Een Australiese, vyf Kanadese en twee Engelse regsgeleerdes het bevind dat die uitsprake van die Geheime Raad baie ongelukkig vir Kanada was en in die loop van 'n halwe eeu 'n valse interpretasie aan die Kanadese grondwet gegee het. Dit het sekere algemene magte van die sentrale regering, wat die opstellers van die Grondwet opsetlik daaraan gegee het, geleidelik vernietig. Die gevolg is dat in Kanada 'n toestand ontwikkel wat baie na is aan 'n konstitusionele krisis. Alleen een Engelsman, prof. Keith, het halfslagtig van die ander verskil wat hul veroordeling van die beslissings van die Geheime Raad betref, en selfs hy het erken dat die Geheime Raad die bedoeling van die grondwet nie gehandhaaf het nie.

In Kanada word dus nou deur sy eie regsgeleerdes gevoel, en dit was tien jaar gelede ondenkbaar, dat alle beroepe op die Geheime Raad opgehef moet word; en dat die grondwet herskep moet word om al die verkeerde invloede weer uit te roei. 'n Australiese regsgeleerde, Holmes, het in aansluiting aan 'n bespreking van lord Atkin se onlangse uitspraak in verband met 'n verdragsaak, beweer dat hierdie bevinding 'n slag vir Kanada se trots as nasie is, en in eienaardige teenstelling met die begrip van gewestelike selfstandigheid.

Hierdie regsgeleerde samespreking en gevolgtrekking wys nog 'n slag dat die reg op beroep op die Geheime Raad vol gevare is en verreweg nie net van akademiese belang nie. Die Regering van die Unie mag nie aanhou bang bly vir sy Engelse aanhangers nie, maar moet optree.

25 Oktober 1937

7. Voorvegters van die demokrasie

Vandag verskyn 'n opsomming, en môre die volledige briefwisseling, van onderhandelings gevoer tussen die Kaaplandse Nasionale Party en die S.A.N. Party (Gryshemde) met die oog op 'n verkiesingsooreenkoms. Die onderhandelings is deur laasgenoemde begin, maar 'n ooreenkoms het vir die Nasionale Party onmoontlik geblyk. Hy is volkome gereed om die volle verantwoordelikheid te dra vir sy standpunt.

In sekere opsigte, bv. wat betref die erns van die Joodse vraagstuk, was daar groot ooreenkoms tussen die beskouings van die betrokke partye. Die onderhandelings het egter afgespring op grond van 'n fundamentele verskil. Die Gryshemde (om hulle by 'n kort naam te noem) staan voor die stigting van wat hulle noem 'n eenheidstaat, met afskaffing van politieke partye en hul vervanging deur groepsverteenwoordiging, en die aanstelling van 'n Leier. Hoe ook al met woorde mag gespeel word, beteken dit niks anders nie as dat hulle die Nazistiese of Fascistiese staatstelsels van Duitsland en Italië, met hul Diktatorskappe, wil navolg.

Dit was vir die Nasionale Party, wat by uitstek die demokratiese instellings van ons volkslewe probeer beskerm, onmoontlik om selfs net 'n verkiesingsooreenkoms aan te gaan met 'n party wat die vernietiging daarvan as hoofpunt in sy beleid het. Dat die weiering 'n

daad van selfopoffering ter wille van sy beginsels was, spreek vanself. Die hand van alle partye is teen die Nasionale Party en dit sou in sy voordeel gewees het om samewerking van hierdie groepie, hoe klein ook al te verkry, liewer as die verbitterende teenstand wat nou verwag moet word.

Die Nasionale Party mag egter nie ter wille van tydelike voordele sy groot beginsels prysgee nie. Liewer moet hy langsamer groei as om kleiner groepies binne die bevolking te help plaas in 'n posisie waar hulle skade aan die volkslewe kan aanrig. So 'n ooreenkoms sou twee sye gehad het. Die Nasionale Party sou self sterker kon geword het, maar hy sou ook die Gryshemp-groep versterk het. Dit sou hy geredelik gedoen het, was hul vernaamste beginsels voordelig vir die volk, soos party van hul mees geadverteerde sienswyses is. Ongelukkig het geblyk dat die Nasionale Party sy eie voordeel sou moes koop deur 'n party te versterk wat doeleindes voorstaan wat gevaarlik is vir die demokrasie. Sy beslissing kon geen oomblik in twyfel wees nie. Die Nasionaal-Sosialistiese stelsel kan vir Duitsland veel waarde hê, maar ons kan dit, of 'n nou verwante stelsel, onmoontlik na ons land help oorplaas.

Die Nasionale Party van Kaapland het reg gedoen om nie die hand van vriendskap aan te neem nie van 'n beweging wat hom in sy karakter en grondslae sou aangeval en probeer vernietig het.

3 November 1937

8. Waarom Engeland rykseenheid begeer

In die tweede week van Desember het die eerste minister van Engeland 'n vergadering toegespreek as deel van 'n veldtog ter bevordering van Rykseenheid. Dit vorm 'n heel gesaghebbende bron van inligting oor waarom die Engelse regering gedetermineerd is om hom sterk daarvoor te beywer. Aangesien die Nasionale Party nie gedien is hiermee nie, maar juis verbreking van die bande met die Ryk nastrewe, is dit belangwekkend om Neville Chamberlain se uiteensetting na te gaan.

Hy erken dat daar verskille is in die mate van gevaar waaraan die onderskeie dele van die Ryk blootgestel is en dat party, natuurlik vir Engeland, nader is aan die groot middelpunte van internasionale ver-

wikkelings. Ten spyte hiervan meen hy dat almal gelyk moet saamstaan in die vennootskap. Vermoedelik is dit in die eerste plek in belang van die deel in die grootste gevaar!

Met instemming noem hy die opvatting van sy vader dat, ten spyte van die groot mag van sentiment, na 'n sterker band gesoek moet word. Nouere handelsverhoudings sou dan die grotere eenheid binne die Ryk teweeg moet bring. Ryksvoorkeur en die ooreenkoms in Ottawa is m.a.w. nie net bedoel om die eie handelsbelange van die aparte dele van die Ryk te bevorder nie. Nee, dit was 'n middel om die loswordende bande weer vaster te bind. Hy sê dit self.

Tegelykertyd prys hy die besigheidsvoordele vir Engeland van die handelsooreenkoms. O.a. het dit in 1936 die Unie van Suid-Afrika Engeland se beste klant in die hele wêreld gemaak, en het dit Engeland se invoer uit dié lande met 41 persent laat styg, maar sy uitvoer na die lande met 46 persent.

Dit was dus heel voordelig om die bande te kan vaster knoop en tegelykertyd geld daaruit te maak! 'n Mens kan goed begryp dat hierdie eerste minister met vreugde getuig dat by geen van die Rykskonferensies daar 'n sterker gevoel van verwantskap en van eensgesindheid oor alle fundamentele sake was as by die jongste een nie. Engeland het mos sy sin in alles gekry en watter beter bewys wil iemand hê.

Maar die Britse eerste minister soek na weë om nog nader te kom aan almal se doel, soos hy dit sien, nl. groter Rykseenheid. Hy wil dit nastrewe deur elke geleentheid te gryp om saam te werk met die dominiums, bv. insake verdediging, die verhoudings teenoor vreemde volke, die ontwikkeling van onderlinge verkeersmiddels en „in die verbetering van die Ryk se bronne met behulp van Britse wetenskap, Britse ondernemingsgees en Britse geld." Heerlike vooruitsigte voorwaar vir die Afrikaner in Suid-Afrika as Chamberlain sy sin kry! Ons sal volkome vry wees – onder die kloue van die Britse Leeu.

Waarom begeer die Engelse by monde van hul leier die Rykseenheid? Nie net vir al die materiële voordele wat Engeland daaruit kan kry nie, verseker hy, maar omdat dit „ons geloof is dat in Rykseenheid die setel lê van ons invloed in die wêreld . . . Ons besef dat deur ons vennootskap met hierdie en ander groot demokrasië ons verhef word van die status van 'n vierde-rangse mag om die hart te word van 'n Ryk wat in die voorste rang staan."

Die „ons" is natuurlik Engeland. Dit is dus o.a. die roeping van Suid-Afrika, as die Verenigde Party-leiers hul sin kry in hul bevorde-

ring van Rykseenheid, om die verheerliking en heerskappy van Engeland te dien.

31 Desember 1937

9. Die verborge toekoms

'n Nuwe jaar lê voor. Wat sal dit aan die wêreld en aan die volk van Suid-Afrika bring? Oppervlakkige voorspellings kan iedereen maak, maar wie sal die toekoms in al sy diepte peil? Oorlog en stryd, ja, dit sal daar nog wees. Die vraag is egter of verwoesting en haat hom wreed sal uitstrek oor magtelose skares van vreedsame mensesiele, en of dit sal wegsterwe op die reeds met bloed deurdrenkte slagvelde van die afgelope jaar.

Broederkryg in Spanje; geweldpleging in China; verontwaardiging in Amerika; koelbloedige berekening van eie belang in Engeland; onderdrukking in Rusland; verwarring in Frankryk en die Midde-Europese state; diplomatiese sette in Duitsland; bedreigings uit Italië; ekonomiese nood in Japan; magteloosheid in Genève; onrus in Egipte en Palestina – waarheen sal dit alles lei?

Onlangs het dit geblyk asof die oorlogswolke effens wegdrywe, in teenstelling met die dreigende onheil van vroeër in die jaar. Telkens en telkens weer kom nuwe bedreigings egter te voorskyn. Die bewapeningswedren en 'n algemene gees van agterdog, selfsug en bemoeisiekte by volke vorm 'n raamwerk waarbinne enigiets te eniger tyd kan gebeur. Nie die gesonde verstand of verhewe menslikheidsideale verhoed 'n uitbarsting nie. Alleen vrees vir ongunstige ekonomiese gevolge van selfs 'n oorwinningstryd, onsekerheid omtrent hoe die buurvolk op die laaste oomblik sal handel, pogings om iemand anders die kastaiings uit die vuur te laat haal en die twyfel van die groot State oor die relatiewe waarde van die eie mag beskerm die mensdom vandag.

Aanhoudend kan die spanning nie voortduur nie. Meermale in die geskiedenis van die beskawing het soortgelyke donker tydperke voorgekom. Weliswaar was die tweedrag nooit so wêreldwyd as vandag nie, maar dit was alleen omdat die verkeer, en daardeur ook die ekonomiese verband, nie so maklik tussen alle dele bestaan het nie. Elke keer het 'n lang tyd van vrede en heropbou gevolg. Ons lewe nog op

die naweë van 'n groot verstoring. Of daarop 'n nuwe en 'n groter wêreldbotsing gaan volg of rus, dit weet ons nie.

Die vredeliewende mens, wat, soos ons hier in die Unie, geen werklike belang het by al die twis en rumoer nie, kan alleen vertrou dat die storm wat in die verte dreun, verby sal trek. Miskien sal die nuwe jaar besinning bring onder die volke en 'n vredestryd inlui, nie van vorm alleen nie, maar gebore uit 'n diepere insig in die vryheid, regte en belange van die een teenoor die ander. Dit is ons bede.

Ons eie land het ook sy moeilikhede en sy stryd. Daar is die persoonlike worsteling om 'n lewensbestaan. Hierin maak die Afrikanervolk 'n besondere krisis deur. Dit is in die midde van 'n verstedelikingsproses onder buitengewone sware omstandighede. In vergelyking met soortgelyke oorgangsperiodes by ander volke vind dit verbasend vinnig plaas. Hierdie reeds daardeur vermoeilikte aanpassing word verder belemmer deur die vreemde aard van ons stede, deur 'n uitheemse vakverenigingstelsel wat die ontwikkeling tot geskoolde werk belemmer en deurdat die beheer oor handel en nywerheid en meeste ekonomiese bronne nie in 'n genoegsame mate in Afrikanerhande is nie.

Uit hierdie stryd sal die Afrikanerdom in groter krag verrys. Nou reeds is vooruitgang sigbaar, en word die taak hom opgelê meer doelbewus aangepak. Die onnatuurlike hoë mate van armoede, wat vir 'n groot deel 'n onvermydelike uitvloeisel van die oorgangsperiode is, sal ook verdwyn. Die jaar wat voorlê, kan die keerpunt lewer in ons aanpassingstryd deur toewyding aan die middels wat ontwikkel word om die Afrikaner te bring tot leiding in die stedelike en die ekonomiese lewe.

Ook die plattelander is vanself betrokke in hierdie aanpassingstryd. Terwyl die orige van die land skynbaar in voorspoed verkeer, het dit hom nog nie ingehaal nie en moes hy opnuut deur droogte geteister word. As nywerhede opbloei, moet die stedelike markte verbeter. Intussen moet alles moontlik gedoen word om te verhoed dat sy laste hom onder kry voor dié tyd aanbreek.

Die nuwe jaar bring ook die kans op verskerpte botsing op die gebied van die politieke lewe. Die Volksraadsverkiesing is op hande. Hierdie politieke stryd is vir die Nasionalis buitengewoon betekenisvol. Dit is nie vir hom 'n botsing tussen persone waaruit hy hom net so wel kan uithou nie. Al weet hy dat in die politieke lewe soms selfsugtige motiewe by lede, en selfs leiers, 'n rol speel, dan nog bly dit 'n

middel waardeur hy die verwesenliking moet soek van vurig begeerde volksideale.

Die onafhanklikheid van sy land is, alle ontkenning en bespotting ten spyt, vir hom 'n allerernstige mikpunt. Daarin sien hy die herwinning van sy eer, die versekering van sy veiligheid en vrede te midde van die volke van die wêreld en die hoop op 'n gesonde en voorspoedige lewe van sy volksgenote.

Die politieke stryd gryp diep in die hart van die Nasionalis. Dit is egter soms sy mede-Afrikaner van wie hy moet verskil. Al sal hy nie kan verstaan hoe dit moontlik is vir 'n volksgenoot om so van sy ideale te verskil nie, moet nogtans nooit vergeet word dat hy 'n volksgenoot, miskien 'n bloedverwant is nie. Hoe groot die verskil ook bly, moet selfs in die hitte van die stryd die beste menslike verhoudings bewaar word. Nou by die wenteling van die jaar, is dit die welaangename tyd om die voorneme te neem om al die stryd wat die jaar mag bring, manmoedig en standvastig, maar ook sonder verlies van selfbeheer, te voer.

1 Januarie 1938

10. Wat beteken dié geheime organisasie?

Die onthulling deur Die Transvaler vandag van die stigting van 'n „Burgerbond van die ou Republieke," wat tot sover met die diepste geheimsinnigheid georganiseer is, verdien noukeurige aandag. Die gegewens is nog maar skraal weens die onwilligheid van die organiseerders om iets bekend te maak. Alleen wanneer hulle deur ons openbarings van wat ons ontdek het, gedwing word om volledige inligting te verstrek aan die publiek, sal 'n mens kan oordeel of die moontlike gevare wat hier genoem sal word ernstig is of nie.

Die merkwaardige terughoudendheid wat beoefen word, is die hoofrede waarom ons gedwing voel om die moontlikheid in die gesig te sien dat die motiewe van party van die hoofstigters nie so onskuldig is as wat hulle sal voorgee nie. Die goeie trou van party ander en veral van gewone lede daarenteen, wil ons nie betwyfel nie.

Volgens wat ons weet van die voorgenome konstitusie, is dit heeltemal onskuldig gestel. Die stigting van 'n organisasie van oudstryders en hul nageslag is dan ook so prysenswaardig dat, as dit net die

bedoeling is om hulle saam te bind afgesien van politieke oortuiging, dit algemene goedkeuring sal wegdra. Dan hoef daar egter nie die geringste aanleiding tot geheime organisasie – al is dit net voorlopig – te wees nie. Waarom op die aarde hierdie huidige geheimsinnigheid?

'n Mens sou verskillende moontlike redes kan vermoed. Een is dat die Burgerbond 'n soort mededinger moet wees van die Afrikaner-Broederbond. Volgens genl. Hertzog se mededelings stel dit hom die bevordering van alle Afrikanerbelange ten doel – waarom dan nog so 'n beweging? Hoe kan min. Havenga, wie se aandeel aan genl. Hertzog se aanval bekend is, ook nou beskermheer word van 'n soortgelyke liggaam, as dit soortgelyk is? Die bedoeling is miskien om as een of ander soort teenwig te dien, m.a.w. 'n voorsetting op ander wyse van sy aanval te wees.

'n Tweede moontlike verklaring van die geheimsinnigheid waarmee die organisasie homself tot dusver omring het, is dat die konstitusie en verder gegewens vir latere openbare konsumpsie, alleen sal moet dien om onderliggende politieke motiewe te bedek.

Gesteld nou egter dat die beweging wel politieke bedoelings het, wat weggesteek sal word wanneer dit skynbaar in die openbaar kom. Wat sou hulle kan wees? (Sulke bybedoelings hoef natuurlik nie noodwendig by almal te bestaan nie, daar ons aanneem dat selfs party bestuurslede onwetend kon gebruik word).

'n Mens moet eers deeglik besef dat min. Pirow en min. Havenga beskermhere is, en mnr. Kuit, die spoorwegluitenant van min. Pirow, voorsitter. Ons sien dus min. Pirow se hand sterkste in die stigting van die beweging, al tree hy voorlopig nie so sterk na vore nie.

Hy kan sterk onder die indruk wees van die gevaar vir die kanse van die Verenigde Party by die aanstaande verkiesing van die besliste republikeinse beleid van die Nasionale Party. Om nou die republikeinsvoelende Afrikaner-lede van die Verenigde Party te behou, kan hy deur so 'n grotendeels geheime organisasie onder hulle, die indruk probeer skep dat daar lede van die Regering is wat ook nog bly ywer vir 'n Republiek.

As dit werklik sy bedoeling sou wees, sou hy moet vrees dat die Engelse lede van die Verenigde Party hulle teen hom sal skaar – al word so 'n republikeinse ideaal direk verswyg in die latere bekendmaking. Daarom sou geheimhouding goed wees tot die organisasie sterk is. As ons geglo het dat dit sy bedoeling en die oogmerk van die beweging is, dan sou ons daaroor geswyg het, al verkies ons die reguit

strewe na 'n Republiek van die Nasionale Party bo sulke uitoorlê-metodes binne die Verenigde Party.

Die bedoeling van min. Pirow kan egter ook net 'n politieke wees. Hy kan deur sy aandeel in die beweging miskien alleen ter wille van verkiesingsvoordele die indruk by sy republikeinsgesinde partylede probeer skep dat ministers saam met hulle voel in dié opsig. Dit sou dus 'n middel kan word om die Verenigde Party – die voorstanders van die verband met die Britse Ryk – aan bewind te hou, en wel met behulp van goedgelowige oudstryders self.

Die teenwoordigheid van min. Havenga in die beweging neig 'n mens tot hierdie mening – d.w.s. natuurlik as die Burgerbond deur politieke leiers met bybedoelings kan gebruik word. Erken nie die mees Imperialistiese Engelse dagblaaie in Suid-Afrika dat hulle op min. Havenga reken as hul ondersteuner, en as die persoon wat nooit aan die Grondwet en die verband met Groot-Brittanje sal torring nie? Het ons dit nie self oor en weer ervaar gedurende die afgelope jare van politieke stryd nie? Min. Havenga se teenwoordigheid sal miskien die Engelse gerus moet stel sodat as hulle agterkom dat die Bond help om republikeinsgesindes in die Verenigde Party te hou, hulle sal glo dat dit net 'n set is om die verkiesing te help wen, en dat hulle hulle nie daarvoor hoef opgewonde te maak nie, of dit te bestry nie.

Ook 'n derde moontlikheid bestaan as min. Pirow politieke bybedoelings met die Bond het, waarvan die lede miskien niks weet nie. Dit is dat hy *altwee* voorgaande moontlikhede voor oë hou. Vir eers sou hy kan meen dat die bestaan van die Bond nuttige dienste kan lewer deur republikeinsgesinde Verenigde Party-lede by die volgende verkiesing aan Regeringskant te laat stem. Sou egter dan of later 'n politieke kentering kom, en min. Pirow ook 'n eie politieke heroriëntasie oorweeg, sou die steun van 'n georganiseerde groep aanhangers in die Noorde vir hom veel beteken om weer 'n belangrike rol te kan speel.

Voorgaande oorwegings moet dien om aan te toon hoe gevaarlik dit is om kort voor 'n verkiesing in die geheim 'n skynbaar onskuldige Bond te probeer stig onder die leiding van 'n paar ministers en die vertroude amptenaar van een van hulle. Verdenkings oor die politieke aard daarvan kan nie ontken word nie. Is die organisasie werklik onskuldig, dan word hom 'n groot onreg aangedoen en sy ontwikkeling belemmer – en alles deur onnodige terughoudendheid en geheimsinnigheid.

17 Januarie 1938

11. Plegtigheid in plaas van vertoon

Die sitting van die Unie-Parlement begin binne enkele weke en reeds is daar sprake van dat die opening weer met die gewone prag en praal gaan geskied.

Dit skyn of dit die strewe in owerheidskringe is om die openingsgeleentheid 'n uiters getroue weergawe van die formaliteite in Londen met die opening van die Britse parlement te maak. Hier in Kaapstad moet soldate en matrose in gelid gaan staan en die geweer presenteer in die strate waarlangs die goewerneurlike stoet gaan; die Britse admiraal van Simonstad moet voorrang kry bo alle Afrikaners; die Britse volkslied moet elke paar sekondes gespeel word; en die een kanonskoot na die ander moet afgevuur word.

Vir Engeland met sy eeue-oue tradisies en gebruike is sulke seremonies volkome te regverdig. Hier in Suid-Afrika is hierdie oorgeplante aanvangsmetodes egter eenvoudig ongepas.

'n Jaar of twee gelede, toe ook geprotesteer is hierteen, het een van die Engelse blaaie skielik ontdek dat die ou Republikeinse Volksrade dan ook met 'n sekere plegtigheid geopen is. Daar was egter 'n groot verskil. Niemand sal daar beswaar teen hê dat die aanvang van die sitting van ons hoogste wetgewende liggaam met 'n sekere vertoon van waardigheid gepaard gaan nie. Dit het ons Republikeinse voorvaders ook gevoel, maar hul plegtighede het 'n eie karakter gedra.

In die Transvaal het die president gewoonlik na die openingsplegtigheid in sy koets gegaan, terwyl 'n paar artilleriste in groot tenue hom vergesel het. Die verrigtings is begin deur 'n predikant wat 'n gebed gedoen het, waarna die president die volksverteenwoordigers toegespreek het. In die Vrystaat het die lede gewoonlik vooraf byeengekom en 'n kommissie gekies om die president by sy woning te gaan afhaal en na die raadsaal te bring. 'n Predikant het begin met 'n gebed en onmiddellik daarna het die president in 'n toespraak verslag gegee sedert die verdaging van die Volksraad.

Wat 'n mens meteen van hierdie plegtighede tref, is die feit dat die godsdienstige en nie die militêre toon daarin oorheers het, en dat gou oorgegaan is tot die eintlike werksaamhede. In die geval van die Unie-Parlement is daar weinig van 'n godsdienstige toon te bespeur. Dit is slegs 'n vertoning van mooi uniforms en keurige rokke. Die militêre atmosfeer is nie eers inheems nie, maar Brits-Imperialisties.

Die Nasionale Party onderneem om sodra hy aan bewind kom in

die verrigtings meer van die soberheid en erns van vroeëre dae terug te bring.

26 Januarie 1938

12. Die Unie en die buiteland

Die toespraak van dr. Malan in die Volksraad oor die gevaar wat die Unie bedreig deur die manier waarop die Regering optree teenoor die ontwikkelings oorsee, gaan elke burger juis nou persoonlik aan. Sy eis dat die Regering op hierdie kritieke tydstip in die wêreldgeskiedenis oop kaarte met die volk moet speel, is volkome geregverdig. Tot nog toe kry ons net die mees dubbelsinnige inligtings.

Dit beteken niks om te sê dat die Volksraad sal besluit of ons oorlog sal verklaar of nie en dat dit sal afhang van ons eie belang. Elke land moet so maak. Die punt is of die Regering se beleid is dat Engeland se belang noodsaaklik ook ons belang sal wees; dan wel of aangeneem word dat die Unie se belang soms direk sal kan bots teen dié van Engeland, en dat ons dan nie met Engeland sal saamgaan nie.

Genl. Smuts neem beslis eersgenoemde standpunt in. Daarom sê hy dat dit die regsposisie is dat, as Engeland in oorlog is, ons ook daarin sal wees, en ook dat as ons nie bereid is om by Engeland te staan nie, ons nie sal kan verwag dat hy by ons sal staan nie.

'n Reuter-berig uit Londen verlede Donderdag bewys dat die Engelse regering absoluut reken op samewerking – dus die saak net soos genl. Smuts beskou. Hore-Belisha, minister van oorlog, het in die Britse Laerhuis gesê: „Op die oomblik kan daar meer as 500,000 troepe deur middel van die Britse vrywilligerstelsel in geval van nood gemobiliseer word. Dit sluit in die 150,000 soldate wat deur die Dominiums onderhou word . . ."

Die Nasionale Party-beleid is heel duidelik presies die teenoorgestelde. Hy wil die Unie buite al die stryd hou, sodat dit die groots moontlike kans het om neutraal te bly. 'n Paar voorbeelde in verband met die gevaarbronne van die oomblik, soos deur dr. Malan aangehaal, sal die verskil tussen die partye se houding verduidelik.

Daar is die vraagstuk van Duitse kolonies. (Die Volkebond kan nou ook maar hierby buite rekening gelaat word, soos in alle ander sake). Tussen Duitsland en Suid-Afrika is daar net die vraagstuk oor die toekoms van Suidwes. Om dit in die beste gees behandel te kry,

behoort die Unie hom nie te bemoei met gebiede wat hom nie aangaan nie. Daarom sou die Nasionalis alleen oor hierdie gebied wil onderhandel. Die Regering tree anders op. Hy laat hom ook in met die toekoms van ander gebiede, en een minister het hom selfs tot ondersteuning van Britse belange geleen deur te verklaar dat dit nie in die Unie se belang sal wees as Tanganjika teruggegee word nie. Dit is bemoeiing met sake wat ons nie aangaan nie. Dit is bemoeiing met sake wat ons nie aangaan nie, maar wel Engeland, en kan net lei tot vertroebeling van ons onderhandelings met Duitsland oor Suidwes.

Dan wat die verhouding met Italië betref, en die stryd om heerskappy in die Middellandse See. Die Nasionalis sê dat die Unie met 'n derglike stryd niks te doen het nie, en dat daar geen aanleiding op aarde bestaan om twis met Italië te soek nie. Die Regering daarenteen verwag volgens genl. Smuts om ingetrek te word as Engeland sy belange moet verdedig. 'n Minister gaan boonop uit sy pad om te sê dat die militêre grense van die Unie by Abessinië lê. Die Unie-regering was selfs die enigste om sanksies toe te pas, en is die laaste wat die bestaande toestand in hierdie verre geweste wil erken. Is dit nie moeilikheid soek nie? En in wie se belang? Tog seker nie van die „slapende" Statebond van genl. Smuts se beskrywing nie!

Net so wat die ontwikkelings in Oostenryk, en miskien later Tsjeggo-Slowakye, betref. Frankryk is gereed om laasgenoemde by te staan. Engeland sal volgens sy eie waarborge nie kan agterbly nie. 'n Berig is gister versprei dat die toestande in Europa herhaaldelik deur ons kabinet bespreek is, wat deur die Britse Regering volledig op hoogte gehou word! Dat kennis geneem word van wat gebeur, is reg; maar waarvoor is al die besprekings as die Regering vas van voornemens is om uit die stryd te hou, wat Engeland ook al aanvang?

'n Wye kloof bestaan tussen die neutraliteitsbeleid van die Nasionale Party en die gereedstaan van die Regering om Engeland te help indien nodig. Elke internasionale geskil en oorlogspaniek openbaar dit.

16 Maart 1938

13. „Buy British"

'n Arbeiderslid het Woensdag in die Transvaalse Provinsiale Raad voorgestel dat die Unie-regering versoek word om by die aankoop van goedere wat nodig is vir gebruik binne die Unie van Suid-Afrika en die mandaatgebied Suidwes-Afrika, aan Britse en Suid-Afrikaanse fabrikate voorkeur te gee.

Teen die laaste deel van die voorstel dat voorkeur verleen word aan Suid-Afrikaanse goedere, kan geen opreggesinde Afrikaner enigiets inbring nie. Ongelukkig vervaardig Suid-Afrika egter nog nie al die benodigdhede van die land nie, sodat die land vir 'n groot deel van invoer van oorsee afhanklik is. Dit is dan ook duidelik dat die bedoelde lid, mnr. M. G. Green, dit juis oor ingevoerde goedere gehad het toe hy sy voorstel ingedien het. In sy toespraak het hy die aap uit die mou gelaat deur 'n heftige aanval te doen op Duitsland en Duitse goedere. Die hele tema van sy pleidooi was anti-Duits en pro-Brits. Dit is tipies van die houding van die Arbeidersparty. Hoedat enige persoon of party wat die belange van Suid-Afrika op die hart dra, met die kreet „Koop alleen Brits" op die lippe kan rondloop, is onverstaanbaar. Dit is in belang van Suid-Afrika dat sy handel nie op een land gekonsentreer word nie, maar soveel moontlik versprei is. En terwyl die Unie reeds veel meer van Brittanje koop as wat hy van ons koop, sou dit uiters nadelig wees om propaganda te maak vir meer aankope van Britse goedere.

Engeland bestudeer ook sy eie belang. Daarom sal hy sy voorkeur aan Suid-Afrikaanse goedere inkort om sy eie handel met Amerika te kan uitbrei.

25 Maart 1938

14. Dit noem hulle onafhanklikheid

In sy boodskap aan die volk van Suid-Afrika aan die vooraand van die verkiesing verklaar dr. Malan o.m.: „Die verkiesingsveldtog het binne die Verenigde Party ook die volkome triomf geopenbaar van die ou onnasionale en anti-nasionale Unionistiese politiek. Daar is geen enkele volksideaal waarvoor die nasionaalgesinde Afrikanerdom ooit gestaan het, wat nie prysgegee en deur die modder gesleep

is nie." Verder sê dr. Malan dat genl. Smuts nou die masker afgegooi het en dat genl. Hertzog hom met slaafse gedweeheid volg.

Die leier van die Nasionale Party het hier die spyker ongetwyfeld op die kop geslaan. Die lofliedere van die imperialiste oor die werk van die Verenigde Party dreun eintlik soos 'n koor gedurende die verkiesingstryd. Genl. Smuts, kol. Reitz, min. Hofmeyr, sen. Clarkson en min. Sturrock wedywer kliphard teen mekaar om te vertel hoe die Verenigde Party besig is om die bande met Brittanje te versterk.

In Kaapstad kon genl. Smuts verklaar dat die Unie 'n vyand wat 'n aanval doen op Simonstad, met tien koeëls sal begroet vir elke een wat hy afvuur; sy gehoor in Oos-Londen word verseker dat die Unie net soos in 1914 Brittanje in die uur van gevaar sal bystaan; die Johannesburgers kry weer die belofte dat die Britse onderdaanskap nie afgeskaf sal word nie. Kan enige nasionaalvoelende lid van die Verenigde Party enige onderskeid ontdek tussen hierdie toesprake van genl. Smuts en dié wat hy voor 1933 gehou het? Die Transvaler verstout hom om te sê dat daar nie 'n enkele onderskeid is nie. En dan sê min. Pirow nogal eergister op Standerton: „Vandag wil ek reguit sê dat ek een van dié is wat deur genl. Smuts bekeer is om te glo dat hy 'n ware Afrikaner en 'n goeie patriot is."

Hoe moet sulke woorde nou klink in die ore van genl. Hertzog? Hy is inderdaad 'n tragiese figuur, soos dr. Malan hom noem, want hy durf hierdie manne nie repudieer sonder om sy party uiteen te laat spat nie.

13 Mei 1938

15. 'n Wekroep

Die verkiesingstryd loop ten einde. 'n Oomblik wil ons die aandag van die leser wegvoer van die inhoud van die huidige verskille en vestig op die altyd weerkerende opwaartse strewe van die Afrikanervolk.

Die saak van Nasionalisme is ewig en sy ideale 'n onuitblusbare vlam; die politieke partystryd is elke keer net 'n nuwe fase. So ook die huidige stryd.

Op die pad van Suid-Afrika is daar opdraande en afdraande. Die Nasionale Party sukkel vandag teen 'n opdraand uit, maar as hy bo kom, sal hy hoër op die bergpad staan en verder in die vrye toekoms

kan uitstaar as enige ander politieke party nog ooit in ons land kon doen.

Die Verenigde Party het 'n kort pad na onder in die groen vallei gekies. Hy was te moeg of gemaksugtig om verder opwaarts te kyk. Daar onder soek hy rus – al is dit in die tuiste van vreemdelinge.

Die Nasionale Party kies die moeitevolle weg opwaarts: 'n eie toekoms in.

Ten bate van die nooit veranderende drang van Nasionalisme het die ontslape Afrikanerdigter, A. G. Visser, tydens die verkiesingstryd van 1929 die volgende wekroep tot sy volk gerig. Nogeens mag dit nou weerklink in diens van dieselfde strewe.

„Sal ons die Voortrekkerstempel bestendig
– Heer van sy hoewe en baas van sy plaas –
Of deur verslapping ontaard en lamlendig
Op ons geboortegrond kneg word en Klaas?
Had ons die Eendrag – die Mag – van ons leuse;
Had ons die Wil om te handhaaf, te hou . . .
Hier lê die kruispad en kort is die keuse,
Maklik die dwaalweg, maar . . . lank die berou!
. . . Nou is die dag, nou die uur van bestemming
Werda! Suid-Afrika: Nimmer of Nou!"

16 Mei 1938

16. Die Unie en Rhodesië

In die afgelope paar dae het daar vanuit verskeie dele van die Britse Ryk blyke gekom van 'n gejubel en gejuig oor die Verenigde Party-oorwinning in die pas afgelope Suid-Afrikaanse verkiesing. Die sterkste indruk wat die verkiesingsuitslag op Engeland en die ander dele van die Britse Ryk gemaak het, is dat die bande van die Empire – wat Suid-Afrika altans betref – nou hegter gemaak is.

Hoe sterk hierdie indruk van die Verenigde Party-regering se „lojaliteit" teenoor alles wat Brits is, posgevat het, blyk verder uit die interessante getuienis wat Maandag in Rhodesië afgelê is voor die Britse kommissie wat ondersoek moes instel na die moontlikheid van 'n nouer verband *tussen Suid- en Noord-Rhodesië en Niassaland.*

Mnr. Douglas Abrahamson, voorsitter van die Greater South Africa League, het in sy getuienis 'n sterk pleidooi gelewer vir die ver-

eniging van *alle „Britse"* gebiede in Afrika van Kaapstad tot in Midde-Afrika.

Die pas afgelope verkiesing in die Unie het volgens hom die dag van so 'n vereniging veel nader gebring, „daar dit blyk dat die republikeinse party in die Unie nie veld gewen het nie."

Die Britse state ten noorde van die Unie glo natuurlik geruime tyd aan die gemeenskaplike Ryksverdedigingsgedagte, waaronder hulle verstaan dat Suid-Afrika hulle sal beskerm en verdedig in tyd van oorlog. Die Unie se Minister van Mynwese, mnr. J. H. Hofmeyr, het dan nog agtien maande gelede in Mombasa verklaar dat die Unie se noordelike grens in werklikheid die noordelike grens van Kenia is!

Dit is egter veelbetekenend dat die afgelope verkiesing die Unie veel nader aan ons noordelike Britse buurstate gebring het, wat *hulle* betref, as net die beleid van gemeenskaplike verdediging. Die verkiesingsuitslag het die twee groot besware teen vereniging met die Unie, nl. die republikeinse ideaal en die tweetaligheidsbeginsel, vir daardie Engelse kolonies blykbaar heeltemal uit die weg geruim.

Die voorsitter van die Greater South Africa League het na aanleiding van sy voorstel om vereniging met die Unie verklaar dat die moeilikheid van tweetaligheid „'n saak is wat maklik geskik kan word!" Dit is die indruk wat die verkiesingsuitslag op hom gemaak het.

Dit is bekend dat genl. Smuts lankal met die idee van 'n vereniging of federasie van Britse state in Suidelik-Afrika besiel is. Toe hy in 1929 weer 'n sterk pleidooi vir hierdie oorgeërfde Rhodes-idee gelewer het, het die destydse Nasionale Party-regering, onder aanvoering van genl. Hertzog en met sterk steun van min. Pirow, geantwoord met die berugte „Swart Manifes." In hierdie manifes is genl. Smuts daarvan beskuldig dat hy van Suid-Afrika 'n swartmansland wil maak deur aansluiting te bepleit met die noordelike state, waar die belange van die miljoene naturelle bo die van die handjievol blankes gestel word! Gaan hulle weer dié houding aanneem as dieselfde gedagte bepleit word?

Diegene in die noordelike buurstate, wat nou vereniging met die Unie bepleit, kan net een van twee dinge uit die verkiesingsuitslag aflei. Dit is dat òf genl. Smuts vandag die Unie regeer, òf dat genl. Hertzog ten spyte van sy Swart Manifes, tot die Rhodesleer van genl. Smuts bekeer is.

25 Mei 1938

17. Hoe ons handel ly

Die Regering se imperialistiese neigings met die Unie se buitelandse handel is Dinsdag tydens die begrotingsdebat opnuut aan die kaak gestel deur Nasionale Volksraadslede.

So het adv. Eric Louw bv. aangetoon hoe waardevolle markte vir Suid-Afrikaanse produkte buite die Britse Ryk verwaarloos word, net ter wille van die belange van Engeland en van die voorkeur wat aan Britse produkte verleen word. Die Ottowa-voorkeurooreenkomste moes verlede jaar al hersien geword het, maar omdat Engeland nog al die tyd in onderhandeling is met Amerika oor 'n handelsooreenkoms moet Suid-Afrika maar aan 'n lyntjie gehou word. Intussen is die Regering nie bereid om die voorkeurooreenkomste met die lande van die Britse Ryk sodanig te wysig dat hy 'n voordelige handelsooreenkoms met 'n land buite die Ryk kan sluit nie.

Dit spreek vanself dat die pas herkose Minister van Handel en Nywerheid, sen. A. P. J. Fourie, wat in die dae van die Nasionale Partyregering so 'n uitgesproke kampvegter was vir die uitbreiding van die Unie se handel met lande buite die Britse Ryk, nie by magte was om die handelsbeleid van die Regering goed te praat nie. Hy het wel probeer antwoord op die aanval van adv. Louw, maar moes volstaan met die flou ekskuus dat die moeilikhede verbonde aan die handel met lande buite die Britse Ryk baie groot is!

As voorbeeld van sy „moeilikhede" het mnr. Fourie Frankryk genoem, en verklaar dat Frankryk in die huidige omstandighede „net soveel in die Unie kan verkoop as wat hy wil", maar dat die Unie vanweë die Franse kwotastelsel nie dieselfde in Frankryk kan doen nie.

Die feit dat mnr. Fourie sy toevlug neem tot so 'n onhoudbare argument, kan alleen verklaar word in die lig van die swak saak wat hy probeer verdedig het. Hy weet immers net so goed, indien nie beter nie, as enige ander persoon dat die Unie allesbehalwe 'n ope mark vir Frankryk is, en dat die bestaande Ryksvoorkeur die verkoop van Franse produkte in die Unie net so beperk as wat die verkoop van Unieprodukte vandag in Frankryk beperk word. Mnr. Fourie weet tewens baie goed dat Frankryk veel meer Suid-Afrikaanse produkte sal koop as die Unie maar net sy Ryksvoorkeurstelsel wil wysig en sodoende Frankryk in staat stel om op die Suid-Afrikaanse mark te kan meeding.

Dit sou mnr. Fourie veel beter loon om rondborstig aan die volk te

erken dat hy nie die Unie se handel met lande buite die Britse Ryk kan uitbrei nie, eenvoudig omdat die belange van die Britse Ryk in die oë van die huidige Regering eerste gestel moet word.

15 September 1938

18. „Die hele Britse Ryk"

Dit was met gespanne aandag dat miljoene mense eergisteraand oor die hele aardbol na die radiorede van Chamberlain geluister het. Die Britse Eerste Minister het gespreek as 'n staatsman wat 'n ramp van die mensdom wil afweer. Daarom is seker elke woord wat hy geuit het, vooraf gewik en geweeg ten einde sy bedoeling duidelik te laat uitkom.

Vir die Afrikaanse volk is daar een sinsnede wat taamlik onrusbarend is, omdat dit toon wat agter die skerms o.a. tussen Pretoria en Londen aangaan. Chamberlain het nl. gesê: „Hoe seer ons ook simpatiseer met kleiner lande wat teenoor 'n groot en magtige buurman te staan kom, kon ons nie in alle omstandighede beloof om *die hele* Britse Ryk (the whole British Empire) ter wille van hulle in oorlog te dompel nie."

Hoe kom dit dat Chamberlain uit naam van die hele Britse Ryk (en dus ook van Suid-Afrika) kan spreek? Het hy magtiging van uit Pretoria gekry om dit te doen? 'n Fout is dit nie want hy het elke woord getel. In die afgelope paar dae is gedurig in koerantberigte gemeld dat die Unie-kabinet op hoogte van sake deur die Britse kabinet gehou word en dat daar gedurig oor en weer van gedagte gewissel word. Dis trouens al 'n paar weke gelede verklaar dat genl. Smuts persoonlik met Downingstraat in verbinding staan – al is hy nie Eerste Minister of Minister van Buitelandse Sake nie, sodat daardeur 'n persoonlike belediging aan genl. Hertzog aangedoen is.

Dit gaan hier natuurlik nie net om vrede nie, al word pogings daartoe aangewend, maar ook om oorlog, want, onmiddellik nadat hy bogenoemde woorde geuit het, het Chamberlain daarop laat volg: „As ons genoodsaak is om te veg, moet daar meer op die spel wees as dit." Dus, as daar geveg moet word, staan die hele Britse Ryk ook saam. Die Unie-regering moet besig wees om tekens van steun aan Chamberlain te gee ten spyte van alle ontkennings, anders sou hy nie van „die hele Britse Ryk" praat in so 'n weloorwoë toespraak nie.

Sake kan deur die Afrikaanse deel van die Verenigde Party geplooi word net soos hulle wil, maar dit staan vas dat iedereen, hier en oorsee, oortuig is dat die Unie by Engeland in geval van oorlog sal staan. Toe verlede week van die voorgenome reis van min. Pirow na Engeland verneem is, is deur Reuter dadelik meegedeel dat gesaghebbende kringe in Engeland dadelik verklaar het dat die besoek „veelbetekend is met die oog op die huidige omstandighede." M.a.w. die koms van die Unie se Minister van Verdediging is vir Engeland 'n welkome steun, indien daar moeilikhede mag uitbreek.

Daar is lande, bv. die Oslo-state, wat gereed is om alle vredespogings, van welke kant dit ook mag kom, te steun, maar terselfdertyd hul neutraliteit in geval oorlog sou kom, duidelik verkondig. Die Unie-regering wil hierdie voorbeeld nie navolg nie. Waarom?

29 September 1938

19. Die strewe na eenheid

Die geroep na die eenheid van die Afrikanervolk roer noodsaaklikerwyse 'n tere snaar aan. Wie begeer nie dat al sy volksgenote eensgesind sal wees nie? Die Nasionalis, die man wie se hele politieke belydenis is om die Afrikaner op alle terreine van die lewe vry en selfstandig te maak, moet dit veral as sy doelwit stel. Tegelykertyd kan hy nooit gereed wees tot samewerking op *enige* grondslag nie. As hy sy beginsels en ideale sou moes prysgee, dan beteken die eenheid ook niks meer nie. Hy sou sy nasie in die proses verloën het.

Elkeen wat saamsoek na volkseenheid, is geneig om daarop te reken dat hy dit op sy voorwaardes sal kan verkry. Daarom rig hy sy beroep op die gevoel, met die geheime vertroue dat, as die mense eers bymekaar is, sy eie opvattings die botoon sal vier. In dié sin word teenswoordig groot misbruik gemaak van die groeiende geesdrif. Ons tref bv. aan dat die Verenigde Party-blaaie daaroor hul seën uitspreek en in byna dieselfde asem triomferend uitroep dat hierin 'n herhaling gevind moet word van die politieke samesmeltingsbeweging van 1932! Afgesien van die politieke voordeel wat gesoek word, word oor die hoof gesien dat dit juis die teenoorgestelde was, nl. samevoeging van alle moontlike vreemde elemente alleen vir die nut van die oomblik. Die onegtheid van die bedoelings van sulke beweerde apostels van die vrede bewys buitendien die feit dat i.p.v. spesiaal verdraag-

saam te wees, juis hulle uitermatig strydvaardig is teen volksgenote!

Dit is vandag nodig, waar die kreet na volkseenheid kom, dat goed oorweeg word wat bedoel word en wat prakties moontlik is. Eintlik word dit op drie maniere aanvaar.

Wanneer genl. Hertzog en baie van die lede van die Verenigde Party die geroep na eenheid verwelkom en aanbeveel, dan dink hulle aan 'n eenheid van *die hele bevolking*, dus aan 'n versoening ook van al die vreemde elemente. Die verskille van innerlike oortuiging en toekomsideale tussen die bevolkingsgroepe word nie raakgesien nie, en ook nie dat dit die ondergang van die Afrikaanssprekendes en hul kultuurgoedere beteken as hulle vandag in die heersende omstandighede opgelos moet word in so 'n nuwe volk nie. Daarin sal die elemente en die lewensrigtings oorheers wat nou die magtigste is. Hierdie vorm van eenheid verwerp ons tot in die grond en ons veroordeel só 'n vertolking van die doel van die huidige opbruisende gevoel as deur en deur verkeerd.

Dan is daar die uitleg wat die draadsitter, die beginsellose wat om selfsugtige of ander redes nie kant wil kies nie, aan die sug na eenheid heg. Hy sien daarin 'n uitweg uit sy moeilikheid, nl. dat dit onnodig sal word om te kies! Alle geskille voer hy terug alleen op 'n „twis tussen leiers." Daarmee misken hy die werklikheid, nl. dat die leiers twee volkome verskillende rigtings voorstaan wat diepgewortel is by hul volgelinge. Hierdie diepgaande verskille van beleid en ideaal maak dat geen eenheid gevind sal word deur die skuld te werp op persoonlike geskille tussen leiers nie. Hierdie mense kyk so stip na die muggie dat hulle die olifant waarop hy sit, nie raaksien nie.

Daarteenoor staan die erkende Nasionalis se erkenning van die volksdrang tot eenheid. Hy verlang en strewe ook na die opbou van 'n eie Afrikaanse nasie, en hy hoop dat alle Afrikaanssprekendes eendag met hom in sy beleid wat daarop gerig is, sal saamwerk. As praktiese mens erken hy egter dat dié oomblik nog nie aangebreek het nie en dat daar werklik groot beleidsverskille bestaan tussen die Afrikaners in die verskillende partye. Om 'n meganiese samevoeging tussen hulle te probeer bewerkstellig, besef hy, is 'n onbegonne taak.

Maar een ding, beweer hy, is wel moontlik. Afrikaanssprekendes moet kan verskil, selfs skerp verskil, dog as volksgenote en vriende. Hulle moet mekaar kan bestry, ja fel bestry, maar in alle hoflikheid en ordentlikheid. Bittere spot en bitsige woorde en persoonlike verguising is onnodig. DIT is die groot wins wat die Afrikanerdom kan

meedra uit die volksgevoel wat die naderende Voortrekkereeufees laat ontwaak het.

21 Oktober 1938

20. Afrikaner en Engelsman

Onlangs is in Die Transvaler aangetoon dat sekere begrippe maklik tot misverstand aanleiding gee, omdat hulle teenswoordig baie gebruik word deur teenstanders met heeltemal verskillende bedoelings. As dit nie besef word nie, kan groot verwarring volg.

'n Voorbeeld is die huidige eenheidsdrang. As die Nasionalis in aansluiting aan die Voortrekkerfeeste praat van „eenheid," „ons volk," „die eenheid van die Afrikanerdom," „versoening," „mede-Afrikaners," en „bymekaar kom wat bymekaar behoort," dan doel hy duidelik op die Afrikaanssprekende deel van die bevolking.

Baie gewone lede van die Verenigde Party bedoel presies dieselfde, en hulle is dan ook diegene met wie *saamgekom moet word*. Hierin, soos in verband met die vernaamste beleidspunte (bv. die strewe na republikeinse vryheid), stem hulle saam met die Nasionale Party. Hulle *is* Nasionaliste, as hulle dit net kon besef, en sal vroeër of later hul tuiste in dié party vind. Hier sal hulle hartlik verwelkom word, *omdat hulle volgens hul beginsels daar behoort*.

Wanneer die Verenigde Partyleiers, hul pers (Engels en Afrikaans) en hul Engelssprekende partygenote van allerhande rasse, daarenteen van „saamkom," „eenheid," „volks," ens., praat, dan doel hulle ondubbelsinnig op AL die bevolkingsbestanddele in die Unie – hoe vreemd ook al, en hoe verskillend van godsdiens of tradisie of diepste lojaliteit.

Dit is natuurlik 'n fundamentele verskil oor die hele aard van 'n eenheidstrewe, en oor 'n vorm van nasiebou, wat prakties moontlik is.

Uit sulke bewerings is blykbaar deur teenstanders afgelei dat die Nasionale Party te kenne gee dat hy nie met persone van Britse herkoms kan, of ooit sal kan, saamwerk nie, of dat hy glo dat dié mense *in geen omstandighede* in die Afrikaanse volk opgeneem kan word nie. Die Transvaler het meermale sy standpunt oor die verhouding tot die Engelse uiteengesit, maar blykbaar is herhaling nog nodig ter wille van diegene wat dit nie kan of wil begryp nie.

Allereers spreek dit vanself dat ons hier te doen het met verhoudings op *staatkundige* gebied. 'n Nasionalis kan vriendskaplike omgang hê met indiwiduele Engelse en tog sielsoortuig wees dat, wat die meerderheid van laasgenoemdes betref, politieke botsings teenswoordig onvermybaar is. Dit moet volg uit die groot verskil in doelstelling wat teenswoordig nog bestaan tussen die nasiebewuste Afrikaner en die *Ryksgetroue* Engelsman. Dit is nie 'n kwessie van persoonlike haat nie, dog van 'n botsing van belange en volksideaal.

Toekomstige assimilasie

In verband met die ontwikkeling van ons volk in die toekoms, is ons uitgangspunt dat die enigste inheems-gevormde blanke nasie in Suid-Afrika die Boerevolk is. Daarin is reeds mense van Engelse, Nederlandse en Franse afkoms en ander Christenvolke van Wes-Europa geassimileer. Hulle het Afrikaners geword met Afrikaans as taal, al ken en gebruik hulle ook Engels en ander tale. Vir baie van Engelse herkoms het Afrikaans selfs hul moedertaal geword al dra hulle Engelse vanne. Die kernpunt is juis dat hulle volkome ingevoeg is in die Boerenasie, en sy ideale leer eerbiedig het as hulle eie bo dié van enige ander nasie ter wêreld.

Persone wat van die Engelse, Nederlandse of ander volke afstam waaruit die Afrikanervolk saamgestel is, kan ook vandag nog netso opgeneem word. Dan moet ook hulle egter die primêre band met hul stamvolk opsê en in gees en in waarheid hul nuwe volk aanhang. Dit is die onverbiddelike voorwaarde. Daar is Engelse wat dit vandag doen, al is hul getalle nog gering. Die Nasionalis verwelkom ook hul assimilasie, want hier is geen halwe maatreëls of kompromisse nie. Hy verwag 'n ewe volkome oorgawe aan die nuwe volksverband as wat van die Fransman, Sweed, Duitser of wie ook al verlang word as hy Britse burger, Amerikaner of wat ook al wil word.

Verreweg die meeste Engelssprekendes in die Unie is op die oomblik nie hiertoe bereid nie. Hulle wil hulle wel graag Suid-Afrikaners noem, omdat hulle hier 'n bestaan maak en 'n woning het, en 'n sekere vorm van gehegtheid aan die land besit, dog in hul hart en in hul trou wil hulle tegelykertyd Engelsman bly met liefde vir die Britse koning, die Union Jack en die Engelse volkslied. Ook behou hulle 'n gevoel van eerste verpligting teenoor Engelse belange, o.a. op handelsgebied, wat hom uit in hul gereedheid om openbare fondse on-

voordelig by Britse firmas te bestee. Hulle begeer verder onvoorwaardelik die behoud van ekonomiese en konstitusionele bande met hulle „home"-land.

Dit is geen volkseenheid wat geskep word as die Verenigde Party sulke mense (om nie eers te praat van ander bevolkingselemente nie) wat geen jota van hul dubbele trou prysgee, deur onderhandelings tot politieke samewerking in een party saambring nie. Dit kan selfs nie die begin van 'n proses van omskepping tot één volk wees nie, soos Verenigde Party-aanhangers graag beweer, omdat hulle dit begeer.

Die rede is dat hierby die mees essensiële krag tot samevoeging oorboord gegooi is, nl. dat die inheemse deel van die bevolking wat reeds 'n nasie is, sy volksbestaan onverbiddelik handhaaf, sodat daar iets bestendigs is waarmee die vreemde kan geassimileer word. Inderdaad *vertraag* die metode van die Regeringsparty die assimilasieproses. Dit laat immers een bevolkingsbestanddeel ekonomies, konstitusioneel en sentimenteel bly worstel in 'n oorsese wêreldmag, wat soos 'n enorme rem werk teen die uitbou van die bestaande Suid-Afrikaanse volk tot één waarin ook huidige Engelse as sodanig sal kan verdwyn.

Die Nas. Party se eerste strewe is vandag nie gerig op die bekering van Engelse in die land tot sy beleid nie. Dit is omdat hy weet dat hy nie dié mense kan bring tot ware trou aan één volk en één land, Suid-Afrika, alleen, en hom volkome wegspeen van sy Britse vaderlandsliefde as nommer een, solank van sy Afrikanerlandgenote tevrede is met so 'n dubbelsinnige posisie nie. Die Nasionale Party glo verder dat eers wanneer verkry is dat alle Afrikanerlede van die Boerenasie saamstaan as die magtige bevolkingsgroep wat hy behoort te wees, die assimilasie van groot getalle Engelse *in die ware volle* sin sal begin.

Die verdeling onder Afrikaners, wat veroorsaak is deur die Verenigde Party-beleid om 'n oppervlakkige party-eenheid teweeg te bring, wat allerhande swak kompromisse beteken, bemoeilik nie alleen volkseenheid onder Afrikaanssprekendes vandag nie, maar vertraag nog boonop die volle opname van persone van Engelse herkoms in 'n Afrikanervolk, wat vasgeplant staan in die bodem van Suid-Afrika alleen.

29 Desember 1938

21. Ons en Engeland

Die Unie se geakkrediteerde verteenwoordiger in Kanada, mnr. De Waal Meyer, het volgens 'n Sapa-berig wat gister in Die Transvaler verskyn het, verklaar: „As Engeland in gevaar verkeer, sou Suid-Afrika nie aarsel om alle moontlike bystand te verleen nie, want waar sou ons sonder Engeland wees?"

Mnr. Meyer het hierdie verklaring gedoen in sy hoedanigheid as die amptelike verteenwoordiger van die Unie in Kanada. Dus kan die buitewêreld dit op geen ander wyse vertolk nie as 'n amptelike beleidsverklaring van die Unie van Suid-Afrika.

Genl. Smuts het as erkende imperialis natuurlik reeds al in die rigting van mnr. Meyer se gewraakte uitlating gepraat. Maar genl. Hertzog het as Eerste Minister van die land gewoonlik geweier om of te erken of te ontken dat genl. Smuts se uitlatings oor die saak die beleid van die Regering verteenwoordig.

Nou kom mnr. Meyer *as lid van die personeel van genl. Hertzog se eie Departement van Buitelandse Sake* en vertel namens die Unieregering aan die buiteland dat Suid-Afrika nie sou aarsel om Engeland alle moontlike hulp in tyd van gevaar te verleen nie!

As beweer word dat mnr. Meyer alleen uiting gegee het aan sy persoonlike imperialistiese sienswyse, wat hy nie in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van die Unie mag doen nie is dit nou die plig van genl. Hertzog om sy geakkrediteerde verteenwoordiger in Kanada te repudieer en openlik aan die buiteland en aan die volk van Suid-Afrika te vertel dat die Unie neutraal sal bly. Stilswye beteken dat genl. Hertzog erken dat sy verteenwoordiger in Kanada die beleid van die Regering van die Unie vertolk het.

11 Februarie 1939

22. Engeland se melkkoei

Die jongste handelsyfers wat deur die Britse ministerie van handel gepubliseer is, toon dat Suid-Afrika in 1938 vir die derde agtereenvolgende jaar Brittanje se vernaamste afsetgebied gevorm het. Suid-Afrika het naamlik in die afgelope jaar goedere ter waarde van £39,509,000 van Engeland gekoop, meer as wat enige land van die wêreld van Engeland gekoop het.

Dat Engeland in 1938 allesbehalwe 'n soortgelyke mark aan Suid-Afrika gebied het, blyk baie duidelik uit die Engelse invoersyfers. Engeland se invoer vanuit Suid-Afrika het naamlik slegs £14,633,000 beloop, d.w.s. slegs 'n bietjie meer as een-derde van die bedrag wat Suid-Afrika aan die aankoop van Britse produkte bestee het!

Dit is treffend dat Suid-Afrika bo-aan die amptelike lys staan van Engeland se 12 beste klante, terwyl die Unie nie eens 'n plek kry op die amptelike lys van Engeland se 12 vernaamste bronne van invoer nie. Engeland het in die betrokke jaar van lande soos die Verenigde State van Amerika, Argentinië, Brits-Indië, Australië, Ierland, Nu-Seeland, Kanada, ens., veel meer gekoop as wat hy van Suid-Afrika, sy beste klant, gekoop het. Van Australië het Engeland bv. vir meer as vyf keer soveel gekoop as van Suid-Afrika; van Nu-Seeland vir meer as vier keer soveel; en van Kanada vir byna 5½ keer soveel. As uitvoerland na Engeland staan Suid-Afrika dus ver agter enige ander dominium.

Die afgesaagde argument dat die Unie se gouduitvoer ook by ons uitvoer na Engeland gereken moet word, word selfs deur die Britse ministerie van handel verwerp. In geen van die amptelike syfers waarna hierbo verwys is, is die uitvoer van goud uitgesluit nie. Dit is dan ook niks meer as billik nie. Baie meer as die Unie se jaarlikse produksie van goud word deur Engeland weer na Amerika gestuur, sodat die Unie se gouduitvoer in werklikheid na Amerika gaan. Dus heeltemal afgesien van die feit dat goud geen handelsartikel is nie, kan die Unie se gouduitvoer na Engeland nie in rekening gebring word met ons handel met Engeland nie.

Daar is egter nog 'n faktor wat in aanmerking geneem moet word wanneer die Unie se uitvoer na Engeland vergelyk word met ons invoer van Engeland. Dit is naamlik dat miljoene ponde elke jaar deur die Unie aan Engeland betaal word in die vorm van diwidende, rente, skeepsvrag, assuransie, geld wat Suid-Afrikaanse toeriste in Engeland uitgee, ens. Dit vorm Suid-Afrika se onsigbare invoer vanuit Engeland, wat veel meer beloop as Engeland se onsigbare invoer vanuit Suid-Afrika. In werklikheid is die verskil tussen ons £39,509,000 se invoer vanuit Engeland en £14,633,000 se uitvoer na Engeland dus veel groter as wat deur die syfers aangetoon word.

Niemand kan ontken dat die belange van die land verg dat hierdie ongunstige posisie verander moet word nie. Suid-Afrika verloor daar veel by om so 'n ongunstige handelsbalans met Engeland te handhaaf.

As Engeland dan nie meer van Suid-Afrika wil koop nie, dan behoort die Unie sy aankope van Brittanje in te kort. Ons kan ons aankope van die buiteland versprei oor baie ander lande, wat maar te bly sal wees om in ruil daarvoor hul aankopings van die Unie ooreenkomstig uit te brei. Die Unie het nuwe markte broodnodig en die aangewese weg om dit te verkry is om meer van ander lande te koop en minder van Engeland.

Dit is te hope dat die Unie-regering wel deeglik rekening sal hou met hierdie saak wanneer die nuwe handelsooreenkoms eersdaags met Engeland gesluit word. Daarbenewens behoort die Regering stappe te doen om plaaslike owerhede, soos die groot munisipaliteite van die Unie, te belet om voort te gaan met hul huidige beleid van onverskillig van prys altyd voorkeur te gee aan Britse produkte. Die belange van die land verg dat Suid-Afrika, instede van die melkkoei van Engeland te wees, sy aankope uit die buiteland op die voordeligste wyse vir sy uitvoerders reël.

14 Maart 1939

23. Republikeinse strewe

'n Heeltemal verwronge weergawe van dr. Malan se toespraak op Stellenbosch in Sondagblaaie moes die skyn verwek dat hy nou die Albert Hertzog-basis verwerp, en daarmee ook die duidelike republikeinse strewe wat dit bevat. Die vollediger verslag in Die Transvaler gister toon egter aan wat hy werklik gesê het.

Dit was 'n treffende toespraak waarin hy die huidige politieke toestand sonder die vaagheid en ontduikings van Verenigde Partysprekers behandel het. Wie van hulle wat die Nasionaliste altyd van selfsug beskuldig, sal dr. Malan durf nasê: „Ons (die hele volk) sal moet wegkom van die standpunt van partybelang bo alles, *van leierbelang bo alles*, van eiebelang bo alles, en by ons moet op die voorgrond staan volksbelang." Dit kan alleen kom van 'n leier en 'n party wat die woestyn bo die graanskure van Egipte kon kies.

Oor die republikeinse strewe was dr. Malan so beslis soos kan kom. „Diep in die siel van die Afrikaner sit die ideaal van 'n vrye, onafhanklike nasie . . . en vir die Afrikaner is daar geen beter staatsvorm as onafhanklike nasie as die republikeinse staatsvorm nie . . . Moenie

die Nasionalis vra om van die republikeinse ideaal en strewe 'n tittel of jota af te gee nie." Dit was sy woorde.

Dit is harde bene vir die Regerings-pers om te kou, en al wat hulle kan doen, is om sy goeie trou onder verdenking te probeer bring. Dit doen hulle deur nadruk te lê op sy tweede stelling asof dit hierdie eerste omverwerp. Dr. Malan het nl., soos nog altyd in die verlede, diegene wat van hom verskil oor die republikeinse strewe, maar in alle ander beleidspunte saamstem, uitgenooi om dan *daartoe* te help saamwerk. Tegelykertyd onderneem hy, as eerlike mens teenoor hulle, om wanneer hy die verandering van staatsvorm gaan bewerkstellig met behulp van die volk nie hul steun te gebruik nie. Dan sal hy hom beroep op die volk op dié punt alleen en hulle kan dan daarteen stem. Hy is oortuig dat die meerderheid op so 'n reguit beroep oor die een punt alleen hom die opdrag sal gee. Die Regering weet dit ook, daarom wil hy nie eers op versoek van die ondersteuners 'n volkstemming oor die saak laat plaasvind nie. Die gewone verkiesings gaan egter nooit oor een saak alleen nie, dog ook allerhande maatskaplik-ekonomiese vraagstukke.

Die Regeringspers is dood benoud oor dié standpunt van dr. Malan. Hy besef dat selfs menige Engelssprekende diep teleurgestel is oor die swakheid van Regeringsoptrede teenoor landsvraagstukke. Hul steun kan alleen behou word vir die Verenigde Party op grond van hul vrees vir konstitusionele veranderings. Nou word alle middels geprobeer om hierdie steun aan die Nasionale Party te onthou.

Die Regering besef buitendien, net so goed soos dr. Malan dit besef, dat, as die Nasionale Party aan bewind kom, hy sal bewys dat hy werklik regeer in volksbelang. Daardeur, en ook deur die geleidelike afsny van Rykslande, soos deur dr. Malan in ons eerste uitgawe duidelik onderneem, sal buitendien hier, net soos in Ierland destyds, menigeen tot 'n voorstander van 'n republiek opgevoed word, wat voorlopig nog teenstander is. Die beslissing word daardeur nog meer verseker wanneer die dag vir die volkstemming aanbreek.

Hierdie ontwikkeling onder leiding van 'n besliste Nasionale Partyregering vrees die Verenigde Party-leiers. Daarom maak hulle asof hulle nie die verskil insien nie tussen die duidelike republikeinse doelstelling van dr. Malan, *met sy heldere aanduiding van watter weë en helpers hy gaan gebruik om dit te bereik* **en watter nie,** en die republikeinse verkiesings-propaganda van 'n genl. Kemp wat moet dien om 'n eintlike imperialistiese party aan bewind te hou. Dr. Malan ver-

werp die Stellenbosse formulering omdat dit gevaar loop om in laasgenoemde te ontaard, en kies die ondubbelsinnige doelstelling met die rondborstige openbaring van hoe hy dit gaan verwesenlik. Verdenking saai teen sy goedertrou is ook hier 'n uiting van die bekende imperialistiese „verdeel-en-heers-taktiek."

21 Maart 1939

24. Die diensmaag van Brittanje

Die huidige politieke krisis in Europa lewer andermaal bewys van hoe daar met alle middels na gestreef word om die Britse Ryk as 'n eenheid te laat optree. Hierdie strewe word nie net vanuit Engeland aangemoedig nie, maar daar is alle aanduidings dat die Unie-regering ook nie onverskillig teenoor die beweging staan nie.

Chamberlain, wat gedurende die krisis verlede September dit op hom geneem het om namens die hele Britse Ryk te spreek sonder teenspraak van die Unie-regering, het verlede Vrydagaand in sy redevoering weer op die onderwerp teruggekom in verband met die huidige krisis. Hy het die vraag gestel of die wêreld deur die magsontplooiing van Duitsland bedreig word en as antwoord daarop laat volg dat in so 'n geval „ons natuurlik ons eerste na ons vennote (partners) in die Britse Ryk sal rig." Deur hierdie woorde wou hy Duitsland onder die indruk bring dat, in geval van oorlog of iets dergliks, hy die hele Britse Ryk teen hom sal kry. Het Chamberlain magtiging van die Unie-regering om hierdie bewering te maak? Indien dit nie die geval is nie, waarom word dan geen verklaring uitgereik of Chamberlain se woorde gerepudieer nie?

Daar is egter nog ander tekens wat aantoon dat die drade tussen Kaapstad en Londen getrek word. Onmiddellik na afloop van die Britse kabinetsitting verlede Saterdagmôre is o.m. mnr. Charles te Water ingeroep vir raadpleging. Wat het die verteenwoordiger van die Unie daarby te soek as die Britse kabinet besig is om sake te bespreek waarby die Unie nie gemoeid is nie? Word hierdeur nie aan die wêreld getoon dat die Unie en Brittanje in verband met die krisis sy aan sy staan nie?

So openlik geskied hierdie samewerking tussen Brittanje en die Unie dat die politieke korrespondent van die Sunday Times kon verklaar dat die hele Verenigde Party nou die mening van genl. Smuts

huldig insake die Unie se deelname aan die oorloë van Brittanje. En genl. Smuts het mos verlede September verklaar dat die Unie moet byspring, wanneer Brittanje in „lewensgevaar" verkeer! 'n Britse onderadmiraal getuig weer van die fundamentele belang van bewapende Unie-hawens vir Brittanje in oorlogstyd. Oral word ons vasgebind en nog ontken regeringsmanne soms ons slaafse gebondenheid aan Britse oorlogsbelange, en aan die belange wat staan agter die agitasies oor die hele wêreld om oorlog te bewerkstellig om wraak teen Duitsland uit te oefen.

22 Maart 1939

25. Is dit vryheid?

Die vraagstuk van die dubbele onderdaanskap, waarmee elke Unieburger nog steeds opgesaal sit, het deur die Engelse besluit om diensplig in te voer weer aktueel geword. Die Britse regering beskou nl. elke burger van die vrygeweste wat op die oomblik in Engeland vertoef, as vallende onder die bepalings van die wet. Hulle is *in die oë van die Britse regering* vir diensplig – die hoogste plig van 'n indiwidu teenoor 'n staat, want dit kan sy lewe kos – net sulke Britse onderdane as wat 'n gebore Engelsman dit is.

Herhaaldelik het die Nasionale Party al daarop gewys dat die dubbele burgerskap 'n onding is wat die Afrikaner in die oë van die buitewêreld hopeloos kompromitteer. Hierdie mening is steeds deur die Verenigde Party bestry. Net voor sy vertrek na die kroning van die Engelse koning in 1937 het genl. Hertzog nog in die Volksraad verklaar dat Britse onderdaanskap vir die Afrikaner net voorregte meebring en geen verpligtings nie. 'n Rukkie gelede het sy blad verklaar dat die Britse onderdaanskap dan so handig te pas kom as – 'n „reisgerief!"

Die invoering van diensplig in Engeland het getoon dat die Nasionale Party se standpunt die juiste een is. Op 5 deser het adv. Louw aan die Eerste Minister die vraag gestel of „Unie-burgers en veral studente in Engeland onderhewig sal wees aan Britse militêre diensplig." Genl. Hertzog se antwoord was dat die Britse regering hom reeds in kennis gestel het dat hy „sekere stappe" gaan doen. „Hierdie stappe word deur die Unie-regering beskou as bedoel om te sorg dat geen Unie-burger onderhewig is aan diensplig in Brittanje nie." Die ant-

woord kom dus hierop neer: Die Britse regering beskou dat hy elke Unie-burger wat in Engeland vertoef, *diensplígtig kan maak*, maar *uit pure grootmoedigheid* sal hy hulle vrylaat (d.w.s. as die Eerste Minister die „stappe" reg „beskou.") Waar bly nou genl. Hertzog se bewering dat Britse onderdaanskap vir die Afrikaner geen verpligtings meebring nie?

Verlede week weer het die berig gekom dat die Britse regering van plan is om Ierse staatsburgers wat in Engeland woon, ook diensplígtig te maak. Weier hulle, dan moet hulle die land verlaat. Ierland het die band met Brittanje al baie losser gemaak as die Unie en in Ierland is daar selfs net een burgerskap. Tog word dit nie eens deur die Britse regering in aanmerking geneem nie, maar behandel hy Ierse onderdane op grond van die verlede as Britse onderdane wat vir Engeland se ontwil kon gekommandeer word. Dit sal hy nie doen met Hollanders, Amerikaners, Swede of wie ook al wat in Engeland hul broodwinning het nie. Dit dui dus aan hoe dominiale status nie dieselfde is as vryheid nie, en hoe die dubbele burgerskap werklik ons afhanklike status bewys in krisistye. Die bobbejaan bly nog vas aan die paal.

Die vraagstuk van dubbele burgerskap is nie so onskuldig as wat die Verenigde Party wil voorgee nie. Brittanje vat die Unie-burger in Engeland eenvoudig op as Britse onderdaan wat goed en bloed in sy stryd moet offer en van wie dit selfs kan afgedwing word. Kan 'n mens ander lande dit dan kwalik neem indien hulle die Unie-burger weens sy Britse onderdaanskap eenvoudig met die Brit vereenselwig, en dat as Engeland in oorlog is, hulle die Unie, wie se onderdane in Engeland as Britte kan gekommandeer word om te veg vir Engeland, as vyand en oorlogvoerende gewes aansien? Hoe eerder aan hierdie anomalie van dubbele burgerskap 'n einde gemaak word, hoe beter sal dit vir elke Afrikaner wees. Dit sal hom nader aan vryheid bring en groter sekerheid verleen dat hy uit ander se oorloë kan bly.

24 Mei 1939

26. Genl. Hertzog en die republiek

Met die twee uitdrukkings wat gister bespreek is, het genl. Hertzog blykbaar daarin geslaag om sterk verontrusting by die Nasionaliste teweeg te bring. Uit verskeie dele van die Rand en Transvaal het sterk besware ons bereik van Nasionaliste wat sê dat hulle alleen be-

reid is om saam te kom onder 'n leier wat 'n erkende strewer na 'n republiek is. Hulle herinner daaraan dat 'n leuse van die Nasionale Party is dat leiers alleen gevolg word solank hulle die ware Nasionale beginsels volg.

Ook beklemtoon hulle dat al die gejuig oor die eenheid wat gaan kom, gebore is uit die oortuiging dat die jongste gebeurtenisse die lede van die Hertzog-groep republikeine gemaak het, selfs in die geval van diegene wat tevore vir die behoud van die Britse verband was. Nie eenheid teen elke prys nie, maar eenheid alleen op Voortrekkerbeginsels, noem hulle hul doel „as dit nie kan verkry word nie, dan word ons net so 'n innerlike verdeelde Nasionale Party as die gewese Verenigde Party was," sê hulle, „en dan sal die Afrikanerdom net in skyn ook op politieke gebied verenig wees, maar in werklikheid verswak deur innerlike geskille en tweedrag. Dan wil ons liewer geen partye-vereniging hê nie!"

Die uiteensetting in Die Transvaler gister, nl. dat 'n ongelukkige formulering waarskynlik maar net gebruik is en dat dit nie tot misverstand moet aanleiding gee nie, het egter blykbaar geslaag om gemoedere tot 'n groot hoogte te kalmeer. 'n Afwagtende, hoewel nou meer kritiese, houding teenoor die beraadslagings van die leiers in die middel van hierdie maand word dus aangeneem.

Hierdie voorval het egter weereens laat blyk, en ons stel dit hier openhartig daar die leiers van sulke uitdrukkings van die openbare mening moet kennis dra en daarmee rekening hou, dat geen poging tot die skepping van een Afrikanerparty sal slaag nie tensy die republikeinse beleid in onverwaterde vorm en ondubbelsinnige formulering aanvaar word as een van die eerste grondbeginsels daarvan.

Volgens mededelings uit die Vrystaat skyn dit asof daar beroering veroorsaak is. Die opskrifte in Die Volksblad van Saterdag jl. het volgens dié mededelings die indruk geskep dat genl. Hertzog hom definitief anti-republikeins verklaar het. Daarin is nl. vertel dat genl. Hertzog die politieke toekoms skilder, en o.a. „strenge voorwaardes vir . . . behoud van lidmaatskap van die Britse Statebond" aangedui het. Daarop het gevolg: „Suid-Afrika sal as vrye, onafhanklike land geregeer word *of* uittree." In die vetgedrukte aanhef staan ook „Hy (genl. Hertzog) is ewenwel nie ten gunste daarvan (afskeiding uit die Britse Statebond) nie."

Soos gister reeds berig is, is Die Transvaler nie bereid om die paar sinsnedes met hierdie mate van nadruk te bejeën nie, want as hulle

werklik moes beteken dat genl. Hertzog nie bereid sou wees om as leier die republikeinse strewe volmondig te aanvaar nie, dan sou hy die kanse op politieke eenwording daarmee vernietig. Dit kan nie aangeneem word dat genl. Hertzog nié die republikeinse vryheidsdrang van die Afrikanervolk besef nie, of dit sou wil teengaan nie.

Ons skryf hierdie woorde met die diepste besef van die verantwoordelikheid van so 'n netelige saak in die openbaar te behandel so kort voordat die onderhandelings tussen die leiers moet plaasvind. Die ervaarde uitwerking van die toespraak en die nadruk in die pers op die betrokke dele, maak hierdie openhartige bespreking egter noodsaaklik, juis in belang van 'n gesonde eenheidstrewe.

Almal streef daarna

Eindelik kan die Nasionaliste wat soos ons segsmanne ongelukkig en onseker voel, ter gerusstelling aan die volgende herinner word. Die groot volksbyeenkoms by Monumentkoppie het die geloof van die Afrikanerdom luid en onbewimpeld verkondig dat eenheid moet ontstaan om koers te vat op die laaste skof na 'n republiek. Die jongste Nasionale Partykongresse in *al vier* provinsies het dit beklemtoon as dié voorwaarde vir eenwording. By elke onlangse geleentheid het dr. Malan beklemtoon dat die Britse konneksie 'n *gevaar* vir die Unie geword het, en 'n paar dae gelede in die Paarl het hy beken dat hy gevrees het dat hierdie verband 'n struikelblok sou wees in die pad van samewerking, „maar vir sover ek kan oordeel en *volgens die verseke-rings wat aan my gegee is* bestaan daardie struikelblok vandag nie meer nie."

Dr. Bremer as voorsitter van die Kaaplandse kongres het verklaar: „Ons hand sal uitgestrek bly na elkeen in Suid-Afrika *wat bereid is om met ons saam te werk vir die verkryging van 'n republiek* in Suid-Afrika." By dieselfde geleentheid het mnr. E. H. Louw wegbreking van Brittanje as nou *praktiese politieke* uitvoering bepleit. Die kongres het toe besluit „om opnuut die republikeinse doelstelling en strewe van ons party te bevestig, om elke geleentheid waar te neem om alle nog bestaande oorblyfsels van ons vroeër onderhorige status te verwyder en verder om op oordeelkundige wyse voort te gaan met die verbreking van alle nog bestaande konstitusionele bande met die Britse ryk."

Maar ook van die kant van die Hertzog-groep het vanaf 4 Septem-

ber herhaaldelik sulke stellingnemings gekom. Die uitsprake van genl. Kemp was ondubbelsinnig. Ook sen. Grobler en mnr. Havenga het hulle gunstig uitgelaat. Adv. Pirow het Saterdag nog in Pretoria verklaar: „Die Afrikaners staan nou byeen en die uiteindelike doel sal die republiek wees. Opofferings sal daarvoor gemaak word en moeilikhede sal ondervind word, *maar ons is bereid om dit te doen.*"

Laat dus in kalmte die aankondiging van die uitslag van die beraadslagings van die leiers afgewag word. **Want hulle kan nie die eenwording van die Afrikanerdom laat misluk deur tweeslagtigheid in verband met die republikeinse strewe te aanvaar na alles wat vooraf gegaan het nie.**

7 November 1939

27. Geen kompromis nie

In aansluiting aan genl. Hertzog se toespraak op Smithfield het Die Volksblad in sy hoofartikel verlede Maandag 'n standpunt ingeneem waarteen Die Transvaler duidelik in die openbaar beswaar wil maak, hoe jammer dit ook al is om van 'n mede-Nasionale Partyblad te verskil. Dit gaan hier egter oor sake wat juis op hierdie oomblik vir die Afrikanervolk van so 'n hoogstaande belang is, dat die grootste duidelikheid en openhartigheid geverg word.

Die Volksblad skrywe: „Of Suid-Afrika ooit werklike vryheid kan bereik as lid van die Britse Statebond, is twyfelagtig. Genl. Hertzog betwyfel dit saam met ons, maar hy is bereid om nog één kans te gee . . . As daardie elemente (die Britse en Britsgesinde elemente) nog enige verstand besit, sal hulle hulle daarby neerlê en dan *is dit moontlik om die voordele van die Britse Statebond te aanvaar* sonder om saamgesleep te word in al sy nadele van Poolse oorloë en so meer. *Die keuse lê aan die Britte self.*" Van hierdie stelling verskil Die Transvaler uit en uit. Die Nasionale rigting is **nie** om onder sekere voorwaardes binne die Britse Statebond te bly of om hom te verbeel dat hy moontlik voordele daarmee aanvaar nie. Die Nasionale rigting stuur pylreguit na 'n republiek. Ook het ons genoeg in die verlede die Britte laat kies wat met Suid-Afrika sal gebeur. *Hierdie keer kies die Afrikaner self.*

Ons mag nie 'n Nasionale blad so iets onweerspreek laat verkondig enkele dae voordat die onderhandelings tussen die leiers plaasvind

nie. Dit sou miskien by genl. Hertzog 'n verkeerde indruk kan verwek en tot onherroeplike skade lei. As nl. oor die republikeinse strewe 'n verskil van standpunt sou blyk, sal geen politieke partyeenheid tot stand kom nie, want hieroor is geen kompromis meer moontlik nie. Nie alleen in Transvaal nie, maar ook in die Vrystaat staan die eis om 'n republiek onverbiddelik sterk.

Daaraan is vir die soveelste maal duidelik uiting gegee op die jongste Nasionale Partykongres in Bloemfontein. Ook op Smithfield Saterdag het dr. N. J. van der Merwe, wat na genl. Hertzog opgetree het en wel as leier van die Nasionale Party in die Vrystaat, onder uitbundige en langdurige gejuig verklaar: „Daar is net één manier om Suid-Afrika vir goed van rassehaat te verlos en ons vryheid te waarborg, en *dit is om die Britse konneksie vir goed en vir altyd te breek*."

Dr. Malan self het as hoofleier 'n besielende boodskap aan die Vrystaat gebring by genoemde onlangse kongres, en ook daar getuig: „Wat die betekenis hiervan alles is, *is dat Suid-Afrika 'n vrye onafhanklike republiek gaan word.* Ons verkondig daardie ideaal luidkeels op die dakke . . . Kaapland se Nasionale Party is met republikanisme in die vaandel *sterker as ooit.* Die Vrystaat en Transvaal kan nou self besluit."

Die Nasionaliste van Transvaal en die Vrystaat het reeds lank besluit. Hulle sien alleen heil op politieke gebied in 'n uitgesproke republikeinse party.

8 November 1939

28. Die anti-republikein

Mnr. Havenga het op Trompsburg duidelik die uiteensetting bevestig wat gister in Die Transvaler verskyn het. Die kern is dat die byeenkoms in Pretoria nie geslaag het nie, omdat hy en genl. Hertzog as eis gestel het dat die houding van die gewese Verenigde Party teenoor 'n republiek oorgeneem moet word. Dit sou beteken het dat die republiek as doelstelling van die party weggelaat moes word, hoewel aan *individuele* lede genadig volle vryheid vir republikeinse beskouings en propaganda toegestaan sou word. Die nuttelosheid van so 'n steunvang-bepaling het die Nasionaliste reeds beklemtoon. Dis nou ook ondubbelsinnig bewys dat die teorie van mense wat fundamenteel van jou verskil, binne jou party om te haal, nie uitwerk nie.

Mnr. Havenga het ook weer duidelik gemaak dat hy die uitskakeling van die republikeinse doelstelling verlang om aanhangers te kan behou wat selfs **anti**-republikeins is. As die beskermheer van so 'n klein groep anti-republikeine wat hom sou volg, het hy hom egter nie bekommer oor die groot skare Nasionaliste en andere wat as besliste republikeine nie in so 'n Britse konneksie-party sou kan ingaan nie. Hoewel hy dus nie die volksgevoel van hom wil vervreemd nie deur te vertel dat hy nog hoop op eenwording, is dit ondubbelsinnig dat juis hy 'n voorwaarde stel en handhaaf wat eenwording onmoontlik maak. Hy bestry selfs kollegas soos genl. Kemp en mnr. Pirow om eenheid te verhoed as dit nie volgens *sy* resep is nie.

Mnr. Havenga het natuurlik geen begrip van wat die republikeinse doelstelling beteken nie. Hy kan maklik praat van sulke „punte op die agtergrond druk" waaroor almal nie enersdinkend is nie. Hy verlang immers „maar net" dat die *Nasionalis sy* standpunt moet *wegdruk*, omdat mnr. Havenga van hom verskil!

Die republikeinse strewe is die siel en die simbool van alles waarvoor die Nasionalis soveel gely en gestry het en dis daardeur dat hy reeds soveel gewen het. Dit moet hy egter sommer goedsmoeds op die agtergrond druk om mnr. Havenga te plesier en om hom in staat te stel om 'n klompie twyfelmoediges saam te bring. Dat die republikeinse beleid vir die Nasionalis alles insluit waarna verwys word as Voortrekkerbeginsels, dat dit nie net 'n nuwe konstitusionele toestand nie maar ook 'n nuwe maatskaplike en ekonomiese orde insluit, dit alles kan mnr. Havenga nie begryp nie, anders sou hy nie so lugtig oor opsy skuif praat nie.

Die hele redenering van die gewese minister toon bloedweinig van die nuwe uitkyk wat die ervaring van mislukking van samesmelting sou gebring het. Inteendeel, hy argumenteer weer oor eenheid bo alles met behoud van groot botsinge van beginsels, wat dan maar blou-blou gelaat moet word, wat juis kenmerkend was van die ou Suid-Afrikaanse Party, en later van die nou mislukte Verenigde Unionistiese Party. Die Nasionalis staan egter nog rotsvas op een gedagte, nieteenstaande alle begeerte na 'n eenheid van soveel Afrikaners as moontlik. Dit is dat sekere fundamentele beginsels diegene moet saambind wat wil saamwerk. Daaruit sal hulle krag spruit.

'n „Tweede samesmelting" net as gevolg van 'n party vol innerlike verdeeldheid, is sekerlik nie die les van Monumentkoppie nie. Die les van hierdie byeenkoms was dat die Afrikanerdom doelbewus na 'n

republiek wil strewe, en dat dit kon juig omdat dit vas geglo het dat volksleiers wat vroeër ook daarvoor gestaan het, nou weer daarna teruggekom het. Hulle is teleurgestel, nie omdat geen eenheid van vorm bereik is nie, maar omdat die innerlike eenheid nie openbaar word nie. Hulle sal uiterlike eenheid nie wil hê nie as dit beteken dat in hul party 'n houding oor die republikeinse strewe alleen erken word wat die Smutse, die Blackwells en die Hofmeyrs saam met mnr. Havenga in die Verenigde Party eertyds ook kon aanvaar.

Oor mnr. Havenga se verwysing na die party-naamvraagstuk hoef nie geskryf te word nie. In teenstelling met die republikeinse vraagstuk, waar die hierbo geopenbaarde twee standpunte onversoenbaar was, is in verband hiermee slegs die verskillende standpunte uiteengesit. Weens bogenoemde kardinale teenstelling oor die republikeinse vraagstuk is nie oor die naam-kwessie diepgrond onderhandel nie en dus kan nog nie gesien word of 'n vergelyk getref kan word nie.

28 November 1939

29. Die nasionale standpunt

Gister is verwys na 'n aanval op 'n deel van dr. Van der Merwe se Nuwejaarsboodskap.

Daarin is sekere bewerings gemaak wat ter wille van algemene hel derheid nog moet bespreek word. Een is dat genl. Hertzog aan sy republikeinse strewe as voorwaarde sou wil heg dat die party nie moet verbind word tot die uitroep van 'n republiek onmiddellik nadat hy aan bewind kom, dus op grond van 'n blote parlementêre oorwinning nie. Dis reg. Wat verkeerd is, is dat dit blykbaar verkondig word as 'n spesiale standpunt of eis van genl. Hertzog wat van die houding van die Nasionale Party in die onderhandelings sou verskil. Ook dit is verkeerd as die indruk verwek word dat eenheid sover belemmer is omdat die Nasionale Party in teenstelling met so 'n houding van genl. Hertzog, juis 'n republiek sou geëis het met 'n blote parlementêre meerderheid onmiddellik by bewindsaanvaarding!

Die feite is tog dat die bepaling van die metode wat gevolg sal word, en wat in die laaste paragraaf van die Pirow-formule staan, net so uit die Nasionale Party se program van beginsels kom. Die toevoeging daarby nl. oor geen finale stap deur 'n blote parlementêre meerderheid, is net 'n verduideliking van die betekenis van die ander gedeelte

en is ook ooreenkomstig die uitsprake van dr. Malan en die ander Nasionale Party-leiers. Sedert jare is by herhaling verkondig, ook in Die Transvaler, hoe die weg tot 'n republiek sal wees dié van geleidelike afsny van bande. Die voorbeeld van Ierland is oor en oor voorgehou. In die heel eerste uitgawe van Die Transvaler het juis 'n artikel uit die pen van dr. Malan verskyn waarin hy die stappe tot vrymaking, insluitende die laaste stap van volkstemming, helder beskryf het.

Dit is dus heeltemal verkeerd om sake voor te stel, soos nou al 'n paar maal gebeur het, asof genl. Hertzog en die Volksparty 'n verstandige, geleidelike proses van republiekwording voorstaan, maar die Nasionale Party 'n onverstandige, halsoorkop een, waardeur dit dan weer binne 'n kort tyd sal verongeluk.

Nee, die verskil oor die republikeinse vraagstuk in die afgelope weke het gegaan oor die vraag of die party onomwonde wil sê dat 'n republiek *die party se besliste doel* is, of dat die doelstelling vaag kan wees dat persone, wat eintlik vir die handhawing van die Britse konneksie is (dus anti-republikeinse, selfs miskien aktiewe anti-republikeine), ook kan lede en leiers word. Dan sou die party op sy mees fundamentele beginsels innerlik verdeeld wees, en watter soort eenheid sou dit afgee?

Doel duidelik en aktief

Daar moet egter goed verstaan word dat, hoewel die Nasionale Party die proses van geleidelike losmaking van bande as beleid het (tensy onverwagte wêreldgebeurtenisse 'n onmiddellike standhoudende vrymaking moontlik sou maak) dit nie beteken dat hy die republiek as 'n veraf, vae ideaal stel nie. Inteendeel, *dit is die duidelike, aktiewe doel van die Party wat hy so vinnig wil verwesenlik as prakties is*. Daarby hou hy ook sy oog daarop dat hy vryheid so wil verkry dat hy dit kan handhaaf. *Hy glo verder dat, as hy aan bewind kom, die proses redelik vinnig sal kan verloop, net soos in Ierland dit vinnig gebeur het.* Daartoe sal help dat die bevolkingsdeel wat vireers nog teensinnig is, tydens die proses van die verbreking van bande, deur ervaring gou daartoe opgevoed sal word.

Dit is wat bedoel word as ons praat van 'n republiek as 'n „onmiddellike" en 'n „party"-doelstelling. Genl. Hertzog se blad het in sy bespreking van dr. Malan se boodskap dit blykbaar veroordeel dat adv. Strydom op Evaton beweer het dat eenheid alleen bereik sal

word „op 'n duidelike en ondubbelsinnige republikeinse grondslag," en die blad verwys daarna in aansluiting by die stelling! „Die regte weg tot eenheid is dat hulle (Afrikaners) mekaar se sienswyse moet respekteer en vir hulle kleiner verskille plek moet inruim in hulle eenheidsformule." Ook in die aanval op dr. Van der Merwe se Nuwejaarsboodskap skemer die standpunt deur dat die republikeinse doelstelling wel formeel aanvaar kan word, maar dat die prosedure om dit te bereik, dit meer tot 'n vae, waarskynlik veraf, ideaal moet skep, sodat selfs diegene wat daarteen is, nie van die party afgeskrik sal word nie.

Om jou doelstelling so te vervaag maak dit onvrugbaar. Die verskil tussen iemand wat die republiek as *sy party* se duidelike doel stel, hoewel hy 'n doeltreffende prosedure gaan volg, en iemand wat eintlik vir die handhawing van die Britse konneksie is, maar by die party nogtans sal aansluit as dit sy doel net as 'n vae, twyfelagtig bereikbare ideaal beskou (sodat hy nie bang is om deur aansluiting sy eintlike beleid te veroorsaak nie) is nie 'n „kleiner verskil" nie maar 'n baie grote.

'n Republikeinse Party

Die beskrywing deur die blad van die Nasionale Party as „vir praktiese doeleindes geen republikeinse party nie" is dan ook heeltemal verkeerd. Dié bewering word gemaak omdat dr. Malan „nie-republikeine" genooi het om vir Nasionale Party-kandidate te stem as hulle met die ekonomiese, kleur- of Joodse beleid van die party saamvoel. Hul stem sou dan nie vir die uiteindelike republiekverklaring geld nie, daar dit per volkstemming sou geskied.

Dit maak egter die Nasionale Party niks minder van 'n republikeinse party nie! *As Party stel hy hom ten doel en beywer hy hom, vir 'n republiek. Reëlmatig probeer hy teenstanders daartoe opvoed. As hy aan bewind kom onderneem hy om die bande een vir een af te sny, met die uitgesproke doel om daarmee die dag van die volkstemming oor 'n republiek nader te bring.* Enige individu wat vir hom stem, weens instemming met ander punte van beleid, moet hierby berus al sou hy vireers van plan wees om by die eventuele volkstemming teen 'n republiek te wees. Dit is geen uitoorlêery nie, want iedereen weet wat die Nasionale Party se beleid is.

Diegene, wat daarteen sogenaamde „nie-republikeine" is en wat

nogtans verder wil gaan as om net by verkiesings vir die party te stem, nl. *lede* van die Nasionale Party wil word, moes daartoe eenvoudig 'n program van beginsels onderskryf wat 'n republiek as duidelike doelstelling het. Daarmee offer hulle hul anti-republikanisme op aan die ander belange waarvoor die Nasionale Party staan, en op sy slegste word hulle floue of nie baie aktiewe republikeine. Ons beklemtoon dit omdat die uitdrukking „nie-republikeine" in enige ander sin 'n onding is. Hier is immers net twee alternatiewe: jy is vir behoud van die Britse konneksie of vir 'n republiek. Iemand wat nie vir 'n republiek is nie ('n „nie-republikein") is teen 'n republiek (dus 'n anti-republikein), d.w.s. *vir* die Britse verband. Moenie woorde gedagtes laat verkry nie. Ons stryd is Nasionalisme, wat in Suid-Afrika Republikanisme is, teen Imperialisme – reguit, sonder doekies omdraai.

Dit is dus nuttelose haarklowery om te sê dat die Nasionale Party geen republikeinse party was nie omdat dr. Malan „nie-republikeine uitgenooi het" om vir sy kandidate by die stembus te stem. 'n Party se karakter word deur sy konstitusie en beginsels bepaal, en deur die geestesrigting van sy lede. Alles verkondig luidkeels dat die Nasionale Party 'n republikeinse party is.

5 Januarie 1940

30. Die toekomsstaat

Op gebruiklike wyse is die Engelse Regeringspers besig om verwarring onder Afrikaners op politieke gebied te probeer aanwakker. Niemand mag toelaat dat die opset slaag nie. Elkeen moet aanvaar dat die groot koers van die Afrikanerdom onkeerbaar is en dat die leiers van die Herenigde Nasionale Party en van die ander Afrikanerorganisasies daarop sonder enige twyfel sal bou. As daar persone is wat oor besonderhede omtrent die aard van die toekomsstaat met mekaar verskil, laat hulle tegelykertyd een feit besef en dit vóór alles stel. *Dit is dat* **almal ooreenstem** *dat 'n vrye Republiek gebore moet word, dat daarin 'n kragtige regering moet heers en dat groot maatskaplike en ekonomiese hervormings gelyktydig* met die stigting daarvan sal moet plaasvind.

Geen enkele Afrikanerleier of volgeling, watter beskouings hy ook al oor besonderhede mag hê, verskil omtrent hierdie grondbeginsels

nie. Die groot fout wat in die afgelope maande gemaak is, is dat persone, wat nie die partybeleid hul uitgangspunt gemaak het nie, soveel nadruk gelê het op hul menings oor verskille wat oor besonderhede sou bestaan *dat die volk onrustig geword het oor die fundamentele strewe!*

Dit moes nooit plaasgevind het nie. Die politieke front van die Afrikanerdom, die Herenigde Nasionale Party, is gekompromitteer, nie alleen wat die strewe na 'n republiek betref nie, maar ook wat die drastiese hervormings in verband daarmee betref. Dit blyk uit die woorde van die hoofleier, dr. Malan, sowel as uit die openbare uitlatings van adv. Strijdom en genl. Kemp, die gesamentlike provinsiale leiers van Transvaal.

Die Regeringspers is op die oomblik druk besig om 'n wig te probeer indryf tussen wat hy probeer voorstel as 'n „demokratiese" groep, waarvan adv. Strijdom 'n verteenwoordiger sou wees, en 'n „nie-demokratiese" groep waarvan adv. Pirow 'n mondstuk sou wees, met dr. Malan in twyfel tussenin. Dis natuurlik die reinste laster. Daar is nie so 'n indeling nie. Oor wat fundamenteel is, heers ooreenstemming en verskille oor besonderhede, vir sover daar is, bly bysaak. *Alleen moes gekeer word dat laasgenoemde deur propagandaveldtogte so beklemtoon word dat die verwarring, wat die Regeringspers so gretig aanhelp, kan toeneem.*

Dié pers probeer nou verdeling saai en wantroue teen die erkende leiers deur die sg. „demokratiese" uitings van dr. Malan en adv. Strijdom aan te prys, asof dit nader aan die Regeringstandpunt kom, en asof dit „Britse demokrasie" is wat hulle verdedig. Dis natuurlik die skoonste onsin.

Skyndemokrasie verdoem

Dr. Malan en adv. Strijdom verdoem onvoorwaardelik die Britse skyndemokrasie, eintlik plutokrasie (regering deur geldmag) wat na die Vryheidsoorlog hier gevestig is. Hulle noem dit egter tereg nie „dié demokrasie" nie, soos adv. Pirow, maar *die* **vervalste** *Britse vorm* daarvan. Hulle erken, wat reg is, dat in die ou republieke daar ware demokrasie was, of noem dit liewer volksregering. Die *woord* demokrasie het immers deur die Britse skynvorm heeltemal in onguns geraak, hulle beklemtoon ook dat die volksaard van die Afrikaner maak dat hy wel 'n sterk regering deur 'n ware volksman, soos Paul Kruger

was, wil hê, *maar dat hy tegelykertyd aan die volk ook die mag wil gee om van 'n regeerder ontslae te raak wat nie die Afrikanervolk voluit dien nie*. As daar in die republiek eendag 'n Smuts sou bestaan, moet hy weg sodra hy sy ware kleur wys.

Na alles is dit wat adv. Pirow ook sê dat hy verlang, nl. terug na 'n regeringstelsel gebou op die tradisie van die ou republieke, geen navolging van vreemde stelsels nie en geen eenpersoonsdiktatorskap nie. Daar is dus, minstens nou, geen strydpunt meer oor regeringsvorm tussen wat twee groepe in die party sou wees nie.

Die fout wat in die afgelope maande gemaak is, was dat te veel van woorde gebruik gemaak is wat in ander lande spesiale betekenis het met betrekking tot staatsvorm, soos Nasionaal-sosialisme. Dit het die indruk geskep dat iets nuuts, wat Suid-Afrika betref, nl. eenpersoonsdiktatuur, beoog word. Ook is te veel die indruk geskep dat 'n staatstelsel begeer word waartoe die Herenigde Nasionale Party miskien sou moes bekeer word. Later het geleidelik geblyk dat dié verwagtings verkeerd was en dat nie na so iets vreemds gegryp word nie.

As nou alleen gevra word wat die mikpunt is en as alle verwarrende begrippe opsy gesit word, dan kan ons alleen uit die uitsprake van *almal* aflei: dat verlang word na 'n verwydering van die huidige Britse plutokrasie sowel as die Britse verband; en dat in die republiek 'n ware volksregering begeer word, wat in staat sal wees om regte volksmanne aan die hoof te stel. Dit sal 'n kragtige regering moet wees wat groot hervormings sal kan en wil deurvoer, maar verwyderbaar is deur die volk as dit hulle teleurstel.

Almal stem ook saam dat in die oorgangstydperk met die vestiging van die republiek, duidelike volmag sal moet gegee word aan die regering vir besliste optrede in die krisis. Genl. Smuts het dan vir oorlogsvoering volmag geneem. Die Transvaler het al so 'n oorgangsregering beskryf as „tydelike groepdiktatoraat." Daar is miskien nie een persoon wat die volle aanhanklikheid van alle Afrikaners voldoende geniet vir allenige volmag nie, maar iedereen kan die groepie leiers uit verskillende sfere van die volkslewe noem, wat onder leiding van dr. Malan, ooreenkomstig sy eie beginsel van leierskap-in-rade, die volste vertroue sal geniet van die hele Afrikanerdom wat tel.

Dr. Malan en adv. Strijdom het in hul jongste toesprake ook duidelik verwys na die noodsaaklikheid van so 'n oorgangsregering. Die misbruik van die woord „demokrasie" deur Engelssprekendes, wat gelei het tot aanvalle daarop asof dit die enigste soort demokrasie (of

liewer regering namens die volk) is, en die misbruik van die Regeringspers van verdedigings van ware volksregering, soos dit uit die ou republieke geërf kan word, het dus tot onnodige verwarring en vrees vir verdeeldheid gelei. As ons uit die bos van woorde kom, blyk dit dat almal tevrede is om 'n regeringstelsel te bou op die eie verlede ooreenkomstig die volksaard.

26 Maart 1941

31. Vervolg oor toekomsstaat

Gister is daarop gewys dat die Regeringspers se pogings om te maak asof daar meer as een gedagterigting in die party is omtrent die toekomsstaat se regeringstelsel, vals is. Dat dit 'n kans gekry het vir sulke verdelingspropaganda was o.a. 'n ongelukkige gevolg van die gebruik van begrippe verbonde aan 'n vreemde staat se regeringstelsel nl. Nasionaal-sosialisme, en van die indruk wat eers geskep is dat iets totaal nuuts wat Suid-Afrika betref voorgestel word, nl. nogal iets waarteen die party sou gekant wees.

Mettertyd is egter duidelik gestel dat almal saamstem met die party se standpunt nl. dat die land ontslae moet raak van die huidige „karikatuur van demokrasie," soos dr. Malan en adv. Strijdom die huidige stelsel noem, en 'n vorm van volksregering moet opbou op die grondslag van dié van die ou Republieke, aangepas by moderne omstandighede, en ontdoen van gebreke wat aan hulle mag geheg het. Tegelykertyd het dit duidelik geword dat almal ook saamstem dat dit 'n vorm van volksregering moet wees wat gepaard kan gaan met kragtige leierskap en bestuur, en met die vermy van botsing tussen groepe oor lewensbelangrike beginselvraagstukke.

Die hele voorstelling van die imperialistiese pers dat die Herenigde Nasionale Party verdeel sou wees oor die vraag van 'n eenpersoonsdiktatorskap teenoor die Britse vorm van skyn-demokrasie is dus volkome vals. Almal verwerp albei!

Is daar dan ander verskille van soveel belang dat daaruit botsing met die partybeleid en dus moontlike verbrokkeling sou kan kom? Ons antwoord is: „Nee, tensy daar persone in die party sou wees wat liewer eenkant wil staan en alleen veg en daarvoor verskille vergroot, maar *ons weet nie van enigiemand wat nou dié weg wil inslaan nie, en*

glo nie dat iemand sal durf om die eenmaal saamgekome volk op ongenoegsame gronde te verdeel nie."

Met die oog op die feit dat die indruk tog geskep is dat moontlik so 'n botsing kan voortvloei uit die sg. „Nuwe Orde-veldtog" is dit miskien goed om kortliks hierna te verwys. Laasgenoemde se stellings kan gerieflikheidshalwe in drie verdeel word:

Die aard van die staatstelsel, die staatsfilisofiese agtergrond, en die voorgestelde tasbare hervormings. Die vraagstuk van die staatstelsel is reeds bespreek. Die ander twee gesigspunte verg egter nog aandag.

Die stellings van meer staatsfilosofiese karakter sluit o.a. in dié waarteen van kerklike kant beswaar gemaak is en waaroor al heelwat gedebatteer is. In verband met baie besonderhede hiervan sou die party waarskynlik ook verskil as hy hom daarmee sou besig hou. Maar dis klaarblyklik nie gewens vir die politieke front om strydpunte in dié verband te ontwikkel en die volk miskien in verwarring te help en te verdeel nie, solank die uiters praktiese taak voor die Afrikanerdom is om sy republiek en 'n menigte tasbare ekonomies-maatskaplike hervormings te bewerkstellig. Dat intussen kerkmanne en geleerdes aandag wy aan die staatsfilosofiese fondering van die toekomsstaat, kan geen kwaad nie – miskien veel goed – doen. Maar die praktiese politikus moet nie, veral ons lands- en volksomstandighede in aanmerking geneem, daardie twisappel in die middel gooi nie. Daarom het adv. Pirow ook, toe gevaar ontstaan dat geskille op hierdie gebied ontwikkel, nie daaroor gestry as iets essensieëls nie. Hy het dit oorgelaat as vatbaar vir verandering.

M.a.w. op hierdie gebied is daar blykbaar minstens in sekere punte nie ooreenstemming nie, *maar dit hoef nie 'n bron van volksverdeling te word nie.* Vir die praktiese politieke stryd van die oomblik om konstitusionele en ekonomiese onafhanklikheid kan dié sake as bysaak beskou word. Dis dan ook jammer en verkeerd dat sulke vraagstukke tydens die huidige tydperk van hoogste krisis vir die Afrikanerdom te berde gebring is. Liewer moes net beklemtoon gewees het, soos die Herenigde Nasionale Party dan ook doen, die grondbeginsel dat die toekomsstaat moet berus op die welbekende en algemeen aanvaarde Christelik-nasionale grondslag.

Derdens is in naam van die Nuwe Orde 'n pleidooi gelewer vir sekere tasbare ekonomiese en maatskaplike hervormings. *Dit is eintlik hierdie deel wat vir die gewone man die belangrikste is en wat sy goedkeuring verlang.*

Maar dit is dan ook vanselfsprekend. *Al die tasbare hervormings is dié wat in nasionale kringe lankal begeer word, as noodsaaklik reeds onder die huidige stelsel en regerings bepleit is, en sekerlik altyd aangevoer is as ingesluit in die hele gedagte van republiekwording.* Feitlik almal, indien nie almal nie, is dan ook in die programme van beginsels en aksie van die Herenigde Nasionale Party ingesluit, hoewel miskien in ander woorde geformuleer, en almal is seker lankal vanaf die platform en in die pers bepleit.

Onder tasbare hervormings val bv. vernietiging van kapitalisme en liberalisme; aanpak op die regte wyse van die kleurvraagstukke en die Jode-vraagstuk; instelling van 'n staatsbank; invoer van staatsbeheer oor nywerhede, insluitende veral die goudmynindustrie, en oor die vermaaklikheidsbedryf; behoorlike sorg vir die arme, met uitroei van werkloosheid en bepaling van behoorlike lone; stelselmatige planne maak vir voorspoed in die boerderybedryf, met o.a. 'n verbandaflossingskema; behoorlike eise vir burgerskap ter beskerming van die republiek, ens. M.a.w. hieroor bestaan geen verskil wat enige verbrokkeling kan regverdig nie. *Weer is die enigste wat betreur kan word, dat sulke sake deel geword het van 'n propagandaveldtog, waarby die indruk gewek is dat hier iets nuuts is waarmee die party moontlik sal verskil, of waartoe dit sou bekeer moet word, of wat dit te laks was om uit te dink.* Inderdaad mag die idees vir sommige mense nuwer geklink het as vir die ander wat reeds jare daarmee besig is. Maar die verwarring asof hierbo, wat eintlik die essensiële sy is van die „Nuwe Orde" – voorstelle, verskille of nalatigheid sou bestaan, moes vermy gewees het deurdat almal hulle moes bepleit het, nie as iemand se eie voorstelle nie of as iets nuuts nie, maar soos hulle is, as die beleid van ons almal, van die Herenigde Nasionale Party, wat noodwendig sal moet verwesenlik word met krag in die voorgestelde Republiek van Suid-Afrika.

Dis in dié sin dat adv. Strijdom daarop gehamer het dat alles wat die Afrikanerdom begeer, bepleit kan word binne die partybeleid en as ondersteun deur die party. Die indruk dat spesiale druk sou moes uitgeoefen word op die party is natuurlik verhoog deur die werwing van lede vir 'n Nuwe Orde-groep en deur die huur van 'n aparte kantoor daarvoor. Dit is nie gesond nie, lyk te veel soos 'n persoonsorganisasie binne almal se party en behoort nie voortgesit te word nie. Alles wat nog voorberei moet word, kan deur die partymasjinerie geskied en alle voorstelle en alle verdere studie deur die politieke front moet binne dieselfde raamwerk plaasvind.

Ons slotsom is dus dat nòg oor die staatstelsel, nòg oor die staatsfilosofie, nòg oor die tasbare hervormingsvoorstelle daar enige noodsaak of wenslikheid is om groepe te vorm, of teenstellings met die Herenigde Nasionale Party se beleid te maak. Alles wat begeer word, val binne die party se planne. Hy is trouens baie verder met besonderhede uitwerk as sulke skemas. Dit hoef egter nie sommer algemeen openbaar gemaak te word nie. Genl. Smuts verkondig ewemin luidkeels alles wat hy gaan doen, veral wanneer hy wil verhoed dat die Opposisie sy planne in die wiele ry.

27 Maart 1941

32. 'n Les uit die verlede

Adv. J. G. Strijdom het die aandag op 'n interessante punt gevestig in verband met die vraag of die Afrikanervolk, wanneer hy sy toekoms wil bou op wat goed is in sy verlede, diktatuur sou kan kies i.p.v. volksregering. Dit is nl. dat daar in ons geskiedenis *alreeds 'n lang tydperk van diktatuur was.* Dit was tegelykertyd 'n tydperk van onderdrukking, net soos nou ervaar word onder die skyndemokrasie, wat eintlik plutokrasie, oorheersing deur geldmag, is. In albei gevalle was dit 'n Britse beheer en 'n Britse stelsel.

Daarteenoor staan die enigste tydperk van ware uiterlike sowel as geestelike vryheid en reg aan die Afrikaner, nl. sy egte volksregering, in die ou republieke. Hier het die volk sy regeerder gekies en deur sy verteenwoordigers die koers probeer reghou. Daar het hy ook aan sy regeerders groot magte gelaat wanneer hulle eenmaal, soos pres. Kruger en pres. Steyn, gewys het dat hulle koersvas is. Dan het hulle ook, omdat volksregering die stelsel was, die kans gehad om ontslae te raak van presidente wat nie die nodige bekwaamheid geopenbaar het nie of tekens gegee het dat hulle wil heul en kompromitteer met die volksvyand.

Dit was onder die ou goewerneur-stelsel aan die Kaap dat die Afrikaner met Britse diktatorskap kennis gemaak het. Die feit dat al die mag in een man se hande was, is natuurlik vererger deurdat hy van oorsee gekom het. Dikwels het die diktator-goewerneurs die vreemde dr. Philips-uitkyk oor die naturel gehad en van die boere, veral die grensboere, se moeilikhede geen begrip gehad nie. Dit was hierdie diktator-goewerneurs wat die Hollandse taal en skole probeer dood-

druk het om hulle te vervang deur Engels. Dit was van hulle wat die Afrikaner se kerk probeer verengels het. Dit was teen al die euwels van hul baasskapregering dat die Voortrekkers getrek het.

Sodra laasgenoemde die kans gekry het, was dit hulle, wat die ervaring van so 'n regeringstelsel gehad het, wat *as volk* versamel het en hul eie regeerders *gekies* het. „Regering deur die volk en vir die volk," was hul leuse. Later in die meer gevestigde Republieke het dit nie verhoed dat in nood, soos met 'n Andries Pretorius, of in gewone tye, soos met pres. Kruger of pres. Steyn, die volk nie bereid of in staat was om 'n sterk man of regering, as hy gevind is, groot regeringsmag toe te vertrou nie. Hulle het dit gedoen. Maar die grondbeginsel van volksregering het hulle steeds gehandhaaf nl. dat die President en sy regering verantwoording verskuldig bly aan die volk, en dat die volk deur verteenwoordigers 'n rol speel, veral in verband met die wetgewing. Dit is die volkstradisie waarop gebou moet word.

Behalwe die diktatorskap van die goewerneurs was die latere Britse regering aan die Kaap ook nie veel anders nie. In naam was daar demokrasie, nl. op die ou end 'n volksverteenwoordigende of wetgewende raad. Inderdaad was sy dade so onderhewig aan bekragtiging in Engeland dat hier slegs die skyn van demokrasie en die wese van Britse diktatuur gebly het. Selfs na Unie was hierdie onderliggende baasskap van buite nog daar. Dit is eers *in die vorm* weggeneem met die Statuut van Westminster.

Ondertussen het ander invloede so sterk geword dat nòg hierdie eerste tydperk na 1910 van eintlike Brittanje-diktatorskap nieteenstaande die parafernalia van demokrasie, nòg die tydperk na 1926 of 1930 van volle statutêre selfregering, waarlik in gees en werklikheid volksregering gegee het nie. Deur die ontwikkeling van 'n dominerende Britse geldmag, en onder sy toesig van 'n sterk imperialisties kapitalistiese pers, Afrikaans en Engels, en vanweë die imperialis se invloed deur feitlike beheer oor werkverskaffing en oor allerlei ekonomiese en daardeur sosiale kringe, is nie waarlik die volk en sy wil verteenwoordig nie. Die begeertes en eise van die geldmag kon deur regstreekse en onregstreekse intimidasie en deur die vangwaarde van selfsug en eersug hom oral laat geld.

Met dit alles moet gebreek word. Buitelandse oorheersing, of dit geskied deur Britse diktatuur of Brits-Joodse kapitalistiese skyndemokrasie, moet verban word. Vir die suiweringstydperk en om die oorgang tot die republiek goed te vestig en doeltreffend te maak, sal

volmag aan die vertroude leiers van die Afrikanerdom tydelik gegee moet word. Daarna staan as model om na te streef die enigste in die Afrikaner-geskiedenis, nl. dié van die ou Republieke.

29 April 1941

33. Rigting duidelik aangewys

Die besluit wat die Hoofbestuur van Transvaal eergister geneem het insake die toekomsbeleid van die H.N.P. of V., gee leiding in twee hoogs belangrike opsigte. Ten eerste word aangeknoop by die advies van die Federale Raad. Aan die hele nasionale Afrikanerdom van Transvaal word gesê dat hy nie hoef te dink dat daar enige twyfel is oor wat beoog word nie. Dit is: *'n vrye republiek* met geen onderhorigheid aan enige staat hoegenaamd nie, al is daar die sterkste begeerte om in vriendskap op handels- en ander gebiede te lewe met almal wat dieselfde begeer, en veral met almal wat help om die vryheidsideaal te verwesenlik. *Tegelykertyd word beklemtoon dat ook oor die begeerde staatstelsel geen onsekerheid bestaan nie.*

Hierdie verteenwoordigers van oor die hele Transvaal gryp vir sy grondslag terug, saam met die Federale Raad, na die eie skeppings van die verlede, toe modelrepublieke hier gevestig was. Daarop wil hy sy toekoms bou. Die uiterste teenstelling wat daardie Boeredemokrasie of volksregeringstelsel, behoorlik aangepas by die eise van die huidige tyd, vorm teenoor die Brits-Joodse imperialisties-kapitalistiese stelsel, wat die sogenaamde Smuts-demokrasie is, word natuurlik ook beklemtoon.

Tegelykertyd is heeltemal onomwonde herhaal dat dit, met die oog op die tradisies en probleme van die Afrikanervolk, nie moontlik sal wees om hier die nasionaal-sosialistiese stelsel van Duitsland te aanvaar nie, wat bou op die beginsel van diktatorskap. Trouens, die Duitse leier self het die betekenis van omstandighede en tradisies vir 'n volk op die duidelikste wyse geskets, toe hy een keer gesê het dat die *nasionaal-sosialisme nie 'n uitvoerproduk is nie.*

Deur terug te wil gaan na die verlede vir inspirasie, ná die republiek behoorlik gevestig is op gesonde grondslae deur 'n regeringsgroep wat vir die oomblik van krisis, soos altyd gebeur, volmag daartoe verleen is, soek die Federale Raad en die Hoofbestuur na sterk regering. 'n President, gekies deur die volk en gesteun deur die volk en gesteun

deur 'n verteenwoordigende volksliggaam, kan natuurlik **met krag** regeer *solank hy soos 'n Paul Kruger en 'n Marthinus Steyn op die regte koers bly*. Tegelykertyd word die beheer deur die volk van hoe en deur wie hulle sal regeer word, noodsaaklik geag sodat geen Hoggenheimer- of geen Smuts-tipe aan die bewind sal kan kom nie – of bly as hy dan eers sy ware kleure sou wys.

Die tweede opsig waarin duidelik leiding gegee is deur die Hoofbestuur, wat ook daarin die gesindheid van Transvaal vertolk, is deur sy beroep op sy lede (wat tegelykertyd 'n eis aan hulle is) om saam te staan, te werk in een span en die beleid (insluitend op hierdie punt) *van die party alleen te verkondig*. As verbeterings en veranderings nodig geag word, *gee die* party-masjinerie volle geleentheid en die volste vryheid om dit daarbinne te bepleit. Twisappels in die midde gooi, óf deur op 'n ander manier te praat wat misverstande veroorsaak, hoewel dieselfde doel in tasbare vorm beoog word, óf deur vaagweg die indruk van ander doelstellings te verkondig sonder dat die party kans tot oorweging en ondersoek en indien nodig deeglike uitwerking van planne gehad het, is ten regte sterk veroordeel.

12 Mei 1941

34. Die pad na oorwinning

Vanaf die begin van die volksplanting aan die Kaap het 'n ontwikkelingslyn hier aan die suidpunt van Afrika begin wat onverbiddelik na die eindpunt van 'n vrye Afrikaner-republiek loop. Ons voorgangers het dit eers nie besef dat hulle deel gevorm het van 'n Godsplan om 'n aparte nasie hier te laat groei met 'n eie taal en kultuur nie. Slegs later het 'n deel van die bevolking van Suid-Afrika hierdie bestemming begin raaksien en doelbewus help bevorder.

Van tyd tot tyd het hulle ook weer gewanhoop hieraan. Systrome, soos die Britse verowering van die Kaap, die Tweede Vryheidstryd se uitslag, Afrikaner-jingoïsme na Unie, om net 'n paar te noem, het op hulle die indruk gemaak dat dit groot gebeurtenisse is wat die sentrale rigtingslyn van die volk se groei in 'n heeltemal ander koers stuur. Elke keer het dit egter geblyk dat, al het die Pad van Suid-Afrika deur diep en donker klowe gegaan, sodat sy voortsetting na die eindbestemming skaars 'n handbreed vorentoe gesien kon word, daar 'n uitstyg

na die hoogtes gevolg het wanneer weer kon gesien word hoe hy ver en reguit loop. Op kulturele, politieke en ekonomiese gebied het *na elke teenslag* 'n veel kragtiger herlewing gevolg wat gewys het dat die groeiende Afrikanerdom, wat die land sou beërwe, nie verswak het nie, maar in teenspoed sterker vir sy toekomstaak geword het.

Onverbiddelik loop die ontwikkeling na die einddoel. En net so min as systrome in die verlede, hoeseer hulle ook op 'n hoofstroom in 'n nuwe rigting gelyk het, die ontwikkelingskoers kon verander, net so min sal dit in die toekoms gebeur, *wat ook al ons tydelike lotgevalle mag wees.*

Tegelykertyd glo die Afrikanerdom vandag dat sy bestemming van verdere groei tot een Afrikaanse volk in 'n vrye republiek baie naby is. Hy gló dit, of Engeland sou wen of Duitsland. In eersgenoemde geval sien hy hoe die ekonomiese gevolge van die oorlog *nie* die Smuts-fantasieë van opslukking van klein deur groter nasies sal laat plaasvind nie. Soos na alle oorloë sal ekonomiese naweë sorg vir 'n meerdere opbrokkeling. Die geskiedenis van die tydperk na die vorige oorlog, toe vryheid langs die weg van Ierland juis daardeur moontlik geword het, sal hom weer herhaal. En as Duitsland wen, sal hy nie met 'n Smutsregering vredesonderhandelings aanknoop nie, maar met 'n nasionale regering, wat daarby hierdie onafhanklikheidstrewe sal kan dien.

Dus, wat ook al gebeur, die volksrigting bly vas. En sou die pad meer opdraand en meer met dorings besaai blyk, as so vlugtig geskets as die huidige verwagtings, dan nog sal die teenslae, soos die beproewings van die verlede, as net valleie aanvaar word, waarin ons afdaal. Dit sal geen afbreek van die pad by 'n onoorbrugbare afgrond vorm, wat die einde aandui van die volksideale nie.

Almal kan met vrymoedigheid volmondig glo dat die eindbestemming 'n Afrikaner-republiek is. Maar niemand is profeet genoeg om in die toekoms te kan sien wat presies *die wyse van verkryging daarvan* sal wees nie. Laat al ons geloof en strewe dus op die groot doel gerig wees, maar laat ons nie ons harte vasbind aan een manier van verwesenliking alleen nie. Eersgenoemde – die doel – kan nooit teleurstelling baar nie. Die verkryging is gewis. Laasgenoemde – die metode – is daarenteen nog in die hande van die Allerhoogste en groot teleurstelling kan volg as ons weg nie Syne mag blyk te wees nie.

Alle aandag op die doel

Sonder enige gevaar van teenspraak kan egter bygevoeg word dat, hoe die verkryging van 'n republiek ook al mag plaasvind, dit sal belemmer word as Afrikaner met Afrikaner gaan bots oor besonderhede wat eers vir later sorg is. Al ons aandag moes daarom nou geheel gevestig wees *op die verkryging van die republiek*. Daartoe moes almal saam werk. Oor watter stelsel in besonderhede in die republiek sou bestaan, moes geen geskille ontstaan het nie. Dit was te meer onnodig omdat almal ooreenstem dat vir die vestiging van die republiek 'n tyd lank aan 'n groep nasionale leiers volmag gegee moet word om die nodige hervormings met krag en gou teweeg te kan bring. Gedurende dié tydperk kan beraadslaag word wat daarna moet gebeur.

Dit was die standpunt van die H.N.P. onder dr. Malan. Daarom het hy en die Provinsiale leiers steeds die aandag van die volk bly bepaal by wat hoofdoel is, nl. *om 'n republiek te wil hê, waarin sekere duidelik aangegewe enorme hervormings moes plaasvind, sodat die lewe in die republiek totaal sou verskil van die verdrukking van die afgelope jare van Britse bestuur*. Debatte oor stelsels het hulle as bysaak beskou en wou hulle vermy om volksverwarring te voorkom solank die republiek nog verkry moes word.

Ongelukkig is die noodsaaklikheid om *vóór alles* eendragtiglik te werk vir die verkryging van die republiek, nie deur almal genoeg besef nie. Adv. Pirow en sy ondersteuners het met 'n veldtog begin. Op die ou end het geblyk dat hulle nie enige nuwe hervormings aandui wat die Party nie reeds lank verkondig het as sy begeerde doel nie, maar dat die indruk gewek word dat 'n nuwe staatstelsel, 'n diktatorskap, beoog word. Uitdrukkingswyses ontleen aan Duitsland en populêre wekroepe soos „teen die demokrasie", het dié indruk versterk, hoewel inderdaad geen positief en duidelik omraamde voorstel van wat dan wel goed sou wees, ooit bygevoeg is nie. Die besprekings het aanvallend gebly en nie opbouend geword nie.

Toe was die partyleiers ook verplig om hulle oor die saak van die toekomstige stelsel van die staatsbestuur uit te laat, al het hulle dit veroordeel dat so 'n strydvraag, wat volksverdeling onnodig op so 'n tydstip kon teweegbring, onverstandiglik voor hulle gewerp is. Hulle het, eerstens, duidelik daarop gewys dat almal ten minste onvoorwaardelik die huidige Brits-Joodse kapitalisties-imperialistiese skyndemokrasie verwerp. *Almal soek na iets nuuts in vergelyking daarmee.*

Is die iets nuuts wat hulle bepleit nou 'n eenpersoonsdiktatorskap, die eintlike enigste regtige teenstelling met volksregering – d.w.s. met

ware demokrasie, nie skyndemokrasie nie? Dié indruk is ongelukkig wel geskep, deur die woordgebruik van aanvallers op die skyndemokrasie asof dit demokrasie, volksregering, is. Gelukkig egter vir ons eenheid reageer elkeen, wat daarvan beskuldig word, met die verduideliking dat dit nie sy bedoeling is nie, *maar dat hy sy inspirasie wil soek by die Boererepublieke van die verlede*. Dis presies die H.N.P. se beleid al die tyd.

Die slotsom waartoe 'n mens kom, is dat almal dieselfde begeer nl. geen diktator nie, maar 'n regering daargestel deur die volk onder 'n president met sterk regeringsmagte solank hy die Afrikanerkoers goed hou, *maar wat die volk aan bande kan lê en verwerp as hy koers verloor*. Dit is wat die H.N.P. as die politieke masjien van die Afrikanerdom voorstaan. Niemand mag die indruk skep dat enige lid of leier by die huidige wantoestand wil bly of nie weet waarheen nie. Gepraat omtrent stelsels, of demokrasie, of wat ook al behoort almal wat die Afrikaner bymekaar wil hou om eers die republiek te kry, voor regeringsvorms van belang word, gestaak te word. Woordgebruiksverskille deur mense met enerse planne mag nie die indruk van botsing in Afrikanergeledere onnodig skep nie.

19 Mei 1941

35. So kan die republiek wees

Twee dae gelede het Die Transvaler daarop gewys dat die taak vir die Afrikaner vandag is om al sy krag toe te spits op een doel: die verkryging van die republiek. Die ingooi van enige twisappel omtrent watter regeringstelsel dan toegepas sal moet word, is hoogs betreurenswaardig. Die indruk is gewek dat sommige 'n diktatuur voorstaan. Toe moes die leiers van die H.N.P., as die verantwoordelike politieke front van die Afrikanerdom, geen misverstand laat nie. Dus moes hulle die feit stel *dat hulle in die ou republieke se vorm van volksregering die grondslag van die toekomsstaat sien.*

Aangesien niemand nou regstreeks 'n diktatuur bepleit nie (wat trouens nie alleen teen die volkstradisie sou indruis nie, maar ook vir 'n klein land met so 'n gemengde bevolking groot gevare inhou) maar almal inteendeel na die state van 'n Paul Kruger en 'n Marthinus Steyn terugwys as hul modelle, het Die Transvaler besluit dat wat dié saak betref, geen verskil bestaan nie. *Dan is die skyn van geskille egter*

dubbel onnodig. Verskille bestaan dan nie oor die wesenlike staatsvorm wat begeer word nie, maar alleen in die woordgebruik!

As dit die geval is, dan is dit as hoog tyd bestempel dat opgehou word om oor regeringstelsels te praat, of daarop te sinspeel, met verskillende woordgebruik wat verwar en die verkeerde indruk van dieper geskille maak. *Laat almal konsentreer op die een doel, nl. om die republiek te verkry*. Afrikanergroepe moet nie veg soos twee honde om één been – die republiek – nie, en daardeur 'n derde in die vorm van een of ander van die wêreldryke die kans gee om daarmee weg te loop!

Na aanleiding van hierdie pleidooi om eensgesinde konsentrasie op die doel en proses van republiekverkryging, is gevra dat verduidelik moet word hoe die volksregering van so 'n republiek, wat soms „ware demokrasie" genoem word, verskil van die Britse stelsel, wat deur sommige aangeval word as „dié demokrasie" en deur ander as „die *skyn*demokrasie of geldmag-regering." Die Herenigde Nasionale Party sal natuurlik so 'n konstitusie van die toekomstige republiek van Suid-Afrika versorg. Soos reeds tevore gesê, is die tyd wanneer dit met beste vrug deur die leiers aan die publiek vir behandeling kan voorgelê word wanneer die tussentydse volmag-regering van vertroude Afrikanerleiers besig is met die vestiging van die republiek. Die republiek sal dan mos verkry wees en meningsverskille nie meer hierdie essensiële en algemeen begeerde doel kan verhoed nie.

Dit sal egter van waarde wees om in breë trekke sekere algemene grondslae van so 'n volksregering, op ou republikeinse lees geskoei hier aan te gee. Dit word nie gedoen met die bedoeling om 'n debat oor besonderhede te open nie, aangesien juis gepleit word om 'n staking van sulke geskille oor wat op hierdie oomblik bysaak is, hoewel dit baie belangrik word in die aangeduide later periode. Alleen word beoog om diegene gerus te stel wat onhelder voel. Daaruit behoort immers te blyk dat verenig sal word: die begeerte na 'n kragtige regering met die euwels van die Britse stelsel uitgesny; en: die verlange dat die volksgesag met die oog op die besondere toestande van ons land en die tradisies en geaardheid van ons volk nie uitgeskakel word nie.

Allerbelangrikste Verskille

In die eerste plek sal die President vir vaste tydperke deur die stem-

geregtigde burgers gekies word. Laasgenoemdes kan vanselfsprekend alleen diegene wees wat werklik volkome en uitsluitende trou aan die onafhanklike Republiek openbaar. *Hierdie periodieke verkiesing van die hoogste magshebber*, en nie 'n daarstelling van 'n oorheerser langs ander weë nie, *maak alreeds die regering 'n volksregering*. Die volk is die bron van sy gesag en op gesette tye oordeel eersgenoemde of die koers so gehou is en die werk so gedoen is dat die maghebber weer in sy hoë amp bevestig moet word, of dat dit aan 'n ander toevertrou moet word.

Dié presidentsverkiesing openbaar twee groot verskille van die huidige toestand. Daar is eerstens nie 'n hoofregeerder (Eerste Minister) gekies deur, en verantwoordelik aan die Parlement nie, *maar een gekies deur, en regstreeks verantwoordelik aan, die volk*. Tweedens, toon dit die volkome breuk met die Britse Ryk en die wegval van die Goewerneur-generaalskap. Soos dr. Malan in die Kaapstadse stadsaal gesê het: Alleen dié breuk met die Britse Ryk en met al sy bande – konstitusioneel, ekonomies, en maatskaplik – sal reeds 'n wêreld se verskil maak.

Die President stel dan self sy regering saam. *Dit hoef egter nie, soos nou, net Volksraadslede te wees nie*. Hy kies die burgers wat hy meen die bekwaamste is onder die volk om die beleid te help uitvoer waarvoor hy gekies is, en wat dus die volk se opdrag in breë trekke aan hom uitmaak. Hierdie vrye aanstellingsreg versterk die regeringsmag van die President. Daarin is dan nog 'n verskil van die huidige stelsel waar, afgesien van die Eerste Minister, ook sy mede-ministers, hoewel hulle deur hom aangewys word, eintlik op die basis van hul partymasjien in hul ampte kom en van 'n meerderheid in die Volksraad afhanklik is. Die President en sy ministers word daarteenoor nie alleen nie deur die Volksraad aangestel nie, maar hulle sal ook nie afhanklik wees van mosies van vertroue of die aanname of verwerping van hul wetsvoorstelle deur die Volksraad nie. Hier weer is 'n belangrike verskil van die huidige toestand waar so 'n afhanklikheid wel die geval is. Dit is hierdie posisie wat vandag aanleiding gee tot baie van die swakheid van regerings en die geknoei en vry na stemme, waarteen almal in opstand kom.

Die Rol van Partye

Hierdie afsondering van die verantwoordelikhede en magte van die

regering en die Volksraad hou in hom nog 'n uiters belangrike gevolg in. Dit is dat die knellende ysterbande van die partymasjinerie van die Britse stelsel verval. Waar laasgenoemde nie meer die middel in die Volksraad sal wees waardeur die hoofregeerder en sy medewerkers aangestel of in amp gehou word nie, *daar kry regering en lede veel groter vryheid.* Die regering word nie meer so afhanklik van die lede nie, maar die lede ook nie van die regering nie. Die regering van vandag moet immers aan die een kant na die oë van sy meerderheid kyk, maar kan aan die ander kant deur partydissipline en -koukusbesluit ook die lede se stem bind. Wanneer die stelsel van republikeinse volksregering, soos sover aangedui, bestaan, sal die regering nie afhanklik van 'n meerderheidstem in die Volksraad wees nie, *hoewel hy versigtig sal wees om daarmee rekening te hou vir sover hy kan sien dat daarin die volkswil geopenbaar* word, waarvan hy wel deeglik afhanklik is in laaste instansie.

Die President en sy regering kan dus sterk optree. Aan die ander kant is die Volksraadslede nie verplig om, ter wille van die instandhouding van die regering, eie opvattings of dié van hul kiesers ondergeskik te stel nie. Hulle kan vryer praat en stem en meer ongebonde die mandaat van hul kiesers uitvoer. Die Volksraad word sodoende meer die suiwere tolk van die volkswil, al verloor hy sekere magte van die Britse stelsel as die masjien wat die regering ooreenkomstig sekere groot beginsels in stand hou. So 'n volksraad het o.a. dié voordeel dat daar dan geen rede meer bestaan om verkiesings te beïnvloed deur allerhande vorms van dwingelandy of korrupsie nie. Dit ook beteken eerliker en ware volksregering.

Dié verval in hoë mate van die huidige euwels van die partywese, word algemeen begeer. Dit is dan ook teen dié euwels, meer as teen 'n gesonder partywese, wat geskop word. As partye meer die groepering is van mense vanweë gewone meningsverskille oor sake, wat daardeur duideliker uitkom en waardeur ook die relatiewe krag blyk, dan dien hulle 'n handige doel. Die gees sal vanself baie anders wees as wanneer hulle, soos nou, dié middel is waardeur 'n persoon of groep aan bewind kom en dus gebruik word om eersug, magsug of eie belang na te streef. Bitterheid en skerp teenkantings in die volkslewe sal grotendeels verval.

In die toekomstige republiek kan egter gesorg word vir nog 'n middel om te verhoed dat die skerp partyteenstelling van vandag ontstaan. In die konstitusie moet nl. sekere allerbelangrikste grondbe-

ginsels van die staat vasgelê word. Daaroor mag geen verskil bestaan nie, en dus sal op grond daarvan geen partygeskille kan ontwikkel nie.

So sal vasgelê moet word dat van die onafhanklikheid van die staat geen verskilpunt gemaak mag word nie. Geen party kan gevolglik ontwikkel wat aansluiting by een of ander ryk bepleit nie, want dit sal bots teen die wese van die staat. Sodoende kan geen soort imperialisme of rassehaatpropaganda tot grondslag van partygeskille gemaak word nie.

Aanvaarding van die voogdyskap-beginsel teenoor die nie-blanke moet voorts as 'n grondslag van die Republiek, net soos by die Voortrekkers, aanvaar word en dit sal liberalisme as basis vir partyverdeling uitskakel. Op soortgelyke wyse kan die vaslê van staatsverantwoordelikheid op ekonomiese gebied, politieke aksie ten gunste van volksvernietigende vorms van kapitalisme onmoontlik maak. Daardeur sal ook die gevaar van omkopery en korrupsie verminder word.

As onder sulke omstandighede partye ontstaan, sal hulle alleen meer of minder konserwatiewe of radikale uitkyke verteenwoordig *binne 'n nasionale beleid.* Hulle sal nie volksverdelend kan werk nie. Eerder sal hulle 'n nuttige rol speel deur veelsydige vertolking van die volkswil te organiseer. In so 'n staat sal net so nie dieselfde behoefte as nou bestaan aan 'n groot beskermende volksorganisasie wat die volk spesiaal en teen groot opofferings in stand moet hou nie. Die volk sal immers in 'n eie onafhanklike staat georganiseer wees, juis as die volk wat die land bestuur soos wat nou nie die geval is nie.

Slotsom

Dit is maar 'n vlugtige uiteensetting van wat dit beteken as die Nasionalis verklaar dat hy sy republikeinse volksregering wil bou op die verlede, nl. die Boererepublieke. *Daaruit behoort egter oorvloedig duidelik te wees dat alle gestry oor stelsels oorbodig is.* Hier word tog gegee wat almal verlang!

Hier is 'n waarborg van 'n kragtige regering onder 'n president, wat nie sommer daar kom en aanhoudend mag uitoefen nie, selfs wanneer hy die volk skade aandoen, maar een wat deur die volk gekies word vir vaste tydperke, sodat hy ook vervang kan word wanneer nodig. Naas hom staan 'n volksraad, en miskien ander medewerkende rade, wat die volkswil op behoorlike wyse in die wetgewing vertolk, met

die hoogs moontlike vryheid aan die lede, en so ingerig dat hy nie die regering se daadkrag verswak nie.

Eindelik: nòg partywese, vir sover dit sou ontstaan, nòg ander organisasies, sal die mag hê om die prinsipiële volkseenheid in gevaar te bring.

Wat wil iemand meer? Laat ons dus van nou af eendragtig saamstaan en ons inspan om die republiek te verkry.

21 Mei 1941

36. Die kongres en daarna

Die kongres in Bloemfontein was 'n volslae sukses. Dit word o.a. bewys deur die snipperige opmerkings daaroor en die valse opskrifte in verband daarmee in die vyandige pers. Laasgenoemde, Regeringspers sowel as (jammer om dit te moet noem) die Conroy-pers, is bitter teleurgesteld daaroor. Hulle kan dit nie verberg nie. Wanvoorstellings agterna om die mislukking van hul wanvoorspellings vooraf te bedek, is aan die orde van die dag.

Aanhoudend is vooraf vertel dat verdeling sou kom, dat die H.N.P. of V. en die O.B., o.a. oor die stelsel van volksregering gebou op dié van die republieke soos deur die party voorgestaan, en dat die Nuwe Orde-groep sou wegskeur as aan hulle nie die reg openlik verleen word om 'n aparte weg binne die party te volg nie. Niks, absoluut niks nie, het van al sulke vyandige voorspellings gekom nie. Hulle was kwaadwillig bedoel om te heers deur te verdeel en daarom so verkeerd.

Juis die teenoorgestelde is waar. By die kongres was dit nie eers nodig om die negatiewe taak te verrig van botsings te vermy of om onderlinge vraagstukke op te los en op te helder nie. Opbouende werk van groot belang kon tot stand gebring word. Hieroor was almal dit so eens dat lang debatte eenvoudig onnodig geag is deur die lede die ruime kans tot bespreking wat gegee is, nie eers wou gebruik nie.

Eerstens is die grootste bewys gelewer van hoe ernstig die Afrikanerdom is, en hoe gereed om saam te staan, *waar dit baie duidelik is dat dit gevra word tot bereiking van sy grootste doel: sy onafhanklike Boererepubliek*. By die kongres het immers *die grootste konsolidasie van Afrikanerkragte tot stand gekom wat die Afrikanerdom nog ooit in sy geskiedenis geken het.*

Met waarheid kan gejuig word, hoe die vyande ook rondspartel om hierdie groot gebeurtenis te verberg. Afgevaardigdes wat weens al die vyandelike propaganda met beklemde harte na Bloemfontein gegaan het, het onmiddellik na die aanvang ontdek hoe onnodig hul kommer was. Hulle het gou ingesien dat 'n magtige volksfront daar ontstaan. Die geesdrif en eensgesindheid dwarsdeur die kongres was sy allesoorheersende kenmerk. Voor elkeen van die meer as duisend afgevaardigdes word dit *hier in die openbaar* beweer deur Die Transvaler sonder enige vrees vir ontkenning.

Meermale het die Regeringsaanhangers groot Afrikanerorganisasies probeer tart en benadeel deur hulle te bestempel as skeppings van die H.N.P. Nou oes hulle die vrugte. Die organisasies stel onbevrees en helderder as ooit tevore dat hulle in hierdie krisisuur, elkeen op sy eie terrein, deel vorm van die magtige nasionale stroom, en dat hulle hulle sal beywer vir die nasionale ideale. Soos prof. Du Plessis gesê het: almal, insluitende die Ossewabrandwag, het verklaar dat vir sover dit die politieke leiding betref, hulle daarvan oortuig is dat die eenheid waarna gesoek is verkry is in die H.N.P. of V. Al die liggame sal saamwerk, elkeen volgens die diens wat hy kan lewer, en om daardie samewerking te vergemaklik sal 'n koördinerende organisasie tot stand kom waarin almal deel het onder leiding van dr. Malan, waarvan binnekort meer meegedeel sal kan word.

Behalwe hierdie triomf van groter konsolidasie van die volksorganisasies en daarmee van die volk, het die kongres finaliteit oor meer as een punt gelewer. Die prinsipiële punte van ooreenstemming is veral helder gestel. *Almal begeer 'n onafhanklike republiek; almal verwerp die Brits-Joodse vorm van skyndemokrasie; almal wil vir die republiek 'n stelsel van volksregering hê gebaseer op dié van die ou republieke, dog aangepas aan moderne omstandighede en wel op 'n bepaalde lank reeds volledig uitgewerkte basis wat in besit van die party se Hoofleier is.*

Oor die republikeinse doel en die spesifieke voorgestelde stelsel van volksregering stem nie alleen die Hoofleier, dr. Malan, en sy provinsiale leiers, adv. Swart, adv. Strydom en mnr. Nel, saam nie, maar ook dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-generaal van die O.B., soos deur sy gevolmagtigdes met gesag getuig is, nl. assistent-kommandant-generaal J. A. Smith, van Kaapland, en die voorsitter van die Groot Raad, ds. Kotzé, deur hul sekondering van belangrike betrokke voorstelle. En nie alleen hulle nie – ALLE lede van die party stem saam, soos die eenparige aanvaarding van die Federale Raad se

aanbevelings en die ander verwante voorstelle deur hul verteenwoordigers by die kongres ten duidelikste bewys.

Meer hoef nie nou gesê te word nie. Die Transvaler het in die afgelope tyd hierdie rigting by meer as een geleentheid met groter volledigheid kon bespreek. Genoeg is dit om hier te getuig dat daardie aangeduide rigting die eenparige steun van leiers van alle Afrikaanse liggame, van die kongres, ja, van die hele republikeinsgesinde Afrikanerdom geniet. Alle wanvoorstellings van vyande kan alleen met veragting verwerp word, en verwarring of onsekerheid oor hierdie essensiële punte is totaal onnodig.

5 Junie 1941

37. Afrikaner-eenheid

Elders in hierdie blad verskyn 'n aantal stukke wat betrekking het op die jongste kongres in Bloemfontein en op die samesprekings tussen die verskillende betrokke Afrikanerorganisasies. Daaruit sal duidelik blyk hoe verkeerd al die voorstellings was dat hierdie liggame mekaar nie sou kan vind nie of dat groot moeilikhede aan broei sou wees. Alle besprekings is steeds gevoer in die gees van innige vriendskap tussen Afrikaners wat dieselfde ideaal het en alles in diens daarvan wil stel. Hulle moes alleen weë bespreek waarlangs gesamentlik die beste vir die land sou kan verkry word.

Dat so 'n vaste vorm van koördinasie kon bereik word, is van die uiterste waarde. Vir die eerste keer in die geskiedenis is al die liggame wat volksdiens lewer, deur 'n sentrale doel en volgens 'n vaste stelsel in noue aanraking met mekaar georganiseer sonder dat enigeen sy selfstandigheid daarby inboet.

Al die vyandelike propaganda oor hoe een of ander persoon, of een of ander organisasie, die oorwinning oor ander sou behaal het, is natuurlik net soveel onsin. Dit is voorstellings wat gebore is uit afguns. Die kragtige vrywillige eenheidsfront en die mooi samewerking moet belemmer word deur kwaad te stook tussen diegene betrokke.

Die verstandhouding wat bereik is, kan egter sulke verdenkingspropaganda weerstaan. Geen persoon en geen liggaam het oor ander getriomfeer nie, hoewel een doodseker gewen het. Dit is die Afrikanervolk.

Die republikeinse ideaal is nie die enigste saambindende krag nie.

Ook oor die grondbeginsels van hoe die republiek geregeer sal moet word, nl. deur 'n histories gefundeerde volksregering, soos al vroeër hier beskrywe, is saamgestem. 'n Ooreenkoms op hierdie soliede basis bereik is dan ook veel meer werd as net simpatieke saampratery. Weens die vind van 'n gemeenskaplike grondslag oor sake van die mees fundamentele aard, kan die Afrikanereenheidskomitee sy taak met volle moed en vertroue aanpak.

Die triomf is nou seker, nie alleen van die groot gemeenskaplike doelstellings nie, maar ook van die individuele doelstellings van elkeen van die konstituerende liggame. Hulle sien immers alleen kans om dit behoorlik uit te werk as die groot sentrale oogmerke soos die stigting van 'n republiek bereik is.

13 Junie 1941

38. Alles kan bereik word

Die taak van die persoon wat aan die hoof van 'n volk staan, is nie net om leiding te gee nie, maar ook om noulettend te luister na wat in die siel van die volk omgaan. Hy moet weet of die volk besig is om enige veranderings ten goede of ten kwade te toon. Eergister kon dr. Malan sy blydskap daaroor uitspreek dat op politieke gebied „ons 'n tydperk bereik (het) waarin daar by die volk 'n sielkundige verandering plaasvind. In sommige opsigte is ons besig om 'n nuwe volk te word en in ander opsigte het ons reeds 'n nuwe volk geword."

Dit is verblydende woorde, want vooruitgang word erken. Dr. Malan het dan ook kon konstateer dat die minderwaardigheidsgevoel wat so baie Afrikaners in die verlede aangekleef het, aan die verdwyn is en dat doelbewustheid in die plek daarvan gekom het. Dat baie Afrikaners in die verlede aan 'n minderwaardigheidsgevoel gely het, is iets wat heeltemal verstaanbaar is. Wanneer 'n volk diep verneder word, wanneer elke keer aan sy aansien 'n slag toegedien word wanneer sy onafhanklikheid van hom weggeneem word en wanneer sy taal en kultuur as minderwaardig behandel word, is daar altyd die neiging by sommige lede om minderwaardig te voel. Baie Duitsers het na 1919 dieselfde ontwikkeling ten slegte ondergaan en vandag is daar reeds Franse wat 'n minderwaardigheidsgevoel vertoon. Tog het selfs hierdie groot kultuurvolke nie naby ondergaan wat die jong Afrikaanse volk moes verduur nie.

'n Volk wat verneder is, kan alleen deur eie krag sy selfrespek herwin. Daardeur toon hy dan tegelykertyd werklike grootheid. Niemand sal vandag meer ontken dat die Afrikaanse volk ver gevorder het op die weg om sy selfrespek te herwin nie. Die Afrikaner het getoon in sy stryd op elke gebied van die politieke, maatskaplike, beroeps-, kulturele, sport- en ekonomiese lewe wat werklik in hom steek. Dit het hom weer doelbewus gemaak. Baie voel al, en met die reg van hulle prestasies as fondament, dat hulle *meerderwaardig* is, in vergelyking met bv. die Engelsman. Dr. Malan kon dus o.a. konstateer: „In die verlede het ons wel politieke oogmerke gehad, maar daar was te min koers in ons optrede . . . vandag is die oog van die Afrikaner op een doelwit gerig en dit is 'n vrye Afrikanerdom. Ons is nie meer bang om reguit te sê dat ons 'n republiek wil hê nie."

Wanneer by 'n volk helderheid oor sy doelwit is, is reeds baie gewin. Vroeër is deur Afrikaners baie gepraat en geskryf oor die republiek wat moes kom, maar dit was 'n saak wat hulle maar so vaagweg aangevoel het. 'n Doelbewuste strewe was daar nie. Somtyds het dit gebeur dat die oogmerk heeltemal verdwyn het. Die volk het selfs nie geweet hoe so 'n Suid-Afrikaanse republiek daar moes uitsien en op watter beginsels hy gegrondves moes wees nie. Omdat hierdie doelbewustheid ontbreek het, kon dit toe gebeur dat die republikeinse ideaal van tyd tot tyd uit die politiek verban is asof dit nie daar tuishoort nie.

Hierdie tydperk is nou al 'n aantal jare definitief afgesluit. Die Afrikaner weet deur sy leiers en sy pers meer as net dat sy doelwit moet wees: 'n republiek. Hy weet nl. ook hoe hy sy republiek gaan inrig en watter beginsels hy daarin gaan huldig. Hy is besig om sommige beginsels reeds uit te lewe ter voorbereiding op die groot dag. Die Afrikaner weet wat hy wil hê. Hy het doelbewus geword. En, soos dr. Malan verklaar het: „As 'n volk so doelbewus is, kan 'n mens **alles** bereik."

6 Augustus 1941

39. Dr. Malan se voorstel

Op die regte oomblik het dr. Malan met 'n voorstel gekom wat hy 'n „wenk" noem en in verband waarmee hy verantwoordelike persone en groepe uitnooi om met hom te kom beraadslaag. Dit is egter veel

meer as 'n wenk, want 'n mens kan jou nouliks iets anders voorstel as dat dit met groot geesdrif van alle kante aanvaar sal word.

Die grondslag van die voorstel is immers dat die tyd nou ryp geword het dat ons nie meer net praat oor die feit dat ons 'n republiek wil hê en oor watter soort republiek die Afrikaner begeer nie, maar dat ook regstreekse voorbereidingswerk daartoe gedoen word.

Die voorbereidingswerk bestaan daarin dat 'n nasionale komitee saamgestel word, bestaande uit 'n aantal persone wat uitgesoek word vanweë hul bekwaamheid vir die staatkundige taak wat voorlê. *Dit sal immers nie alleen die liggaam wees wat volgens die omstandighede die regte weg sal moet inslaan om die republiek te verkry nie, maar daaruit sal waarskynlik ook die eerste republikeinse regering gevind moet word wat al die ingrypende hervormings sal moet deurvoer waaroor al so baie gepraat is. Sodra die nasionale komitee saamgestel is, sal hy dus ook al die planne hiertoe moet klaarmaak sodat met die oorname van die regering geen tydsverlies hoef plaas te vind voor daadkragtige optrede volg nie.*

Dit is iets waarna die Afrikanerdom al lank uitgesien het. Dikwels is die vrees uitgespreek dat dr. Malan as leier of die enigste uit-en-uit republikeinse party, nl. die H.N.P., onvoorbereid gevang kan word by 'n skielike vredesluiting. Geen sodanige onsekerheid hoef nou langer te bestaan nie. Hoewel niemand weet wat die onmiddellike toekoms in sy skoot dra nie, het dr. Malan geoordeel dat met die naderende ineenstorting van Brittanje se laaste bondgenoot op die vasteland, die tyd aangebreek het dat die Afrikanerdom sy reëlings tref vir 'n oorname te eniger tyd van die regering.

Niemand sal tog ontken dat, as Rusland oorwin word, rekening gehou *moet* word met die *moontlikheid* ten minste van 'n spoedige vrede. Daar mag ander verwikkelings kom wat dit vertraag, maar dit is beter om betyds voorberei te wees. Nou, wanneer iedereen sien dat die tyd vir 'n voorbereidingsdaad aangebreek het, openbaar dr. Malan dus sy gereedheid om kragtig, handelend op te tree. Hy wys 'n duidelike weg aan.

Dat dr. Malan nie los van die volkswil sal optree nie, bewys weer sy aankondiging dat, wanneer die krisisuur aanbreek of hy andersins die tyd geskik oordeel, hy die grondbeginsels van sy voornemens vir bekragtiging aan 'n volksvergadering wil voorlê. Daar wil hy ook die nodige erkenning en magtiging vir die nasionale komitee verkry. Dit sal nie 'n onuitvoerbare volksvergadering wees wat moet regpleeg oor

strydende groepe nie, maar 'n magtige eenheidsdemonstrasie van die volkswil ten opsigte van die aanbevelings van 'n eensgesinde leierkring.

Aan dr. Malan is reeds groot volmagte namens die nasionaalvoelende Afrikanerdom deur die H.N.P. in al die provinsies gegee, maar hy wil nie vir homself hierop teer nie. *Hy gee dus aan die hand dat die nodige mag ook aan 'n breëre kring van medewerkers verleen word, in wie se hande gesamentlik elke republikein met volle vertroue sy land se toekoms sal wil toevertrou.* Dit is 'n grootse gebaar van dr. Malan, en bewys dat hy nie na eie mag soek nie, maar alle gesag oor beleid en aksie gewilliglik wil deel met 'n komitee van uitstaande persone wat daartoe geskik is.

Die een eis wat hy stel, is egter onverbiddelik maar ook vanselfsprekend. Dit is dat dié groep wat kragtig en intiem sal moet saamwerk in die volk se krisisuur, een van doel en strewe moet wees, saamgesnoer deur 'n ware eenheid van beginsel. Daarvoor stel hy as toets dat hulle almal die Federale Raadsverklaring en die Uniale kongresbesluite moet aanvaar. Dit is in beginsel: dat 'n vrye, onafhanklike Afrikanerrepubliek so spoedig moontlik verwesenlik moet word wat geen vreemde stelsel sal oorneem nie, maar wat sal bou op die verlede van die Afrikanerdom self.

Die tyd is ryp vir hierdie voorstel, nie alleen omdat wêreldgebeurtenisse die voorbereiding tot vinnige bewindsoorname eis nie, maar ook omdat die Afrikanerdom deur sy inwendige geskille makliker tot die besef sal kom dat hy hierdie weg tot eenheidsleiding van sowel beleid as aksie moet aanvaar. Dit verskaf nl. ook 'n uitweg uit geskille tussen mense wat eintlik dieselfde beoog, en 'n middel tot uitsortering van diegene wat inderdaad nie dieselfde oogmerke vir hul land en volk het nie.

Nou lê dit in die hande van alle verantwoordelike persone en groepe wat wil en kan saamwerk, om op die uitnodiging van dr. Malan te handel en gou met hom die verlangde samesprekings te voer. Mag seën en heil vir volk en vaderland uit hierdie oproep van 'n groot leier en volksman volg.

21 Oktober 1941

40. Sy wêreld stort ineen

Die Eerste Minister het by die Kaaplandse Verenigde Party-kongres bitsig stelling ingeneem teen die republikeinse ideaal van die Afrikanerdom. Na hy verwys het na die eensgesindheid by die opposisie oor hierdie doelstelling, het hy beweer dat 'n poging bestaan om 'n republiek „af te dwing op Suid-Afrika." Dit het hy genoem „'n algehele ontkenning en omkering van die konstitusie waarop dertig jaar gelede besluit is met die stigting van die Unie." Hy het verder verklaar dat hulle nooit sou toelaat dat een rasgroep hier baasspeel nie, en as volg sy aanval op die republikeinse strewe geëindig: „Die volk van Suid-Afrika sal dit nie toelaat nie, en as ek lewe, sal ek dit nie toelaat nie. Daar is geen plek waarna ons nie sal gaan om iets van hierdie soort te verhinder nie."

Wat beteken dit presies? In sy uiterlike konsekwensies beteken dit niks minder nie as dat veldmaarskalk Smuts dreig met 'n rebellie as 'n wettige regering tot stand kom wat kragtens die gesag wat hy dan het, tot die stigting van 'n republiek wil oorgaan. Daarmee kom die Eerste Minister in botsing met sy eie stelling, en met wat beweer is die Statuut van Westminster beteken, nl. dat die Unie volkome vry sou wees en heeltemal oor sy eie lotgevalle, toekoms en staatsvorm kan beskik. Hy het al wegontwikkel van die Unie-status van dertig jaar gelede en kan nog verder ontwikkel. Moet 'n mens aflei dat as die Veldmaarskalk in Ierland was, hy in opstand sou gekom het teen die republiekwording van Ierland al het Brittanje laasgenoemde reg nie betwis nie!

Iets anders kan hierdie krasse bedreiging nie beteken nie in die lig van die menigmaal duidelik verklaarde beleid van die H.N.P. – dié republikeinse party van die Unie – oor die weë waardeur hy die wettige gesag van die land sal word en 'n republiek tot stand sal bring. *Wat die veldmaarskalk egter vergeet, is dat, wanneer hierdie proses van republiekskepping deur die wettige regering van die land gevoer sal word, hy nie die mag sal hê om dit te keer nie.* Hy sal nie meer Eerste Minister wees nie. Ewe min as dit nou gerade is vir die republikein in opposisie om met geweld sy doelstellings te probeer bereik teen 'n Regering met beheer oor die leër, ewe min sal dit dan vir veldmaarskalk Smuts gerade wees wanneer die skoen aan die ander voet sit.

Of wil die Eerste Minister te kenne gee dat, as die republikeinsgesinde opposisie langs wettige weg die regeringsgesag verkry, hy van-

weë hul ideaal sal weier om pad te gee? Dit beteken dan dat hy, wat vandag aanmekaar oor die veg vir die stelsel van regering deur die volk praat, op grond van so 'n ekskuus met 'n bevolkingsminderheid agter hom 'n staatsgreep sal wil uitvoer om die regeringsgesag te behou. Hy sou dan sy eie regering goedsmoeds „op Suid-Afrika wil afdwing!" Ook so 'n soort onwettige daad sal nie geluk nie, want die omstandighede sal dan totaal anders wees as nou.

Dit is m.a.w. alles net losse en onverantwoordelike praatjies wat nie pas by 'n hooggeplaaste persoon nie. Besef hy nie dat sinspelings van dié aard gemoedere geweldig op loop sou kon sit as die Afrikanerpubliek glo dat hy hom onwettig sou verset teen 'n regeringsverandering nie. As die opposisie nie so verantwoordelik was om, soos, hier geskied te waarsku dat mense maar volkome kalm kan bly, en sulke woorde net uitlag, aangesien geen veldm. Smuts nòg enige van sy volgelinge die republiek sal kan keer wanneer die tyd daarvoor aanbreek nie, sou derglike bedreigings ernstig rusverstorend kan word. Is dit nie selfs teen die noodregulasies nie?

Of wil veldmaarskalk Smuts, soos dr. Malan al meermale gesê het, graag sien dat die Afrikanerdom tot onverstandige dade oorgaan opdat hy hulle dan kan breek solank hy die mag in hande het? Dan bewys dit alleen angs vanweë 'n diepe besef wat hy probeer wegpraat dat die Afrikanerideaal sal slaag.

Solank die H.N.P. dit kan verhoed, sal selfs die Veldmaarskalk nie die Afrikaner daartoe bring om sy kop te verloor nie. Laasgenoemde se strewe is onwrikbaar maar so is ook sy bereidwilligheid om die oomblik daarvoor af te wag wat die Voorsienigheid in die skoot van die toekoms gelê het.

Is dit egter nie merkwaardig dat dieselfde persoon wat die republiek net kan sien as 'n verskriklike rasse-oorheersing, die huidige „baasspeel" van Brit oor Afrikaner nie kan raaksien nie? In daardie selfde kongres is weer te berde gebring hoe die Afrikaner teengegaan moet word deur sy Afrikaansmediumskole weg te neem en deur sy aandeel in die staatsdiens te verminder. Toe enkelmediumskole net Engelsmedium was, het geen haan daarna gekraai nie. Toe die hele staatsdiens uit Engelse saamgestel was, was alles in orde. Nou moet egter teen die Afrikaners gediskrimineer word. Solank geslaag kan word om 'n Regering aan bewind te hou wat die Britse ryksland op die bevolking afdwing, moet almal, veral die republikeinsgesinde Afrikaners, hulle onderwerp, maar sodra 'n regering sou ontstaan wat 'n re-

publiek kan uitroep, dan gee die Veldmaarskalk nou al kennis dat die minderheid hom *nie* sal onderwerp nie!

Hierdie hele standpunt is natuurlik belaglik sodra dit ontleed word. *Dit openbaar nogtans die grondslag van die hele tragedie en stryd van Suid-Afrika*, nl. die onwil van die imperialis (Engels- of Afrikaanssprekend) om die belang van Suid-Afrika en die wil van die volk van Suid-Afrika eerste te stel.

12 Desember 1941

41. Betekenis van aanvalle op republikanisme

Die bekommernis en vrees waarmee in die Britse Laerhuis gewag gemaak is van die republikeinse mosie van dr. Malan in die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika is 'n sterk aanduiding van die betekenis van hierdie gebeurtenis. Veldm. Smuts se poging om dit belaglik te maak het dus geen uitwerking gehad nie, soos 'n paar Verenigde Party-lede van die Volksraad openlik gevrees het. *Oorsee is die ware betekenis raakgesien, nl. dat 'n groot deel van die bevolking van die Unie nie alleen teen deelname aan die oorlog is nie*, **maar dat hulle ten volle wil wegbreek van die Britse Ryk.** „Skeurders" kan die imperialisme maar gerus ook die Nasionaliste noem saam met die Afrikanerpartyblad vanweë dié begeerte en ywer om vry te word!

Vir die eerste keer is nie alleen in die Volksraad van die Unie regstreeks republikeinse onafhanklikheid geëis nie, maar miskien ook vir die eerste keer is hierdeur regtig goed tot die bewussyn van die wêreld iets gebring wat nog altyd daarvan op 'n manier weggehou is, nl. dat die republikeinse strewe van die Nasionalis altyd kragtiger tot uiting kom *en moet seëvier*.

Laat 'n mens hoop dat die ervaring van hierdie reaksie van oorsee die paar twyfelaars sal oortuig van die nut van dr. Malan se optrede. Dit behoort hulle ook skaam te laat voel oor die onsin wat 'n paar van hulle verkoop het, nl. deur te vertel dat dr. Malan „met Smuts se toestemming" 'n republiek sou wou kry. Die Britse veldmaarskalk, wat alles wat die Nasionalis begeer, so heftig bestry, het sy bitterste teenstand, ja tot geweld toe, belowe teen die republikeinse strewe. Daarom sal die Nasionaliste nooit sy samewerking daarvoor of vir enigiets anders soek nie, maar hul doelstellings in die Volksraad van hom afdwing soos so baie reeds verworwe Afrikanerregte. Die Afrikaner-

partyblad, wat hierdie soort insinuasie ook probeer maak teen Nasionaliste, het daarenteen al vroeër wel veldm. Smuts se hulp gesoek en volgens sy party se beleid sal hy dit na die oorlog weer doen as Engeland sou wen.

Dit moet so 'n blad darem moeilik val om hom goed te hou by sommige O.B.-lede sowel as by die Afrikanerparty. Hy moet sy lyf mos daarom republikeins hou al is hy dit diep onder in sy hart nie. Die gevolg is dat van die subtielste propaganda teen republikanisme nie kom van die Engelssprekendes nie, maar van die Afrikanerparty se orgaan. Hy hou hom bolangs republikeins om O.B.-lede se ontwil, maar ondermyn hierdie strewe op 'n fyn manier net wanneer moontlik.

Toe die Republikeinse mosie voor die Volksraad was, het hierdie blad dit saam met die Regeringsparty en die Engelse pers probeer verkleineer. Toe die ontwerp-grondwet vir die republiek, wat verlede Junie die steun van alle Afrikaanse organisasies verwerf gehad het toe hulle dit aan dr. Malan oorhandig het vir hom en die party om te gebruik, het die Afrikanerpartyblad weer saam met die Regeringspers ook dit probeer afhaal en verkleineer. *As 'n mens te doen gehad het met ware republikeine, sou hulle juis nie saamspan met die bitterste vyande van republikanisme* in sulke aanvalle nie. Hulle sou liewer swyg as hulle dan met onderdele verskil. Maar nee, hier word deur die Afrikanerparty en sommige ander ook gesmaal oor 'n stuk wat die leier van die amptelike republikeinse opposisie uitvaardig nadat belangrike Afrikanerorganisasies daaraan hul samewerking beloof het.

Waarom kon dié mense in die naam van republikanisme daaroor twiste voer. *Alleen omdat hulle inderdaad geen selfstandige republiek begeer nie.* Na die oorlog sal hulle maklik weer smelt as Engeland sou wen, of hulle sou 'n soortgelyke Duitsonderhorige staat gemoedelik aanvaar as die teenoorgestelde gebeur. Dit is 'n slawementaliteit op staatkundige gebied. Daarom bestry hulle die Nasionalis vanuit alle teenstrydige hoeke. Hulle speel vir posisie wat ook al gebeur. Sap – eenkanttoe of anderkanttoe – alles is vir hulle dieselfde. *Vir die Nasionalis en egte republikein daarenteen is daar net een ideaal wat ook al gebeur; volle selfstandigheid los van die Britse en enige ander ryk.* Vir lg. is al die heftige Britse persaanvalle op die republikeinse mosie en grondwet uiters welkom en bemoedigend omdat dit bewys hoe groot die vordering is wat so gevrees word.

Almal wat die H.N.P. se republikeinse strewe bestry of bespot soos

dit hom konkreet geopenbaar het in die mosie en in die publikasie van 'n ontwerp-grondwet wat sy toekomsrigting onomwonde aandui, lewer daardeur nie alleen aan die imperialiste steun nie, maar soek ook op subtiele wyse om die republikeinse strewe te ondermyn o.a. deur verwarring daaroor te saai.

Die Afrikanerparty-blad, wat altyd anti-republikeins was, val die werk vir 'n republiek aan omdat dit „te swak" sou wees, alleen omdat hy eintlik bang is dat dit sal slaag. Dit probeer hy keer deur met verkleinering mense afvallig te probeer maak sonder hulle iets beters te gee. Daarom is dit die Havenga-ideale wat hy ondergronds dien, nieteenstaande alle skyn wat opgewerp word van tog 'n soort kastig verstandige Brits-saamwerkende republikein te wees!

Egte republikeine wat, miskien aangemoedig deur die O.B., so 'n mondstuk aanvaar, kan gerus hul geselskap goed ondersoek. Republikanisme sit nie in woorde geuit net onder sekere omstandighede nie, maar kom uit in die rigting oor 'n lang tyd volgehou en in optrede teenoor werklik republiek-bevorderende dade soos wat soëwe weer deur die Afrikanerparty en sy orgaan teengewerk is.

31 Januarie 1942

42. Kaal daarvan afkom

Die belangstelling vir wat in die afgelope tyd in Indië voorgeval het, is groot. Van die nasionalis se standpunt was dit nogal belangwekkend om op te let hoe die Engelse daar in hooftrekke dieselfde taktiek gevolg het as in Suid-Afrika om Indië afhanklik te hou, en hoe die oordeel daar oor die Engelse mentaliteit ooreenstem met wat die Afrikaner self uit ervaring geleer het.

Hierdie begrip van die nasionale Afrikaner van die agtergrond en aard van die stryd van Indië sal vir sommige onbegryplik voorkom in die lig van die besliste houding van die nasionalis teenoor die Indiërvraagstuk in die Unie. Hulle sien egter nie diep genoeg nie. Fundamenteel is die houding van die Afrikaner-nasionalis teenoor die Indiër en die imperialis in Suid-Afrika immers baie dieselfde as dié van die Indiër-nasionalis teenoor die Britse imperialis in Indië.

Die nasionalis, waar ook al, stel die belange van sy land en volk eerste. *Vir die Afrikaner* is die *Engelse imperialis 'n vreemde element* wat sy land geen vryheid en eie voorspoed gun nie, maar dit alleen wil

uitbuit vir eie belang of die belange van 'n vreemde land. *Vir die Afrikaner is ook die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika*, al woon sommige 'n paar geslagte hier, *'n vreemde element*. Behalwe die land se ras- en ekonomiese probleme te verhoog, bly dit ook 'n dubbele lojaliteit behou. Hul aanklewing aan Indië kan eendag nog lei tot pogings soos trouens reeds ervaar is.

Wanneer die Afrikaner aan die Indiër i.v.m. Indië dink, dan staan sake egter anders. Daar sien hy die Indiër as die erfgenaam van 'n eie ou beskawing en as die regmatige besitter van dié land. Daarom kan hy begryp dat die Indiër daar voel dat die blanke, die Engelsman, weer die vreemde element is wat sy volksprobleme bemoeilik, en dat die Engelse imperialis hom daar die vryheid en landsvoorspoed, wat aan sy eie volk behoort, probeer ontroof. Dat die Indiër homself daar wil handhaaf en vryheid en voorspoed en burgerregte vir sy eie mense daar wil verwerf, is volkome reg. Daar moet dit alles syne wees in teenstelling met die Unie, waar sy posisie van 'n las te wees vir die volk van Suid-Afrika soortgelyk is aan die las wat die Britse bevolking is vir die Indiërs in Indië.

Nie alleen verstaan die nasionalis die begeerte en jongste ontwikkelings in Indië baie goed op grond van sy eie ervarings nie, maar hy begryp ook al te goed die klagte van die Indiese leiers oor die Engelse optrede. Ook die Afrikaner weet hoe die Britse imperialis strewe om verdeeldheid te saai en hoe hy hom tog altyd met salige selfvoldaanheid as die redder en beskermheer van die onderdrukte voordoen. Hy is selfs gewoonlik volkome selftevrede met die gedagte dat hulle hom ook so beskou tot hy eendag met stomme verbasing verneem hoe hy om sy huigelary gehaat word.

Ook die Afrikaner weet van die Britse manier om allerhande mooi beloftes te maak. Hy het netso geleer dat elke woord dan omgedraai en van alle kante bekyk moet word omdat daarin gewoonlik teruggetrek word die kern van wat skynbaar toegegee is. As die nood, waarin sulke beloftes gegee word, verby is, gee dit daarna oneindige geskille af, met die Brit as die skynbaar verbaasde waarnemer daarvan dat sy bedoelings nie al die tyd glashelder was nie! Hy is mos altyd reg!

Ook die Afrikaner het geleer hoe die Britse imperialis steeds sy sin met geweld afdwing en sy kop hooghartig hoog hou solank geen gevaar hom bedreig nie en hy hom sterk ag. Daarby het hy egter geleer hoe die Brit met vleiery, voorgewende vriendskap, agting en skyntoegeeflikheid te voorskyn kom wanneer die skoen hom druk – al is dit

altyd nog met 'n uit die hoogte houding asof hy die grootste guns bewys deur die dienste te aanvaar wat hy inderdaad afbedel.

Dit was vir nasionaliste gister eintlik vermaaklik om te sien dat die Indiërleiers se raak ontleding van die karaktertrekke van die Engelse oorheersers en onderhandelaars so ooreenstem met wat hulle self weet. Tegelykertyd is sulke kaalkop onthullings daarvan, en dit kom al uit baie lande en oorde, 'n sielkundige slag vir die Britse prestige so groot as enige veldslag. Dit beteken immers dat oral gevoel word dat die Britse meerderwaardigheidshouding op geen krag meer berus nie. Die bluf val nou plat. Daarom word die hovaardige na willekeur kaal afgestroop sodat die nasie in al sy naaktheid daarheen loop. En die skraal figuur wat hy vertoon, na die ryk en deftige kledy afgetrek is, wek in die wêreldgemeenskap geen ontsag nie.

So iets is 'n meer dodelike slag vir die Britse ryk as Duinkerken of die val van Singapoer.

14 April 1942

43. Nasionalisme bepaal die koers

Die regering en sy pers het nog nie die skok oorleef van die indiening van dr. Malan se mosie in die Volksraad wat drastiese ekonomiese en sosiale hervormings eis nie. Die Verenigde Party wou nl. graag vir homself die veld oop hou om te praat van „maatskaplike veiligheid" en om met menigvuldige beloftes, kommissies en grootklinkende woorde te kan kom met die oog op die verkiesing sonder inderdaad iets te doen hetsy nou of later. *Hierdie kans het dr. Malan se mosie die Regeringsparty ontneem deur baie duidelik te beklemtoon wat die Nasionale doelstellings is en te laat blyk dat daarteenoor die Smutsmanne niks kon stel nie.* Hulle was lamgeslaan.

Dit is nodig om in verband met hierdie saak op drie uiters belangrike feite te wys. Hulle kan so maklik uit die oog verloor word deur die selfsugtige propaganda van allerhande mense wat daarmee hul eie verkeerde houding in hierdie sake van vandag of vroeër probeer toesmeer.

Die eerste feit is dat die Verenigde Party en sy leiers so bankrot is aan opbouende idees en bouvermoë dat hulle tot nogtoe nie teenoor die Malan-mosie eie konkrete voorstelle kon stel van hoe die land sosiaal en ekonomies verbeter moet word nie. Hulle kan net daarom-

heen praat, soos min. Hofmeyr, oor hul „verrassing" dat dr. Malan nie met 'n mosie van wantroue gekom het nie! Wil mnr. Hofmeyr werklik hê dat sy teenstanders moet glo dat hy nooit agtergekom het hoe die H.N.P. stelselmatig in sy groot Opposisiemosies sedert die aanvang van die oorlog sy positiewe program verkondig het nie?

Teenoor die oorlog is op die mees ondubbelsinnige wyse standpunt ingeneem. *Vrede is geëis met die versekering dat, as die H.N.P. aan bewind kom, hy hom daarvoor sal inspan.* Dit is nie nodig om dit nou weer te herhaal nie. Daardie standpunt staan vas soos 'n rots.

In die republikeinse mosie is, sonder enige kompromismoontlikhede selfs vir ander vreemde oorheersings oop te laat, die H.N.P. se beleid eens en vir altyd vasgelê. Wat ook al gebeur binne die verband van of buite die verband van die oorlog, *hy wil 'n onafhanklike republiek vir Suid-Afrika bewerkstellig.* Dit is nie 'n beleidspunt wat ooit gelos sal kan word nie. Nog herhalings daarvan in verdere mosies is onnodig. Dié beleid staan onverbiddelik vas.

Sodoende het die tyd nou aangebreek om aan te dui *watter alledaagse lewensomstandighede die party wil verkry vir burgers van 'n vreedsame republiek van Suid-Afrika, en om duidelik te sê dat hy daardie ekonomies-sosiale omwenteling al wil begin aanvaar terwyl hy nog in die opposisie is.* Dit is immers onbetwisbaar dat wat die Nasionalis vandag verkondig, almal môre as beleid probeer toeëien. So was Nasionaliste in opposisie selfs al verantwoordelik vir menige verbetering in toestande omdat die Regering nie hul eise durf weier het nie vanweë sy besef dat die openbare mening daaragter geskaar was.

Omsetting in Praktyk

Die tweede algemene feit wat besef moet word, is dat die beleid wat nou weer verkondig is in die mosie en deur die sprekers van die H.N.P., nasionalisme in praktiese ontplooiing is. Dit is 'n hernude weergawe van die Nasionale ideale wat al lank bepleit is. Nasionalisme ken nl. uit sy aard geen regverdiging vir die oorwig van 'n geldmag nie. Dit ken geen verskoning vir ellende en armoede nie. Geen volk kan gelukkig wees as sommige krimp van ellende en ander deur rykdomme oorweldig word nie. *Die natuurlike volks- of nasionale beleid het hom m.a.w. net weereens in verband met die sosiale en ekonomiese vraagstukke geuit.*

Soos altyd tevore is herhaal dat drastiese hervormings nodig is. Is

dit nodig om daaraan te herinner hoe dikwels in die jare wat verby is, nasionale leiers aan hul volgelinge gesê het: „'n Republiek wat net 'n verandering van bestuursvorm sou wees, sal vir ons Afrikaners niks beteken nie. Dit is omdat met daardie republiekverkryging tegelykertyd die mees drastiese sosiaal-ekonomiese veranderings sal moet gepaard gaan, wat Suid-Afrika leefbaarder sal maak vir elkeen en sy rykdomme eweredig sal laat versprei oor al sy burgers dat ons republikeine is. Die republikeinse ideaal sluit vanselfsprekend vir ons in ook die ideaal van die groot hervorming op alle gebiede van die lewe." Lees 'n mens die Nasionale dagblaaie van die afgelope tien jaar, dan word daarin ook die konkrete hervormingsplanne weergevind. Dit kon trouens nie anders nie. *Hulle is inherent in nasionalisme.* Gesonde sosiaal-ekonomiese toestande is die siel van nasionalisme.

Daar is diegene wat hierdie nasionale ideale in die verlede heftig bestry het, soos die lede van die Pirow-groep en die waarde daarvan eers later besef het. I.p.v. toe hul vorige onnasionale gesindheid as verkeerd in hul eie te erken, maak hulle egter skielik nou asof hulle nuwe ontdekkings gedoen het! Die H.N.P. sou agterna *hul beleid* kom oorneem het! Dit is by hulle betreurenswaardig intellektuele selfbedrog of toneelspel op die parlementêre verhoog. Met so 'n toneelspel regverdig hulle egter nie in die publieke oog hul ou teenstand teen die Nasionale sosiaal-ekonomiese beleid nie. Dit laat alleen sien hoe gereed hulle is om te help om die soeklig van die sondes van die Smutsparty, teen wie die mosie gerig was, af te wend. So iets sal nie vergeef word nie deur die Afrikanerdom wat sy land gered wil sien uit ellende, en daarom 'n spesiale renons het aan sulke belemmerings uit taktiese groepoorwegings.

'n Derde feit, wat ondubbelsinnig blyk uit die debat en uit sy kommervolle ontvangs in die Regeringspers, is *dat die Regeringsparty nie in staat sal wees om enige hervormings teweeg te bring nie.* Hy het nie die insig, planne of inisiatief vir so iets na sy kragte gewy is aan 'n vernietigingsoorlog nie. Die kapitalistiese agtergrond van sy politieke mag sal buitendien nie toelaat dat hy in dié rigting beweeg nie – watter mooi woorde ook al gebruik word vir verkiesingsdoeleindes.

Daar is net een party wat die regte soort steun agter hom het, nl. die gewone volksmassa, en net een party wat gewys het dat hy konsekwent staan by drastiese hervormingsplanne. Dit is die H.N.P. Ja, dat in Nasionalisme die enigste hoop op die omskepping van Suid-Afrika in 'n gelukkiger land vir die gewone burger om in te woon, lê,

besef selfs die kapitalistiese pers. Daarom probeer hy dié beeld van die Nasionale beleid aan sy lesers te onthou. Daarom laat hy hulle eerder glo dat die Nasionaliste „nie ernstig is met hul leiers se mosie nie," dat hulle „hulle verveel," dat dit „platgeval het en onderlinge geskille openbaar het," en derglike meer! Dit is alles net versugtings om te bedek dat die Verenigde Party die grootste skok gekry het toe hy ervaar hoe lewenskragtig die Volksraadslede van die H.N.P. die Regering te lyf kon gaan en hoe vol vertroue hulle die aloue Nasionale beleid in al sy besonderhede weereens ewe fris kon voorhou as die onwankelbare doel van die H.N.P.

Uit die omheenlooptaktiek van die Regeringsprekers en -pers blyk dat hulle besef dat Nasionalisme een vaste koers het sodat die hoop van Suid-Afrika al meer en meer op die H.N.P. en sy leiers gevestig raak. Hul manier van teenaanvalle maak wys dat hulle nou al weet dat nasionalisme en republikanisme steeds meer die oorwinnaar in die politieke stryd in die Unie word.

10 Februarie 1943

44. Die republiek as doel

Van die kant van diegene wat op die oomblik met die hande agter die rug staan en aanskou hoe die Herenigde Nasionale Party sy verbete stryd teen die imperialistiese magte aanknoop, moet die Nasionaliste heelwat kritiek verduur. Een van die krete wat hulle nou skielik aanhef, is dat dit die Herenigde Nasionale Party nie erns met die republikeinse ideaal is nie en dat hy dit slegs wil gebruik om stemme te vang! Hierdie beskuldiging kom veral van persone wat so 'n bietjie in die verlede gaan grawe het en hulle miskien verbeel dat hulle alles omtrent die politieke verlede vanaf 1910 weet. Wat voorheen deur die ou Nasionale Party onder leiding van ander persone gedoen is, word ook sommer maklik op die skouers geskuif van die Herenigde Nasionale Party en sy huidige leiers, net om wantroue teen hulle te saai en al help dit veldm. Smuts en die Ryksparty.

Soos al meermale deur Die Transvaler verduidelik is, was die Nasionale Party net voor die skeuring van 1934 geen republikeinse party nie, al het baie Nasionaliste dit nie so besef nie en al het ander binne die party geywer om daarin verandering te bring. Wat die rede hier-

voor was, behoort aan elkeen duidelik te wees. Wyle genl. Hertzog wou nie dat die Nasionale Party die republikeinse ideaal in sy program van beginsels aanvaar nie, en het die leiers van die Republikeinse Bond soms skerp betig. Hoe oneg die beskuldigings is wat nou skielik teen die huidige leiers van die Herenigde Nasionale Party geslinger word, blyk uit die feit dat baie van dieselfde beskuldigers voorgee dat hulle die voortsetters is van wyle genl. Hertzog se strewe. Kom dit egter by sy houding teenoor die republikeinse ideaal, verswyg hulle gerieflik sy naam en gaan selfs sover om sy optrede destyds te bind aan dié van die huidige leiers van die Herenigde Nasionale Party, en hulle daarmee vir vandag te beskuldig. So 'n soort optrede is beginselloos en kan geïgnoreer word, behalwe vir sover die H.N.P. daarteenoor weer ondubbelsinnig sy republikeinse doelstelling teenoor die Smuts-imperialisme kan stel.

In sulke aanvalle op die huidige leiers van die Herenigde Nasionale Party word nog een groot feit verswyg en dit is 'n feit wat vir hul optrede verdoemend is. Na die skeuring wat in 1934 ontstaan het, het diegene wat die Nasionale Party voortgesit het, *gesorg dat die party voor alles die republikeinse ideaal in sy strewe opneem*. Daarom het hierdie party onder artikel 7 van sy program van beginsels bepaal: „Die party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en daarom sal hy die republikeinse ideaal beskerm en hom beywer om 'n republiek in S.A. tot stand te bring." Hierdie openlike aanvaarding deur die Nasionale Party van die republikeinse ideaal het laasgenoemde met geweldige stappe laat groei. Die groot verdienste van die Nasionale Party tussen 1934 en 1939 was dan ook dat hy hierdie groot ideaal aan die Afrikaanse volk as sy leidster voorgehou het. *Onder die leiding van dr. Malan het m.a.w. vir die eerste maal 'n politieke party hom openlik, onomwonde en ondubbelsinnig vir die republiek uitgespreek. Onder die leiding van dr. Malan is vir die eerste maal die Afrikaanse volk as 'n geheel werklik republiekbewus gemaak*. Dit is gedoen, toe baie van diegene wat tans die stryd teen veldmaarskalk Smuts met die hande in die sak staan en aanskou, en selfs op hierdie manier belemmer deur tweedrag onder nasionaalgesindes te saai, vir die republikeinse strewe niks anders as veragting en hoon gehad nie.

Diegene wat vér teruggaan om die optrede van die destydse leier die huidige leiers van die Herenigde Nasionale Party as beskuldiging

teen die hoof te gooi, vergeet ook heel gerieflik wat in die jongste verlede gebeur het. Toe na 4 September 1939 onderhandelings vir hereniging aangeknoop is, was dit weer die huidige leiers van die Herenigde Nasionale Party wat die republikeinse ideaal vir die Afrikaanse volk gered het. Dit behoort reeds tot die geskiedenis hoe o.a. mnr. Havenga tydens die onderhandelings in Pretoria hom bitter verset het teen die gedagte dat die herenigde Party die republikeinse ideaal sou aanvaar, en voluit 'n republikeinse party word.

Dié verset daar het hereniging byna laat verongeluk en heelwat te doen gehad met die latere botsings.

Daarom geveg teen Smuts-imperialisme

Die taaie volharding van die republikeine en hul huidige leiers is die oorsaak dat die Herenigde Nasionale Party „daarvan oortuig (is) dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk" en dat „hy hom sal beywer om alle ongerymdhede wat die bereiking van daardie volksvryhede belemmer, uit die weg te ruim." Hulle wou dit in nog kragtiger woorde gestel hê, maar is belemmer daarin deur diegene wat later weggebreek het. *So sterk is die republikeinse ideaal sedertdien deur die Herenigde Nasionale Party op die voorgrond gestel, en so ryp is die Afrikaanse volk vir die aanvaarding van sy erfenis gemaak, dat ook ander groepe wat eers weifelend daarteenoor gestaan het, vandag 'n beroep op die republikeinse sentiment, soos aangewakker deur die Nasionale Party, moet doen ten einde 'n bietjie steun te kan kry.*

'n Mooier kompliment vir die groot werk wat die Nasionalis en republikein gedoen het, is hom voorwaar nog nie aangedoen nie. Niemand hoef dus in twyfel gebring te word deur hierdie geskiet op die party en sy leiers nie. Dit kom wel van mense wat jou eie behoort te wees, maar hulle weet nie wat hulle doen nie of gee glad nie om nie, dog skiet in elk geval net met loskruit.

Waar die Herenigde Nasionale Party die huidige verkiesingstryd teen veldmaarskalk Smuts en sy imperialistiese magte aanknoop, *doen hy dit in die eerste plek met die oog op die bereiking van die grootste onder die ideale van die Afrikaanse volk.* Die planne wat hy voor die volk lê, die gedagtes wat deur die leiers uitgespreek word, die wyse waarop die imperialistiese magte bestry word en die wyse waarop die

party as 'n geheel te werk gaan, *word alles gedoen met die oog op die bereiking van die republikeinse ideaal.*

Wanneer die Nasionalis op 7 Julie a.s. sy kruisie agter die naam van 'n kandidaat gaan trek, doen hy dit nie bloot as 'n „demonstrasie" teen die oorlogsbeleid van veldmaarskalk Smuts nie. Nee, die Nasionalis beskou sy stryd nie in so 'n negatiewe sin as sommige van die ander groepe nie. Die Nasionalis is altyd positief. Wanneer hy sy kruisie trek, het hy baie meer in die oog as net die huidige beleid van veldm. Smuts. Die Nasionalis stem vir die H.N.P. om die republikeinse ideaal nader aan verwesenliking te bring. Wat sy kritici ook mag sê, die Nasionalis weet wat hy wil hê *en wat hy wil hê, is 'n vrye en onafhanklike republiek*. Daarvoor het hy al gestry, toe baie van sy huidige kritici hom daarvoor bespot het.

Laat hieroor geen misverstand bestaan nie. Dr. Malan en elke volgeling van hom sien in die huidige verkiesingstryd 'n stryd ten gunste van die republikeinse ideaal. Dit is 'n ideaal wat hulle gaan bereik, die bespotting van enige verbitterdes ten spyt.

1 Junie 1943
Dr. H. F. Verwoerd en Dr. G. D. Scholtz

45. Geknaag aan republikeinse ideaal

Twee verskynsels het al herhaaldelik voorgekom in die openbare lewe in Suid-Afrika. Een is dat net sodra die imperialiste merk dat die oorwinning van Nasionaalgesindes nader kom, hulle 'n „versoeningsbeweging" op tou sit om 'n aandeel te kan hê aan die komende bewind. So is die ou S.A. Party van genl. Botha ingepalm; so het die imperialistiese Arbeidersparty later met die „pakt" die ou Nasionale Party se republikeinse beleid aan bande help lê; so is ook nog later gebruik gemaak van samesmelting.

Die tweede verskynsel wat opval, is dat sodra die Nasionaliste se beleid in een of ander opsig algemene steun begin verlang omdat dit die beste is vir Suid-Afrika, neem die imperialiste dit *skynbaar* oor, hoewel sonder om te erken dat dit 'n oorname is. Daarna water hulle dit algaande af sodat dié beleidspunt vir die imperialisme minder gevaarlik word. Een van die jongste voorbeelde hiervan is die beleid van ontwikkeling van eie Suid-Afrikaanse nywerhede, wat oorgeneem is gedurende die oorlog maar wat alweer by voorbaat met die oog op

die vrede ondermyn word. Verder is daar die beleid van tweetaligheid waaraan egter geknoop word die aanval op moedertaalonderwys om verengelsing te probeer bewerk. Elke beleidsoorname se angel was in die stert.

Hierna word verwys omdat die soort blaadjies wat die liberalistiese min. Hofmeyr se steunpilare is, *nou skielik ook op dieselfde wyse soortgelyke skynheilige hande wil lê aan dié deel van die Nasionalis se beleid wat die diepste geanker is in sy siel en sy volkstradisie, nl. die strewe na 'n republiek.*

Dit is heel duidelik dat hulle besef dat die H.N.P. aan bewind sal kom. Nou wil hulle vroegtydig deur 'n skyn-toegewing aan die republikeinse ideaal, laasgenoemde vir die praktyk probeer vernietig. Daar word naamlik 'n beroep op die Regeringsondersteuners gemaak om ook ten gunste van 'n republiek te wees, *maar binne die Britse Ryk!* Op hierdie basis sal na die oorlog selfs tot 'n nuwe samesmelting kan opgeroep word. M.a.w. wanneer die Smuts-bewind inmekaar sak, en vir die imperialiste se doel, nl. om die Britse Ryk te stut en te beskerm nie meer doeltreffend is nie, moet 'n nuwe regering wat die ryksband sal handhaaf vanweë 'n nuwe metode van die Afrikaner te verdeel en te gebruik, klaarstaan.

Dat hierdie mense nie kan insien dat wat hulle also as 'n kompromis voorstel, geen kompromis is nie, maar 'n **val,** *is byna ongeloofbaar.* Die grootste meerderheid van die Nasionaliste sien dit egter dadelik in, en enigeen wat tydelik daardeur gevang mag word, sal dit by nader oorweging en propaganda-geskrifte van die Vereniging van Jode en Christene na sulke gedagtes gryp, is al waarskuwing genoeg. Dit was dieselfde mense wat met die dubbelmediumskool-agitasie begin het om die Afrikanerdom te probeer vernietig. Dit was dieselfde soort mense wat daaraan die valse kreet geheg het dat die Verenigde Party ten gunste van tweetaligheid sou wees, maar die Nasionaliste eentaligheid sou voorstaan. So 'n verkragting van die geskiedkundige feite, en verontagsaming van die verklaarde standpunt van die H.N.P. en sy leiers, *kan geen vertroue skep in hul goeie bedoelings met die poging om nou ook die republikeinse beleid vir hulself toe te eien nie.*

Hoe die republikeinse beleid gaan verkrag word, en hoe die verkragte beleid net so op verdraaide wyse teenoor die Nasionalis se standpunt gestel gaan word, is reeds duidelik. Die verkragting bestaan daarin dat alleen 'n republiek moet verlang word *binne* die Britse Ryk, wat 'n onding sal wees. En die verdraaide propaganda is dat dit

voorgestel word as 'n pragtige samewerkingsideaal vir 'n republiek, terwyl die Afrikaner en die Nasionalis 'n skandelike onderdrukkingsrepubliek of 'n „Nazi"-republiek sou wil hê.

So sal die imperialis weer die Engel wees met sy soort republikeinse strewe, maar die Nasionalis 'n swarte duiwel met syne. Die imperialiste wil hul propaganda voer min of meer net soos i.v.m. die stryd om tweetaligheid en om die opbou van 'n eie Suid-Afrikaanse nywerheid. Toe dit deur die Nasionalis bepleit is, het daaragter duistere rassehaat geskuil, maar toe die imperialis dit nuttig gevind het om daardie beleid in naam oor te neem, het dit skielik in sy hande deursuur geword van die blankste opregtheid!

Ryksbande moet verbreek word

Een feit moet baie duidelik verstaan word. Daar kan geen ware republiek wees binne die Britse Ryk nie. So iets sou net beteken dat die Goewerneur-Generaal herdoop word met die naam President en dat hy gekies i.p.v. aangestel word. Aan die wese van die staat, sy verhouding op sosiale en ekonomiese gebied tot Brittanje, die verhouding tussen die bevolkingsdele en aan interne beleidsverskille en die oplossing van landsprobleme sal dit geen verskil maak nie. *Die republikeinse ideaal moet in sy vervulling egter nie alleen volledige staatkundige onafhanklikheid bring nie, maar ook radikale ekonomiese hervorming in belang van die gewone man en van die land as geheel.* Dit is binne die kapitalistiese Britse Ryk onmoontlik. Laat dit dus duidelik gesê word aan enigeen wat aan die republikeinse ideaal wil torring dat 'n republiek binne die Britse Ryk 'n miskraam sal wees wat moet sterf, en dat die H.N.P. hom nooit daartoe sal leen om so iets tot stand te bring nie.

Kompromisse sal nooit oor die republikeinse ideaal aangegaan word nie. Dit beteken nie dat Engelssprekendes van republikanisme geweer word, of dat 'n onderdrukkingsrepubliek nagestreef word deur die Nasionalis nie. So sal dit natuurlik voorgestel word deur diegene wat nie slaag om die Afrikaner weereens te vang in 'n val nie. Dit sou egter bedrog wees om die Engelssprekende nie te laat verstaan dat binne 'n republiek geen vorm van verdeelde trou kan toegelaat word nie, nl. 'n trou aan Suid-Afrika en 'n tweede een aan die Britse Ryk. *As hy republikein word, sal ook hy die belang van Suid-Afrika* **alleen** *op die hart moet dra.*

Dat die republiek van Suid-Afrika met alle lande in vriendskap wil lewe, en volgens die diktate van sy eie belang verdrae met ander lande sal sluit – handels- en ander verdrae – spreek egter vanself. Onder daardie lande kan Brittanje een wees, soos die V.S.A., Frankryk, Holland, Noorweë, ens. sekerlik ook. Om die lotgevalle van 'n Suid-Afrikaanse republiek daarenteen te gaan vasbind aan een moondheid deur binne sy ryk te bly, waardeur sy buitelandse beleid o.m. allerlei gesiene en ongesiene verpligtings opgelê sal word, en waardeur die neiging van een bevolkingsgroep om daardie land te bevoorreg bo ander lande en selfs bo die eie land inwendige rassestryd sal veroorsaak net soos nou, *sou dwaasheid wees*. Dit word die Nasionalis voor die kop gegooi dat sy republikeinse beleid 'n afsonderingsbeleid is. Dit is onsin. Hy wil seer sekerlik onafhanklik wees soos ander lande, maar dan kan en sal hy vryelik en gelykelik met alle lande van die wêreld in vriendskap lewe ooreenkomstig sy eie belang as 'n klein staat. *Hy is eerder nou geïsoleer, nl. binne die enge Britse Ryk*. Sy vryheid en beweging is daardeur beperk.

Die skepping van 'n republiek en die verbreking van alle bande met die Britse Ryk is nie van mekaar te skei nie. Die enigste band wat tussen 'n republiek van Suid-Afrika en die ander state van die wêreld, insluitende Brittanje kan bestaan, is die bande wat aangeknoop moet word, soos sal gebeur, deur onderhandeling met almal op die basis van een onafhanklike staat teenoor 'n ander.

Voor verder verwarring veroorsaak kan word oor hierdie grondliggende ideaal, moet die absolute onaanneembaarheid van die nou reeds herhaaldelik voorgestelde kompromis vandag ten sterkste beklemtoon word.

21 Desember 1943

46. Ekonomiese hindernisse noodsaak republiek

Elders verskyn 'n berig uit die V.S.A. waaruit dit blyk dat die Unie van Suid-Afrika *byna enige soort artikel wat hy nodig mag hê, nou kan invoer*. Daar is selfs skeepvaartruimte in oorvloed beskikbaar. *Al wat keer is die onderworpenheid van die Unie en van sy hele ekonomiese stelsel aan Engeland*, wat self nie die goedere kan verskaf of vervoer

nie, en dus met alle mag belemmerend werk. Hy wil die Unie as melkkoei behou en laat hom intussen liewer verhonger, as om hom aan iemand anders te gun.

Hierdie berig bevestig weereens wat die Nasionalis dikwels gesê het. Deur Suid-Afrika aan die sterlingblok vas te knoop, deur te reël dat Suid-Afrika se goud aan Engeland verkoop moet word en nie waar dit hom beste betaal nie, deur Suid-Afrika vas te koppel aan die Britse see- en lugverkeer, ens. word die Unie se belange heeltemal verwaarloos. Dit is die werk van die Smutsregering.

Selfs die kontroleurs wat die verkoop van die beskikbare goedere en hul pryse moet beheer, word in diens van Brittanje gestel. Hulle word gebruik om goedere uit ander lande *weg te keer* en Suid-Afrika aan tekorte te laat ly totdat Brittanje in staat sal wees om die mark te voorsien! Hierdie misbruik van die beheerstelsel is 'n absolute skandaal.

Waar mense vandag duur betaal of noodsaaklike artikels moet ontbeer, hoef hulle nie meer die verhaaltjies te glo dat die goedere nie verkrygbaar is nie. Hulle moet ook weet dat die beheerstelsel glad nie meer daar is om inflasie te verhoed of billike distribusie te reël nie, of om Suid-Afrikaanse nywerhede te beskerm in hul heraanpassing soos dikwels beweer word nie. Dit alles was die publiek gereed om te verdra binne redelike perke. Dit blyk egter nou steeds meer dat Suid-Afrika aan bande gehou word in sy aankopings en verbruik alleen in Engeland se belang. Die Suid-Afrikaner mag eers toegang kry tot alle goedere wanneer Brittanje se nywerhede en skeepsverkeer die mark kan behartig. Dan sal Suid-Afrikaanse nywerhede se aanpassing ook nie meer in ag geneem word nie.

Die Nasionalis se houding bly dieselfde as altyd. Voorop staan in alle opsigte Suid-Afrika se eie belang. Sy eie nywerheidsontwikkeling is van die grootste belang. Indien verbruikers daarvoor iets moet toegee, is dit op die lange duur die moeite werd. Suid-Afrika mag hom egter verder aan geen bande laat bind nie, nòg aan Brittanje nòg aan die V.S.A. nòg aan enige ander land. *Waar die kans nou bestaan om vir sy verbruikers en handel goedere uit die V.S.A. te verkry wat hy nie self kan vervaardig nie, daar is dit onvergeeflik dwaas en onbillik om, ter wille van Brittanje, die inkope nie toe te laat nie.*

Hier is nou 'n klinkklare voorbeeld van hoe by die konstitusionele Rykslande hoogs skadelike ekonomiese bande geweef word deur die Smutsregering. Die regering moet so gou moontlik verwerp word, en

'n onafhanklike republiek is ter wille van Suid-Afrika se ekonomiese heropbou ook so gou moontlik nodig.

30 Julie 1945

47. Kanada se voorbeeld

Die belangrikste stap wat in Kanada gedoen is om sy konstitusionele vryheid te vermeerder en te beklemtoon, moet Suid-Afrika regtig beskaam. Hierdie land het besluit om 'n end te maak aan die dubbele trou wat ook in die Unie so 'n strydpunt is. *As 'n man 'n Kanadees wil wees, dan moet hy dit wees, en nie 'n Brit nie.*

Die wetsontwerp wat die Minister van Buitelandse Sake daar ingedien het, wil Kanadese burgerskap as sulks erken kry, na binne en na buite. Britse burgerskap vir Kanadese sal verval, en die outomatiese burgerskap na kort verblyftyd van persone uit ander dele van die Britse Ryk sal ook ophou. Hulle sal Kanadese burgerskap moet verwerf deur naturalisasie net soos enigiemand anders.

Kanada wil sy eie volkstrots versterk deur hul eie status wettig erken te kry vir sy burgers. Die Minister wat die wet indien, ene Paul Martin, het selfs verklaar dat hy steeds vernederd gevoel het omdat hy homself nie kon beskryf het as 'n Kanadese burger nie.

Hierdie is 'n uiting van nasionalisme in Kanada, soos dikwels ook ander tekens van daardie gees daar voorgekom het. Gewoonlik word probeer om bedek te hou dat Kanada steeds meer en meer bewus daarvan word dat hy soos sy groot buurman, die V.S.A., 'n aparte plek het in die volkery. Onlangs het hy egter by monde van een van sy leidsmanne openlik aanspraak gemaak op erkenning by wêreldberaadslagings as 'n *belangrike* volk en nie net een van die kleiner state nie.

Suid-Afrika kan amper jaloers voel op hierdie konstitusionele vooruitgang van Kanada. Die Nasionaliste hier verkondig sulke doelstellings wel reeds jare, maar die imperialistiese party het tot dusver daarin geslaag om sodanige losmaking van bande te verhoed. *Gelukkig is die dag aan nader waarop weer 'n Nasionale Party die bewind in hande sal hê.* Hierdie keer sal dit een wees wat nie in vae terme aan onafhanklikheid gedink het nie, maar in besonderhede meegedeel het dat en hoe hy die Ryksbande gaan verbreek.

Kanada mag Suid-Afrika nou 'n stap of twee voor wees, soos Eire

sommer 'n hele paar stappe nog verder is op die republikeinse pad, maar die tyd is nie meer ver nie wanneer Suid-Afrika weereens die leiding kan neem. Dan sal nie net Suid-Afrikaanse burgerskap tot stand kom nie, maar 'n onafhanklike Suid-Afrikaanse staat, die Republiek van Suid-Afrika.

By Kanada weeg ekonomiese sowel as sentimentele redes wanneer hy sulke stappe doen. Sy buurskap tot en ekonomiese verhoudings met die V.S.A. is oorsaak van heelwat van sy dade, soos o.m. sy afsydigheid van die sterlingblok-band. Net so vind die republikeinse strewe van Suid-Afrika ook versterking in ekonomiese en maatskaplike redes. Die ontwikkeling van 'n gesonder eie handel en nywerheid, en die oplossing van vraagstukke soos die Indiërvraagstuk in Natal, vereis daardie volkome vryheid.

25 Oktober 1945

48. Die republiek en die verkiesing

'n Mens moes dit seker maar verwag het dat die regeringspers dr. Malan se woorde oor hoe die H.N.P. hom voorstel om die republiek teweeg te bring, sou probeer misbruik. Die rede is natuurlik voor die handliggend. Die Ver. Party is bewus daarvan dat hy aan alle kante steun verloor en sy hoofmetode om homself te red, is om die enigste alternatiewe regering, nl. die H.N.P. verdag te maak net waar hy kan. Hy herhaal daarmee die taktiek van na die Eerste Wêreldoorlog, toe die destydse S.A. Party vertel het dat Suid-Afrika eenvoudig sou vergaan indien die Nasionale Party aan die bewind sou kom. Suid-Afrika het vooruitgegaan, toe dit gebeur, maar tog word weer na die metode gegryp om almal met 'n Nasionale Partyregering bang te maak.

Nou kom The Star vertel dat dr. Malan die vryheidsvlag neergehaal het! Hy wil daarmee die indruk wek dat dr. Malan die republikeinse ideaal van die H.N.P. verloën en verlaat het. *Dit is 'n totaal valse weergawe van die posisie.* Dit misken opsetlik die uitgangspunt van dr. Malan se woorde by dié einste geleentheid. Hy het nl. sonder enige doekies om te draai nadruklik verklaar: „*Die Nasionale Party wil 'n republiek hê.*" Trouens, die Party se beleid en die partykongresse se besluite in al vier provinsies is hieromtrent so duidelik dat niemand daaraan sal droom om 'n ander standpunt in te neem nie.

Wat dr. Malan wou benadruk, en dit is niks nuuts nie maar staan al

die jare in die konstitusie van die H.N.P. vir iedereen om te lees, is dat die party onderneem het om die volk regstreeks te raadpleeg by wyse van volkstelling of 'n spesiale verkiesing oor so 'n lewensbelangrike beslissing soos die instelling van 'n republiek. Die rede waarom die party se konstitusie so lui, is baie duidelik. Eerstens moet die republiek kan gehandhaaf word wanneer dit tot stand gebring word. Tweedens gaan 'n gewone algemene verkiesing gewoonlik oor 'n hele reeks beleidspunte, bv. maatskaplike en ekonomiese vraagstukke, kleurvraagstukke en derglike meer. Waar die Smutsregering die land op daardie gebiede in soveel ellende lei, is dit vanselfsprekend die vraagstukke waaroor die onmiddellike uitspraak gevra moet word.

Die Smutsaanhangers vrees die volk se uitspraak oor daardie sake. Hulle soek dus na 'n Union Jack-verkiesing om agter weg te kruip. Dr. Malan se stelling waaroor die verkiesing gaan, is gevolglik vir hulle uiters onwelkom. Daarom is hulle nou so venynig. Nou skielik vergeet hulle dat hy met die metode – sowel wat die verkiesingstryd as die beslissing oor 'n republiek betref – herhaal wat lankal deur die partykonstitusie vasgelê is.

Hulle wil hom by nie-Nasionaliste onder verdenking bring deur hom voor te hou as 'n onvertroubare manteldraaier om stemme se ontwil, en by die Nasionaliste as iemand wat die republikeinse doelstelling verlaat het. *Dit is politieke bedrog en kiesers sal verstandig handel om niks te doen te hê met 'n party wat so probeer veg nie.*

Die werklike feit is dat die H.N.P. 'n republikeinse party is van bo tot onder, en dat hy die weg sal volg om 'n republiek tot stand te bring wat hy self bepaal en nie een wat sy vyande sou uitsoek om dit te laat misluk nie. Die Nasionalis sal so voorberei tot die republiekwording, en dit op so 'n manier tot stand bring dat dit nie net sal ontstaan nie, *maar ook sal kan bly staan.* Dit wil die vyande van 'n republiek natuurlik nie hê nie. Daarom ook juis word nie hul raad gevra oor watter weg die H.N.P. en sy leier moet inslaan nie, eerstens om die algemene warboel op te ruim wat die Smutsbewind tot stand gebring het, en tweedens om van die republikeinse einddoel 'n standhoudende werklikheid te maak.

30 September 1946

49. Slaafse onderworpenheid

Hoe slaafs die Verenigde Party Suid-Afrika onderworpe wil hou aan die Britse Ryk, toon die debat oor die afskaffing van die appèl na die Geheime Raad. Adv. C. R. Swart het 'n onaantasbare pleidooi gelewer vir die afskaffing hiervan. Die juriste in die Volksraad kon daarmee geen fout vind nie. Daar was selfs ondersteuners van die Regeringsparty wat sterk bewyse ten gunste van afskaffing aangevoer het. Ook die Minister van Justisie kon nie die argumente onderwerp nie.

Feitlik almal het ingestem dat hierdie appèl 'n sotheid is waarvan slegs 'n verdwaalde en verdwaasde ryke af en toe gebruik kan maak. Die voorbeeld van Kanada wat wel tot afskaffing wil oorgaan, was voor die aandag. Dit alles nieteenstaande het die V.P.-lede soos blinde stemvee – met 'n paar uitsonderings – die kabinetslede se aanduiding van hoe hulle gaan stem gevolg.

Dat kol. Stallard sou opstaan om die mosie te verdoem en in ontsetting sou uitroep dat dit die end van alle dinge sal wees wanneer enige band met die Britse Ryk geknip word, kan 'n mens begryp. Die Britse Ryk is vir hom immers 'n soort heiligdom, en hy sou nooit kan asemhaal in 'n land soos Kanada nie, waar die vryheidslug so af en toe deurwaai. Die republikein hoef hom natuurlik nie te steur aan die verouderde sentiment van sulke Viktoriaanse imperialiste nie.

Dit is die verset van die Afrikaners in die Verenigde Party-geledere wat so verstommend is. Hulle het geen belang by die Geheime Raad nie. Hulle hoor hoe hul eie leiers moet erken dat afskaffing van die appèl Suid-Afrika se reg is, vir hom nuttig sal wees en sy aansien sal verhoog. Hulle weerstaan dit nogtans omdat hulle nie die kleinste stappie wil toelaat wat kan voorkom as synde in die rigting van die vrymaking van die Unie nie. Ook sou hulle kastig te bekommerd wees oor die „sentiment" van 'n deel van die bevolking! Daaraan offer hulle geregtigheid en praktiese waarde.

Die eienaardige is natuurlik dat net wanneer Britse sentiment in aanmerking kom, word aan sentiment ten koste van realisme toegegee. *Wanneer die Afrikaner se sentiment sou gekwes word deur 'n optrede van die Smuts-regering, dan maak dit nie saak nie.* Hy is eintlik daar om gekwes te word.

Wanneer die Afrikaner 'n republikein is sowel uit sentimentele as praktiese oorwegings, nl. omdat die Ryksbande hom belemmer in sy landsontwikkeling en in die oplossing van verskillende van sy drin-

gendste probleme, dan word sodanige sentiment afskuwelik gevind. Dit is dan rassehaat, nie volksliefde nie. Dit is daarenteen nie rassehaat nie dog prysenswaardige patriotisme indien 'n onlogiese oorblyfsel uit die gryse oudheid van die Britse volk op die Afrikaner afgedwing word.

Dit sal seker nie die aandag ontsnap dat die „Arbeids"-partylede teen die afskaffing van die appèl na die Britse Geheime Raad gestem het nie. Wat al meermale beweer is, naamlik dat hierdie party, wat Afrikanerarbeiders probeer lok, in die eerste plek imperialisties is, is alweer bewys.

Adv. Swart moes in die verlede heftige aanvalle verduur oor dieselfde vraagstuk. Nou word hy al geprys oor sy gesonde standpunt, al word dit afgestem. *Dit sal nie lank meer duur nie dan wen hy tog sy saak.*

25 Maart 1947

50. Swak argumente teen republiek

Die pers in Engeland kan byna geen geleentheid verby laat gaan sonder om die kanse en die uitkyk van die Nasionalis in Suid-Afrika te bespreek nie. Die wens is daarby gewoonlik ook vader van die gedagte.

Noudat Indië en Egipte na vryheid gryp, wil Engeland hom blykbaar nog nie met die moontlikheid versoen dat Suid-Afrika 'n republiek sal word nie. Steeds word dus nog gehamer daarop dat die koningsbesoek sou gehelp het om Republikanisme dood te maak. Selfs die gewoonlik nogal wetenskaplike blad, The Economist, sing hierdie deuntjie saam. Hy probeer dit staaf met redes wat nou eenmaal te verspot is.

Indien mense op hierdie trant wil voortdroom, kan hulle maar. Dit is alleen onbegryplik dat dr. Malan se duidelike antwoord aan 'n Britse joernalis met so min begrip bejeën word. Hy het nl. ondubbelsinnig gesê: „Die Nasionale Party is 'n republikeinse party, en sal op die geskikste tydstip die vraagstuk van republikanisme openlik voor die kiesers plaas om deur 'n vrye ongehinderde en regstreekse stemming te beslis wat die toekomstige konstitusie van die land sal wees." Hieroor val dus nie te redeneer nie. Wat net in die belang van nugterheid kan gedoen word, is om die redes waarom genoemde blad meen dat die H.N.P. nie eerlik is met sy beleid nie, te ontmasker.

The Economist beweer dat elke Suid-Afrikaanse regering sal moet huiwer om die Britse verband op te sê: (a) omdat die Unie buite die Britse Ryk nie eers die middelmatige status onder die wêreldmagte sal beklee wat hy nou inneem nie; (b) omdat Brittanje op handelsgebied sy beste klant is en (c) omdat Suid-Afrika se veiligheid afhanklik is van Brittanje se beheer ter see. Al wat 'n mens hierop in verbasing kan uitroep is dat swakker argumente nog nooit aangevoer is om hierdie stelling te verdedig nie.

Enige mening dat Suid-Afrika nie aangesien wil wees as die klein nasie wat hy is nie, kan die blad gerus vergeet. Dit is net veldm. Smuts wat grootdoenerig is op die wêreldtoneel. Suid-Afrika is maar te bewus daarvan wat dit hom gekos het om daar 'n rol te speel in diens van Brittanje. Dit het hom in een duur oorlog na die ander getrek. *Veel liewer sou hy as klein nasie op eie pote staan saam met die ander klein nasies, as om as satelliet van 'n „grote" handlangerdiens te verrig.* Sou Nederland, Denemarke, Noorweë of Switserland hul onafhanklikheid wou prysgee om as onderdeel van 'n Franse, Britse, Duitse of Russiese Ryk te kan grootmeneer speel onder die nasies ooreenkomstig hul beskermheer se beleid? Natuurlik nie.

Die tweede rede tas ewe mis. Brittanje is veel meer afhanklik van Suid-Afrika se mark as die Unie van Brittanje s'n is. Laasgenoemde wat moet uitvoer of sterf, sal die Suid-Afrikaanse mark probeer behou al word laasgenoemde 'n republiek en hy sal dit seer seker nie kan doen deur Suid-Afrikaanse goedere van sy eie mark te weer nie. Wat beteken hierdie argument dan?

En wat Suid-Afrika se veiligheid vanweë die Britse vloot betref – hoe minder 'n mens daaroor sê des te minder hoef hy Engeland seer te maak. Hierdie ou verhaal van hoe hy beskerm word, is nog nooit bewaarheid nie, maar Suid-Afrika moes wel steeds help om Brittanje te beskerm. Al die militêre onderhandelings en teorieë van vandag wys verder daarop dat Brittanje *nog steeds meer wil gaan leun op die dominiums*, en selfs vanaf hul grondgebied wil veg. Suid-Afrika se veiligheid word bedreig deur hierdie ontwikkeling, sodat onafhanklikheid juis meer, en nie minder, veiligheid beteken nie.

Republikanisme is nie net 'n sentimentele doelstelling nie. Dit is die enigste realistiese beleid wat Suid-Afrika se veiligheid en voorspoed sal kan verseker. Republikanisme kan nie in terme van Suid-Afrika se eie belang met logiese en saaklike argumente bestry word nie. Al sulke pogings klink vals. Dit is alleen in terme van 'n Brittanje-

eerste-beleid dat die stryd teen Suid-Afrika se onafhanklikheidstrewe kan begryp word.

13 Mei 1947

51. Sluwe set teen vryheidstrewe

Die kommissie wat in Londen oor die nasionaliteitswette van die Britse Ryk beraadslaag het, het aanbeveel dat die term „Britse onderdaan" as benaming vir die sogenaamde „gemeenskaplike status" wat die inwoners van die verskillende dele van die Ryk met dié van Brittanje deel om hul trou aan die Britse koning aan te dui, deur 'n ander term vervang moet word. Dit beteken dat die dubbele burgerskap wat in die jare voor die uitbreek van die oorlog so 'n groot strydpunt hier in die Unie was, onder 'n ander naam sal bly voortbestaan. Naas die Unie-burgerskap wat hy onder die wet van 1927 verwerf het, moet naamlik 'n inwoner van die Unie dan teen wil en dank ook nog dié burgerskap aanvaar wat hy met die inwoners van ander dele van die Britse Ryk deel.

Die Nasionaliste het nog altyd van die standpunt uitgegaan dat die dubbele burgerskap 'n onding is wat afgeskaf behoort te word, omdat dit nie alleen afding aan die soewereiniteit van die Unie nie, maar ook omdat dit uiters gevaarlik is. Die gemeenskaplike status of Britse onderdaanskap is tot dusverre nie behoorlik omskryf nie. Die Rykskonferensie van 1937 het dit selfs nie eens gewaag om die saak tot volkome helderheid te bring nie. Hierdie vaagheid is deur die imperialiste – en hulle was veral hier in die Unie baie volop – aangegryp om te beweer dat, wanneer een deel van die Britse koning se onderdane in oorlog verkeer, die ander deel nie neutraal kan bly nie. Wanneer die koning in oorlog verkeer, sou ook al sy onderdane daarin betrokke wees.

So beweer die imperialiste vandag nog. Wanneer derhalwe tans gepoog word om die vaagheid van „Britse" onderdaanskap te vervang, onder die benaming „Onderdaanskap van die Gemenebes," deur iets definitiefs wat in verskillende wette vasgelê sal word, lê dit voor die hand dat die imperialiste nog meer steun vir hul argumente sal vind. *Dit gaan dus nie hier om 'n blote „woordverandering" of 'n „beter benaming" nie, soos dit voorgestel sal word, maar om 'n uiters sluwe set om die bande van die Ryk baie vaster te bind.*

Terwyl die imperialiste hulle altyd op die gemeenskaplike status van Britse onderdaanskap blind gestaar het en daaraan die grootste waarde geheg het, het die Nasionaliste daarenteen die klem op die Unieburgerskap laat val. Omdat hulle hulself in die eerste en laaste plaas as Unieburgers beskou wat geen ander trou as aan hul eie vaderland verskuldig is nie, het daardie sogenaamde gemeenskaplike status wat hulle op dieselfde voet as die inwoners van Brittanje, van Indië, van Birma of van die Suidsee-eilande plaas, die Nasionaliste nog altyd geweldig teen die bors gestuit.

Die plan om die vaagheid wat nog altyd aan die Britse burgerskap gekleef het, deur iets nuuts te vervang wat die sogenaamde gemeenskaplike status 'n tasbare gestalte gee en wat moet dien om te toon dat die Britse Ryk 'n soort konstitusionele eenheid is waarin die een deel onafskeidelik aan die ander verbonde is, *sal deur die onafhanklikheidsgesindes – ook in Australië en Kanada – hand en tand moet beveg word.*

'n Mens het hier met 'n baie oulike poging te doen om die deelbaarheid van die Britse kroon, waarop die Nasionaliste nog altyd klem gelê het en wat hulle eenmaal in staat moet stel om van die Britse Ryk af te skei, te probeer verander en om die leer van die ondeelbaarheid van die Britse kroon in praktyk toe te pas. Dit is verregaande uitoor lêery wat skuil in 'n skynbare nietige terminologiese wysiging.

21 Mei 1947

52. Vryheidstrewe reg en nodig

Twee berigte wat gister in die pers verskyn het, toon nie alleen aan dat die republikeinse strewe noodsaaklik is met die oog op die alledaagse vraagstukke van die Unie nie, maar ook dat niemand beswaar daarteen mag maak met die oog op die betekenis van die Statuut van Westminster nie.

Die eerste berig deel mee dat nie-blankes by die Britse leër en vloot, net soos by die lugmag, sal kan aansluit, volgens 'n ministeriële verklaring in die Britse Volksraad waar dit met gejuig begroet is. Dit was in antwoord op 'n vraag „hoever gevorder is met die afskaffing van die kleurslagboom in die leër en vloot."

Die implikasies vir Suid-Afrika is baie duidelik. 'n Menigte onderhandelings dui daarop aan dat daar 'n strewe is om 'n so sterk moont-

like koppeling teweeg te bring tussen die militêre organisasies van die verskillende Dominiums. Terwyl die Unie-bevolking ten sterkste gekant is teen enige kleurgelykstellingsbeleid en nou die bitter vrugte pluk van veldm. Smuts se beleid om nie-blanke soldate te gebruik in die jongste oorlog, pas Brittanje 'n opname- en gelykstellingsbeleid toe.

Waar tewens ook planne voorgestel is vir 'n gemeenskaplike onderdaanskap van die Britse Ryk, is dit nie ondenkbaar nie dat Unie-naturelle of gekleurdes wat nie so in die Staande Mag hier opgeneem word nie, wel op 'n gelykheidsbasis in die Britse leër of vloot sal kan aanvaar word. Een konsekwensie hiervan kan wees dat sulke persone by ontslag weer hierheen kom, en dan agiteer teen die vir hulle dan onuithoudbare toestand na hul gelykstelling in Brittanje en sy weermag. Verder kan daaruit voortvloei dat, ingeval van 'n samewerking (miskien net by oefeninge) tussen die verskillende Dominiums se militêre organisasies, blanke offisiere of manskappe van die Unie op gelyke voet, of miskien selfs as ondergeskiktes met nie-blankes sal behandel word.

Of gesteld dat Ryksmilitêre samesprekings op Suid-Afrikaanse bodem plaasvind en 'n neger-offisier uit 'n nuwe Wes-Indiese Dominium kom as verteenwoordiger hierheen. Suid-Afrikaanse offisiere sal met hom moet saamleef en werk en gelykstelling in hotels en oral sal verwag word. Sal die naturelle van Suid-Afrika daarna nie dieselfde eis nie?

Lidmaatskap van die Britse Ryk is al tevore aangetoon as 'n belemmering in die oplossing van ernstige landsprobleme. Hier blyk dit weer hoe Suid-Afrika se heil – ook wat die hantering van die kleurvraagstuk betref – in republikeinse vryheid lê.

Voor die oorlog het die Nasionaliste steeds betoog dat die Statuut van Westminster beteken dat Suid-Afrika die vrye reg verkry het om te eniger tyd en sonder Brittanje te raadpleeg die republikeinse status te aanvaar. Veldm. Smuts het dit betwis, en in 1939 nie alleen beweer dat die bande nie kan gelos word sonder onderlinge toestemming nie maar selfs later dat uitbly uit die oorlog 'n eensydige en dus onregmatige losskeur van bande sou wees. Die tweede berig waarna verwys is, bevestig dat die Nasionaliste se standpunt reg was en nou algemeen aanvaar word, of dit is net huigelary om Indië te beweeg om binne die Britse Ryk te bly met Dominium-status. Die berig uit London lui nl. dat wanneer volgens die nuutse plan verskillende vrye state in Indië

geskep word hulle Dominium-status sou kan aanvaar „en sodoende die Statuut van Westminster onderskryf wat op generlei wyse die reg bevooroordeel van enige Dominium om te eniger tyd weg te breek van die Gemenebes indien dit so iets begeer nie."

Veldm. Smuts het self uit sy pad gegaan om eergister voordele van die Dominium-status aan Indië voor te hou in 'n poging om laasgenoemde daartoe te help lok. Dit kan net so verstaan word dat hy ook hul vryheid erken om nou en in die toekoms self te kies of hulle 'n republiek òf republieke òf Dominiums wil wees. Dan moet hy natuurlik dieselfde reg van die Unie vandag erken.

Suid-Afrika moet ag hierop slaan. Die twee stellings is vir hom van die grootste belang, nl.: *sy vrye wettige reg om sy toekoms op konstitusionele gebied self te bepaal soos dit van Indië voorgehou word en soos Eire dit beoefen het*, en: *sy belang daarby om met die oog op sy eie vraagstukke 'n republiek te word wat dan as aparte staat kan saamwerk, ekonomies en andersins, met Brittanje en die ander state* sonder dat hy inwendig geraak kan word deur hul standpunte en besluite wat sy eie bevolking en landsbestuur skade mag aandoen.

6 Junie 1947

Geset in 10 op 12pt Times Roman
Gedruk en gebind deur
Nasionale Handelsdrukkery Beperk,
Elsiesrivier, Kaap

Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), aan die U.O.V.S., het aan die begin van 1971 tot stand gekom. Hierdie Instituut is tans die enigste in sy soort in Suid-Afrika.

In die moderne kluise van die Instituut se argief word daar reeds 'n groot aantal dokumenteversamelings gehuisves, waaronder dié van verskeie politieke partye en ander organisasies, 'n voormalige goewerneur-generaal en 'n eerste minister, verskeie ministers, volksraadslede, senatore, provinsiale raadslede, leiers op talle ander terreine en persone wat uit hoofde van hul belangstelling in die geskiedenis baie waardevolle stukke deur die jare versamel het.

Onder die skenkers is nie net verteenwoordigers van byna al die bestaande politieke partye in die land nie, maar ook van talle reeds ontbinde partye en groepe soos die Ossewa-Brandwag, Nuwe Orde, Gryshemde, Nasionale Konserwatiewe Party, Afrikanerparty, ensovoorts.

Die Instituut stel homself nie slegs in op politieke geskiedenis nie, maar ook op ekonomiese, maatskaplike, opvoedkundige en kulturele geskiedenis. Verder bied INEG aan verskeie studierigtings of vakdissiplines die geleentheid om op raakpunte mekaar aan te vul en word daar ook gesorg vir agtergrond en perspektief in navorsing.

Brandpunte-reeks

Gebeure en reaksies op gebeure wat agterna blyk dat hulle 'n belangrike invloed op die historiese verloop van sake gehad het, kan met reg ‚brandpunte' genoem word. Sulke ‚brandpunte' is gedokumenteer in 'n verskeidenheid van Suid-Afrikaanse bronne: lesersbriewe, berigte, artikels, hofverslae, Hansard, verslae van kommissies, boeke, toesprake, pamflette, skripsies. Uit sulke bronne word 'n stel afgeronde publikasies – die *Brandpunte-reeks* – aangebied.

Brandpunte
onder redaksie van dr. Dian Joubert
Die eerste titels is:

1 **Teer-en-Veer in 1932**
Rondom die Lamont-saak

2 **Toe Witmense Arm Was**
Uit die Carnegie-verslag 1932

3 **Oorlogsverklaring 1939**
Drama in die Volksraad

4 **Die Naturelle-grondkwessie**
Uit die Volksraadsdebat 1936

Tafelberg